

'n Kritiese analise van die visuele diskoers oor gender in *SA Sports Illustrated*

deur

Mandie Brandt

ter gedeeltelike vervulling van die graad

Magister Artium

in die

Fakulteit Geesteswetenskappe

aan die

Universiteit van Pretoria

Studieleier: Prof. A. Carstens

April 2010

DANKBETUIGINGS

'n Spesiale dank aan my studieleier, prof. Adelia Carstens. Sonder u sou hierdie droom nooit kon realiseer nie. Dit was 'n voorreg om onder u kundige leiding hierdie studie aan te pak en dankie dat u my passie vir sport en die media ondersteun. Ook aan my gesin en vriende vir hul volgehoue bystand. 'n Laaste dankie aan my atletiekafrigter wat altyd in my glo.

ABSTRAK

Dit is 'n goedgegedokumenteerte feit dat stereotipering van sportvroue allerlei skadelike gevolge vir hierdie vroue het: professioneel en fisiek sowel as geestelik en emosioneel. Die doel van hierdie studie was om die aard en intensiteit van gendersubjektiviteit in die visuele afbeeldings van sportvroue in die tydskrif *SA Sports Illustrated* te beskryf, en om aan te toon dat 'n kritiese, visueel-grammatiese analise belangrike waarde het om dominante ideologieë uit te wys en te bestry. Kwalitatiewe en kwantitatiewe ondersoekmetodes is gebruik, te wete 'n kritiese diskoersanalise deur gebruikmaking van elemente van Kress & Van Leeuwen (1996) se visuele grammatika, en 'n vraelysondersoek wat sportmans- en sportvroue se persepsies toets oor stereotipering in dieselfde datakorpus. 'n Model is in matriksformaat opgestel waarin die belangrikste dimensies of subkonstrukte van stereotipering geïdentifiseer is en gekoppel is aan visueel uitbeeldbare eienskappe van sportvroue (konstrukteienskappe). Daarna is visueel-grammatiese elemente geïdentifiseer wat reëlmatig in sportfoto's as tekens optree om die konstrukteienskappe te vergestalt. Die kritiese analise het behels dat die navorser 'n steekproef van 13 foto's van sportvroue uitgebreid beskryf volgens die model. Vervolgens is 'n vraelys opgestel ten einde vas te stel in welke mate sportstudente se persepsies oor stereotipering ooreenstem met die bevindinge van die navorser op grond van haar kritiese analise. Die vraelysitems is geformuleer deur relevante konstrukteienskappe in die formaat van likertskale by elke foto te operasionaliseer. Die bevinding van die kritiese analise, gebaseer op die visuele grammatika (met gebruikmaking van hoofsaaklik vektor-analise) was dat vyf van die 13 foto's (38.5%) sportvroue 'positief stereotipeer', dit wil sê as ATLETIES. In die oorblywende agt foto's (61.5%) word die sportvrou deur middel van die foto negatief gestereotipeer, onderskeidelik as HOMOSEKSUEEL, MODEL, VERLOORDER en SEKSOBJEK. Die resultate van die vraelysondersoek ondersteun die kritiese analise tot 'n hoë

mate, deurdat die respondente se oordeel in bykans 75% van die gevalle met dié van die navorser ooreenstem: in al die gevalle waarby die navorser se analise positiewe stereotipering uitgewys het, het die respondente se antwoorde ook op 'n uitbeelding as ATLETIES gedui, en by sewe uit die agt foto's wat deur die navorser as negatief stereotiperend beskou is, het die response van die sportstudente ook negatiewe stereotipes gekonstrueer. Die respondente se oordeel oor negatiewe stereotipering het in gemiddeld 69% van die gevalle ooreengestem met die navorser se kategorisering. Die konstrukeienskap 'liggaamsbou' (77.4%) het die grootste bydrae gelewer tot respondente se identifisering van negatiewe stereotipering van die sportvrou, gevolg deur die uitbeelding van 'kleredrag' (75%). Die wyse waarop die sportvrouens se 'liggaamshouding' (61%) en 'gesigsuitdrukking' (60.5%) uitgebeeld is, het ook 'n beduidende invloed gehad op die negatiewe stereotipering. Die belangrikste gevolgtrekkings wat uit die studie gemaak kan word, is dat sportvroue oorwegend negatief gestereotipeer word in *SA Sports Illustrated*, en dat 'n visuele grammatika belangrike heuristiese waarde het om die eienskappe van visuele subjektiwiteit in visuele uitbeeldings van sportvroue in die media te identifiseer. Sodoende kan skadelike mediadiskoerse ontmasker word.

SLEUTELTERME

- Sport en gender
- Sportvroue
- Sosio-semiotiek
- Kritiese diskoersanalise
- Gender(rol)stereotipering in sport
- Genderongelykheid
- Genderideologieë
- Genderrolle
- Visuele grammatika
- Vektoranalise

ABSTRACT

It is a well-documented fact that the stereotyping of sportswomen has various negative effects on these women, professionally and physically, as well as mentally and emotionally. The purpose of this study was to describe the nature and intensity of gender subjectivity in the visual portrayal of sportswomen in the *SA Sports Illustrated*-magazine, and to determine the value of a critical, visual-grammatical analysis in identifying and opposing dominant ideologies. Both qualitative and quantitative research methods were employed, namely a critical discourse analysis drawing on elements from Kress & Van Leeuwen's (1996) visual grammar, as well as a questionnaire survey testing how sportsmen and women themselves perceived the occurrence of stereotyping within the same body of data. The most important subconstructs of stereotyping (construct dimensions) were identified and linked to visually measurable qualities in sportswomen (construct qualities). Thereafter, visual-grammatical elements regularly occurring in sports photographs were identified as visual signs embodying these construct qualities. The critical analysis required the researcher to extensively describe a test sample of 13 photographs of sportswomen according to the visual-grammatical elements in question. A questionnaire was subsequently drafted with the purpose of establishing to what extent sport students' perceptions of stereotyping agree with the researcher's findings based on her critical analysis. The questionnaire items were formulated by operationalising the relevant construction elements in the form of likert scales accompanying every photograph. What the critical analysis found, based on the visual grammar (incorporating mainly vector analysis) was that five of the 13 photographs (38.5%) 'positively stereotype' sportswomen, that is, as ATHLETIC. In the remaining eight photographs (61.5%) the sportswoman, as depicted in the photograph, is negatively stereotyped, either as HOMOSEXUAL, MODEL, LOSER or SEX OBJECT. The results of the questionnaire survey to a high degree support the

critical analysis, to the extent that the evaluations of the respondents agree with that of the researcher in almost 75% of the cases: in those cases where the researcher's analysis pointed out examples of positive stereotyping, the respondents' answers also evaluated the portrayals as ATHLETIC, and with seven of the eight photographs that the researcher categorised as examples of negative stereotyping, the respondents' reactions constructed negative stereotypes as well. In an average of 69% of the cases, the respondents' judgement on negative stereotyping agreed with the researcher's categorisation. The construction element 'build' (77.4%) played the most significant role in respondents' identification of negative stereotyping of the sportswoman, followed by the depiction of 'dress' (75%). The way in which sportswomen's 'body posture' (61%) and 'facial expression' (60.5%) were portrayed, also had a significant influence on negative stereotyping. The most important conclusions that could be drawn from this study, were that sportswomen are predominantly stereotyped negatively in *SA Sports Illustrated*, and that a visual grammar has important heuristic value in identifying the qualities of visual subjectivity in visual portrayals of sportswomen in the media. In doing so, harmful media discourses can be exposed.

KEY TERMS

- Gender in sport
- Women in sport
- Social semiotics
- Critical discourse analysis
- Gender stereotyping in sport
- Gender inequality
- Gender ideology
- Gender roles
- Visual grammar
- Vector analysis

LYS VAN TABELLE

Tabel 1: Publikasie en lesersdata ten opsigte van sporttydskrifte in Suid-Afrika	4
Tabel 2: Visueel semiotiese kategorie: Vektore	46
Tabel 3: Visueel semiotiese kategorie: Perspektief	47
Tabel 4: Visueel semiotiese kategorie: Aansig	48
Tabel 5: Visueel semiotiese kategorie: Voor- en agtergrond	49
Tabel 6: Visueel semiotiese kategorie: Figuurkomposisie	50
Tabel 7: Visueel semiotiese kategorie: Foto-uitleg	52
Tabel 8: Voorbeeld uit die vraelys (vraag 1.1-1.5)	56

LYS VAN FIGURE

Fig. 5.1	Foto 1 met vektor-analise: Martha Silva (<i>SA Sports Illustrated</i> , Feb. 2004:2)	60
Fig. 5.2	Foto 2 met vektor-analise: Michelle Wie (<i>SA Sports Illustrated</i> , Maart 2004:26)	62
Fig. 5.3	Foto 3 met vektor-analise: Serena Williams (<i>SA Sports Illustrated</i> , Julie 2004:27)	64
Fig. 5.4	Foto 4 met vektor-analise: Hestrie Cloete (<i>SA Sports Illustrated</i> , Okt. 2004:28)	66
Fig. 5.4b	Foto van Mbulaeni Mulaudzi (<i>SA Sports Illustrated</i> , Okt. 2004:29)	67
Fig. 5.5	Foto 5 met vektor-analise: Serena Williams (<i>SA Sports Illustrated</i> , Nov. 2004:37)	68
Fig. 5.6	Foto 6 met vektor-analise: Amiria Marsh (<i>SA Sports Illustrated</i> , Okt. 2005:39)	70
Fig. 5.7	Foto 7 met vektor-analise: Silvia Cavalleri (<i>SA Sports Illustrated</i> , Okt. 2006:20)	72
Fig. 5.8	Foto 8 met vektor-analise: Derval O'Rourke (<i>SA Sports Illustrated</i> , Okt. 2006:26)	74
Fig. 5.9	Foto 9 met vektor-analise: Maria Sharapova (<i>SA Sports Illustrated</i> , Nov. 2006:26)	76
Fig. 5.10	Foto 10 met vektor-analise: Maria Sharapova (<i>SA Sports Illustrated</i> , Jul. 2007:22)	78
Fig. 5.11	Foto 11 met vektor-analise: Reiko Tosa (<i>SA Sports Illustrated</i> , Nov. 2007:179)	80
Fig. 5.12	Foto 12 met vektor-analise: Andreea Grigore (<i>SA Sports Illustrated</i> , Jan. 2008:25)	82
Fig. 5.13	Foto 13 met vektor-analise: Maria Sharapova (<i>SA Sports Illustrated</i> , Jan. 2008:28)	84
Fig. 5.14	Foto's wat die konstrukdimensie ATLETIES verteenwoordig	86
Fig. 5.15	Foto's wat die konstrukdimensie HOMOSEKSUEEL verteenwoordig	87
Fig. 5.16	Foto's wat die konstrukdimensie VERLOORDER verteenwoordig	87
Fig. 5.17	Foto wat die konstrukdimensie MODEL verteenwoordig	88
Fig. 5.18	Foto wat die konstrukdimensie SEKSOBJEK verteenwoordig	89

Fig. 6.1	Oorsiggrafiek: Persentasie response wat dui op stereotiperende uitbeelding van die konstrukdimensies volgens die konstrukeienskappe	91
Fig. 6.2	Foto's wat die konstrukdimensie ATLETIES verteenwoordig	93
Fig. 6.3	Foto's wat die konstrukdimensie HOMOSEKSUEEL verteenwoordig	94
Fig. 6.4	Foto's wat die konstrukdimensie VERLOORDER verteenwoordig	95
Fig. 6.5	Foto wat die konstrukdimensie MODEL verteenwoordig	96
Fig. 6.6	Foto wat die konstrukdimensie SEKSOBJEK verteenwoordig	97
Fig. 6.7	Persentasie response wat dui op die stereotipiese uitbeelding van die konstrukdimensie volgens die konstrukeienskap 'liggaamsbou'	99
Fig. 6.8	Persentasie response wat dui op die stereotipiese uitbeelding van die konstrukdimensie volgens die konstrukeienskap 'liggaamshouding'	100
Fig. 6.9	Persentasie response wat dui op die stereotipiese uitbeelding van die konstrukdimensie volgens die konstrukeienskap 'kleredrag'	101
Fig. 6.10	Persentasie response wat dui op die stereotipiese uitbeelding van die konstrukdimensie volgens die konstrukeienskap 'gesigsuitdrukking'	102
Fig. 6.11	Persentasie response per geslag wat dui op stereotiperende uitbeelding van die konstrukdimensie HOMOSEKSUEEL	105
Fig. 6.12	Persentasie response per geslag wat dui op stereotiperende uitbeelding van die konstrukdimensie VERLOORDER	108
Fig. 6.13	Persentasie response per geslag wat dui op die stereotipering van die konstrukdimensie SEKSOBJEK	111
Fig. 6.14	Foto 6: Mees verteenwoordigend van konstrukdimensie HOMOSEKSUEEL	115
Fig. 6.15	Foto 11: Mees verteenwoordigend van konstrukdimensie VERLOORDER	116
Fig. 6.16	Foto 13: Mees verteenwoordigend van konstrukdimensie ATLETIES	118

INHOUDSOPGAWE

Dankbetuigings	i
Abstrakte	ii
Sleutelterme	iv
Abstract	v
Key terms	vii
Lys van tabelle	viii
Lys van figure	ix
 HOOFSTUK 1: INLEIDING	 1
1.1 Oorhoofse doel	1
1.2 Rasionaal en agtergrond	1
1.2.1 Sosio-sielkundige gevolge van genderrolstereotipering in die sportmedia	2
1.2.2 Die Suid-Afrikaanse sportmedia	3
1.2.3 Navorsingskripsie vir die BA Honneursgraad	4
1.2.4 Persoonlike ervaring	6
1.3 Ander gepubliseerde studies	6
1.3.1 <i>Sports Illustrated</i>	6
1.3.2 Dagblaaie	7
1.3.3 Ander sportmedia	8
1.4 Navorsingsvrae	9
1.5 Doelstellings	10
1.6 Metodologie	11
1.7 Etiese oorwegings	12
1.8 Vooruitskouing	12

HOOFSTUK 2: SPORT EN GENDER	13
2.1 Inleiding	13
2.2 Kort geskiedenis van gender(on)gelykheid in sport	13
2.3 Dimensies van visuele subjektiwiteit in die sportmedia	16
2.4 Genderideologieë en stereotipes in sport	18
2.4.1 Diskrepansie: Fisies sterk, maar vroulik	18
2.4.2 Die skoonheidsmite	19
2.4.3 Homofobie	20
2.5 Liggaamsbeeld, selfbeeld en dieetsiektes	21
2.5.1 Liggaamsbeeld	21
2.5.2 Die media se ideale liggaamsbeeld	23
2.5.3 Eetversteurings	24
HOOFSTUK 3: KRITIESE DISKOERSANALISE (KDA)	25
3.1 Inleiding	25
3.2 Kritiese Diskoersanalise	25
3.2.1 Agtergrond	25
3.2.2 Kernkonsepte in KDA	26
3.2.3 Interdissiplinariteit in KDA	32
3.3 Sistemies Funksionele Grammatika	33
3.4 Multimodale diskoersanalise	35
3.4.1 Inleiding	35
3.4.2 Sosio-semiotiek	36
3.4.3 Fotografie as sosio-semiotiese medium	40
3.5 Bespreking van Kress en Van Leeuwen (1996) se visuele grammatika	43

HOOFSTUK 4: METODOLOGIE	53
4.1 Inleiding	53
4.2 Materiaal/ondersoekkeenhede	53
4.3 Kwalitatiewe analise	53
4.4 Kwantitatiewe vraelysondersoek	54
4.4.1 Data-insameling	54
4.4.2 Respondente	56
4.4.3 Data-analiseringsproses	57
 HOOFSTUK 5: KWALITATIEWE ANALISE	 59
5.1 Inleiding	59
5.2 Metode	59
5.3 Resultate	60
5.4 Gevolgtrekking	85
5.4.1 Positief stereotiperend	85
5.4.2 Negatief stereotiperend	86
 HOOFSTUK 6: KWANTITATIEWE ANALISE	 90
6.1 Inleiding	90
6.2 Resultate	90
6.2.1 Demografiese besonderhede	90
6.2.2 Opsomming van die data	91
6.3 Interpretasie van die oorsiggrafiek	92
6.3.1 Die positief stereotiperende dimensie: ATLETIES	93
6.3.2 Die negatief stereotiperende dimensies	94
6.3.3 Opsommend: persentasie response in terme van konstrukdimensies	97

6.4 Bespreking van die persentasie response per konstrukeienskap	98
6.4.1 Opsommend: Persentasie response in terme van konstrukeienskap	103
6.5 Die moontlike invloed van geslag, vlak van deelname en Sportsoort	104
6.5.1 Die negatief stereotiperende dimensies	104
6.5.2 Die positief stereotiperende dimensie	113
6.6 Gevolgtrekking	115
6.6.1 Die negatief stereotiperende dimensies	115
6.6.2 Die positief stereotiperende dimensie	118
6.6.3 Opsommend	119
HOOFSTUK 7: SLOT	120
7.1 Inleiding	120
7.2 Opsomming van gevolgtrekkings	120
7.3 Beperkings en tekortkominge	122
7.4 Aanbevelings en toepassing	123
VERWYSINGS	126
Bylaag A: Voorbeeld van die vraelys	134

HOOFSTUK 1: Inleiding

1.1 Oorhoofse doel

Hierdie ondersoek fokus op die visuele uitbeelding van sportvroue. Die hoofdoel van die studie is om insig te gee in die verhouding tussen die visuele uitbeelding van sportvroue in die Suid-Afrikaanse tydskrifmedia, spesifiek *SA Sports Illustrated*, en moontlike genderrolstereotipering wat daardeur bevestig, geskep en voortgesit word. Daar word ook klem geplaas op die negatiewe uitwerking wat hierdie diskoers op Suid-Afrikaanse sportvroue het.

1.2 Rasionaal en agtergrond

Genderverhoudings is een van die sentrale navorsingsonderwerpe in die bestudering van die sportmedia. Die fokus van navorsing op die gebied van gender en sport berus hoofsaaklik op die gendersubjektiewe uitbeelding van sportvroue in die media (Boutillier & SanGiovanni 1983; Cavender 2003; Coakley 1994, 1998, 2003; Creedon 1994; Deaux & Kite 1993; Hargreave 1994; Hargreave 1997; McGinnis, Chun & McQuillan 2003; Oglesbly 1978; Van Zoonen 1994). Die Vrouebeweging (1970), die hersiening van nasionale wetgewing in lande soos die VSA (Titel IX:1972), gendergeoriënteerde ontwikkelingsinisiatiewe, asook oefen- en motiveringsprogramme wat gerig is op die opheffing van vrouesport, het daartoe bygedra dat vroue vandag vrylik, met enkele uitsonderings, aan bykans alle sportsoorte kan deelneem. Gendergelykheid vir vroue in sport word ook binne die Suid-Afrikaanse konteks as een van die regering se nasionale prioriteite beskou (SRSA 2003:3). Volgens die genoemde beleid behoort die Suid-Afrikaanse sportmedia, as kern en toonbeeld van SA Sport en Rekreasie, krities in dié verband geëvalueer te word (SRSA 2003:15).

Hierdie studie word veral gemotiveer deur:

- die negatiewe sosio-sielkundige gevolge wat genderrolstereotipering in die sportmedia tot gevolg het, en die noodsaaklikheid daarvan om hierdie gevolge uit te wys;
- internasionale navorsing oor genderrolstereotipering in die sportmedia, waaruit voortgesette navorsing gemotiveer kan word;
- plaaslike navorsingsleemtes ten opsigte van die visuele diskoers oor gender;
- 'n voorlopige ondersoek deur die navorser, wat vervat is in 'n skripsie vir die BA Honneursgraad;
- persoonlike ervaring as sportvrou, sportorganiseerder en vryskutjoernalis.

1.2.1 Sosio-sielkundige gevolge van genderrolstereotipering in die sportmedia

Sportvroue kon tot onlangs slegs aan sekere sportsoorte deelneem, onder andere aangesien hulle as sielkundig ongeskik vir bepaalde sportsoorte gereken is, en as onvroulik en onaantreklik beskou is indien hulle aan bepaalde sportsoorte deelneem of omdat kompeterende sportdeelname in stryd was met stereotipiese verwagtingspatrone rondom vroulike seksualiteit en vroulike optrede (Houlihan 2003:90). Stereotipiese verwagtingspatrone sluit in: 'n bepaalde fisiese profiel ('n perfekte bolyf, heupe, haarstyl, gelaatstrekke; plankdun) én 'n bepaalde sosiale profiel (vroulike optrede; nie-kontroversiële gedrag, vroulike kleredrag) (Coakley 2003:248; Boutilier & SanGiovanni 1983:21,45). Daarteenoor moet sportvroue egter fisies en geestelik sterk genoeg vir sportdeelname wees.

Dié teenstrydige verwagtinge, naamlik om 'kosmeties' fiks genoeg te wees om media-aandag te kry, en fisies in staat te wees om kompetend deel te neem, veroorsaak dat sportvroue dikwels sielkundig knak en sodoende permanent uit sport tree. Gespieerde sportvroue word ook gedurig gekonfronteer met die etiket 'lesbies' (Boutilier & SanGiovanni 1983:45).

Eetversteurings, gepaardgaande met die gebruik van lakseermiddels, dieetmiddels, urineermiddels, vomering, ooreet of onthoudende diëte asook strawwe oefening verhoog die risiko van toenemende en aanhoudende beserings, asook algemene gesondheidsprobleme (Coakley 2003:248).

Sielkundige probleme onder sportvroue is nie net kommerwekkend aangesien dit fisiese skade kan aanrig nie, maar het ook 'n direkte invloed op die toekoms van vrouesport in die algemeen. Volgens Oglesby (1978:65) het 'n sportvrou se liggaamlike selfbeeld ongetwyfeld ook 'n invloed op die keuse van sportsoort, en in bykans alle gevalle dra 'n oorbeklemtoning van kosmetiese fiksheid by tot 'n afname in deelnemersgetalle (Coakley 2003:249).

Vanuit 'n sosiale oogpunt versterk bogenoemde situasie genderongelykheid, veral die mite dat sport om fisiese redes slegs vir mans geskik is. Verwante navorsing op dié gebied word volledig in afdeling 1.3 beskryf.

1.2.2 Die Suid-Afrikaanse sportmedia

Daar is sover die navorser se kennis strek **nog geen kritiese ontleding van die visuele of tekstuele diskoers oor sportvroue in die Suid-Afrikaanse media gedoen nie**. Die geskiedenis van vrouesport in Suid-Afrika is ook nie grondig gedokumenteer nie (Hargreaves 1997:192).

'n Interessante toedrag van sake is dat die Suid-Afrikaanse tydskrifmark tans nog glad nie voorsiening maak vir enige sporttydskrifte wat spesifiek op sportvroue gerig is nie. In die VSA is daar verskeie tydskrifte, insluitend *Her Sports Magazine*, *Withitgirl* en *Hipcheck Magazine*, wat uitsluitlik op sportvroue en vrouesport gerig is. Hoewel verkoopsyfers waarskynlik die belangrikste rol in die afwesigheid van sodanige tydskrifte in die plaaslike mark speel, sê dit moontlik ook iets oor die beskouing tot sportvroue en vrouesport in Suid-Afrika.

Suid-Afrika se voorste mediagroep, Media 24, versprei slegs ses sporttydskrifte maandeliks of twee-maandeliks, soos in die Tabel 1 aangedui. Nie een van die tydskrifte is spesifiek op vrouesport gerig nie (Naspers 2006:1). *SA Sports Illustrated* het die tweede hoogste sirkulasiesyfer naas die sokkertydskrif *Kick Off SA*:

Tabel 1: Publikasie en lesersdata ten opsigte van sporttydskrifte in Suid-Afrika

TYDSKRIF	SIRKULASIE	DEBUUT	VERSPREIDING	TAAL
<i>Kick Off SA</i>	62, 490	1994	Twee-weekliks	Engels
<i>SA Sports Illustrated</i>	38, 879	1986	Maandeliks	Engels
<i>Golf Digest</i>	25, 872	1995	Maandeliks	Engels
<i>Runner's World</i>	17, 405	1993	Maandeliks	Engels
<i>Bicycling SA</i>	20, 257	2002	Twee-maandeliks	Engels
<i>Zigzag Surfing magazine</i>	16, 437	1976	Maandeliks	Engels

1.2.3 Navorsingskripsie vir die BA Honneursgraad

In 'n navorsingskripsie vir die BA Honneurs in Toegepaste Taalstudie (2005) het die navorser aangetoon dat die tydskrif *SA Sports Illustrated*, spesifiek die rubriek 'The beauty of sport', sportvroue deur middel van teks en beeld stereotipeer op basis van tradisionele gendergebonde rolle, spesifiek as eetbare produkte, ondergewig-modelle, skoonheidskoninginne, modepoppies en seksobjekte. In die analyses is veral op leksikale stereotipering gefokus (vergelyk ook Brandt & Carstens 2005).

Tydens en na afloop van bogenoemde studie het die navorser toenemend tot die besef gekom dat visuele diskoerse genderrolstereotipering op 'n meer subtiële manier bewerkstellig as verbale diskoerse. Hegemonie word makliker tot stand gebring deurdat die visuele grammatika nie 'n binêre sisteem is nie en daar nie 'n 'visuele leksikon' is wat aan 'n ensiklopedie van konvensionele betekenisse gekoppel is nie.

Die magisterstudie sal in die volgende opsigte van die gemelde honneursstudie verskil:

- Datakorpus

Die datakorpus van die honneursstudie was uiters beperk en het slegs een rubriek uit die tydskrif *SA Sports Illustrated*, naamlik 'The beauty of sport', ondersoek. In die magisterstudie word die visuele diskoers (alle afbeeldings) van die fotorubriek van uitgawes van die tydskrif oor 'n tydperk van ses jaar krities geëvalueer.

- Visuele fokus

Die honneursstudie het beide verbale en visuele representasie ondersoek, met die klem op die verbale. In die magisterstudie word die visuele teks ondersoek en wel op basis van Kress en van Leeuwen (1996) se visuele grammatika as grondslag.

- Sportsielkundige en sosio-semiotiese fokus

In die honneursstudie is daar uitsluitlik gebruik gemaak van Kritiese Diskoersanalise (KDA) as filosofiese, analitiese en teoretiese onderbou. In hierdie studie word sielkundige en sosio-semiotiese perspektiewe aanvullend tot KDA gebruik vir die beskrywing en ontleding van die diskoers.

- Metodologiese verskille

Die honneursstudie het 'n suiwer kwalitatiewe ontwerp gevolg en die interpretasie het hoofsaaklik op introspeksie berus. In hierdie studie sal die navorser se primêre interpretatiewe data in verband gebring word met die resultate van 'n meningsopname wat eksperimenteel opgeset is en waarvan die resultate statisties ontleed word.

1.2.4 Persoonlike ervaring

Die navorser se kennis van die sosiale en sielkundige implikasies van gendersubjektiviteit word ondersteun deur haar deelname as kompeterende senior Suid-Afrikaanse 800m- en 1500m-baan- en landloopatleet, as voormalige *NCAA Division 1 All Conference student-athlete (track & field and cross country) (Wichita State VSA 2001)*, as voltydse atletiek- en landlooptdirekteur en middelafrstandafrigter by die Afrikaanse Hoër Meisieskool in Pretoria, asook as middelafrstandafrigter by die Afrikaanse Hoër Seunskool. Die navorser se bewustheid van die bemiddelende rol van die media as visuele kommunikeerder is versterk deur haar joernalistieke agtergrond en ondervinding as vryskut-sportfotograaf vir die dagblad *Beeld* en haar ervaring as sportredakteur vir *Kampus Beeld*, 'n studentebylaag van *Beeld*.

1.3 Ander gepubliseerde studies

1.3.1 Sports Illustrated

'n Navorsingstudie wat 1105 artikels en 1745 foto's uit uitgawes van *Sports Illustrated* (VSA-uitgawe) tussen 1997 en 1999 ondersoek het, toon aan dat sportvroue steeds onderverteenvoordig is en in tradisionele rolle in die nie-sportkonteks uitgebeeld word (Fink & Kensicki 2002). 'n Soortgelyke navorsingstudie wat die visuele diskoers van voorblaaie uit *Sports Illustrated* (VSA-uitgawe) oor 'n tydperk van drie dekades (1957-1989) ingesluit het, toon aan dat sportvroue steeds minder mediablootstelling geniet en meer stereotipes op sporttydskrifte se buiteblaaie uitgebeeld word as sportmans. 'n Studie deur Reid en Soley, wat betrekking het op uitgawes van *Sports Illustrated* (VSA-uitgawe) wat tussen 1956 en 1976 verskyn het, het bevind dat sportvroue persentasiegewys slegs 3.2% blootstelling kry, teenoor 6.9% tydskrifspasie wat aan sportmans gewy word (Reid & Soley 1979:4). Boutilier en San Giovanni se studie (1983:209), het aangetoon dat sportvroue minder as 5% fotopubliseiteit geniet het in die uitgawes van *Sports Illustrated* wat tussen 1954 en 1978 verskyn het. Volgens Kane (1996:7) het hierdie patrone van mediablootstelling nie veel verander sedert die genoemde navorsingstudies nie. Kane (1996:7)

verwys ook na 'n studie van 1991 wat bevind het dat 91% van die inhoud van *Sports Illustrated* (VSA-uitgawe) sportmans en hulle prestasies verteenwoordig.

Die onderrepresentasie van sportvroue in die media is nie slegs beperk tot onderrepresentasie van volwasse sportvroue nie, maar duidelike genderfrekwensie-uitvalle is ook in die weergawes van *Sports Illustrated for kids* (VSA-uitgawe) aanwesig. Die ratio van visuele beeld (foto's) in 'n ondersoek van Duncan en Sayaovong (1990) was 62% seuns teenoor 28% meisies.

Daar word ook in verskeie studies verwys na die feit dat bepaalde sporttipes meer mediablootstelling as ander kry. Daar word in die verband verwys na geslagsgewenste en geslagsongewenste sportsoorte. Janet Parker het in haar ondersoek na vroue in *Sports Illustrated* bevind dat geslagsgewenste sportsoorte en sportvroue wat met hierdie 'voorkeur'-sportsoorte geassosieer word, mediavorkeur en groter blootstelling kry, ongeag die veranderinge aan wetgewing en die implementering van Titel IX in die VSA (Titel IX:1972). Schnell (2006:1) verwys in 'n artikel op die webwerf van die VSA se *Women's sport foundation* na die wyse waarop sportvroue in artikels, visuele uitbeeldings en verslaggewing as seksobjekte, eerder as kompeterende sportindividue, beklemtoon word. Sy verwys na die voorblad van 5 Junie 2000 en die verskeidenheid van foto's van Anna Kournikova wat haar in verskillende seksueel prikkelende modelposisies aan die leser bekendstel.

1.3.2 Dagblaaie

Die representasie van vrouesport en sportvroue in vier Amerikaanse dagkoerante is deur Duncan, Messner & Williams (1991:3) ondersoek en daar is bevind dat vrouesport in die algemeen nie naastenby genoeg mediablootstelling kry nie. Slegs een uit elke 13 foto's beeld 'n sportvrou uit, terwyl 92,3% van al die foto's in die datakorpus mans uitbeeld (Duncan *et al.* 1991:3). Die ooglopende onderrepresentasie van sportvroue ondersteun die gevolgtrekkings van vorige studies en die algemene kritiek dat vrouesport steeds nie genoegsame

mediadekking verwerf nie. Volgens die navorsers moet media-instansies krities ondersoek instel na aspekte soos die rol van die sportredakteur in die besluitneming oor watter sportsoorte publisiteit geniet asook die etiese verantwoordelikheid van joernaliste om stories ten volle te dek. Besluitneming is dikwels ten gunste van verkoopsyfers en teenstrydig met die werklike belangstelling van die lesers en die potensiële lesersmark (Duncan *et al.* 1991:9-10).

Die onderrepresentasie van sportvroue, spesifiek in koerantfotojoernalistiek, is ook bevestig. In 'n frekwensietelling-ondersoek van die sportseksie in die dagkoerante *Los Angeles Times* en *Washington Post*, is bevind dat slegs 6% van foto's wat in die sportseksie van die genoemde koerante verskyn, aan vrouesport toegestaan is (Duncan *et al.* 1991:8).

1.3.3 Ander sportmedia

Ongelykheid met betrekking tot gender-representasie is nie slegs beperk tot die tydskrif *Sports Illustrated* nie. 'n Studie wat die tydskrifte *Runner's World*, *Sport* en *Tennis* (uitgawes 1979-1980) ondersoek het, het die onderrepresentasie van sportvroue bevestig (Duncan *et al.* 1991:8). Hulle navorsing toon aan dat slegs 17% van die totale ruimte wat in die tydskrif aan sportpersoonlikhede afgestaan word, sportvroue insluit. Die studie het ook koerante ondersoek wat gedurende dieselfde tydperk verskyn het, en bevind dat slegs 4.4% van die sportseksie vrouesport dek (1991:4).

Nog 'n vergelykbare studie is in 2004 deur die Eenheid vir Gendergelykheid in Ysland geloods. Die studie, wat bekend staan as die SMS-projek (*Sport, media and stereotypes*), het vyf Europese lande betrek. Die mees radikale gevolgtrekking van die studie was die klaarblyklike afwesigheid van sportvroue en vrouesport in die Europese sportnuus. Uit elke vyf sportstories is vier eksklusief aan sportmans gewy. Slegs vroue wat aan tradisioneel 'vroulike' sportsoorte deelneem, byvoorbeeld gimnastiek en tennis, het media-blootstelling

verwerf. Sportvroue word ook selde in spansporte uitgebeeld.

Verdere bevindinge sluit in dat manlike joernaliste vroulike joernaliste oorskadu, en om dié rede word die media se waardes en norme beskryf as 'gelaai met manlike waardes en norme' - 'n tendens wat uiting vind in die beklemtoning van tradisionele stereotipes (*Centre for gender equality* 2006:1-21). 'n Beroep word op joernaliste gedoen om sportvroue nie as seksobjekte te probeer 'verkoop' deur aanhoudende klem te plaas op tradisionele genderrolle en stereotipes as teenvoeter vir onderrepresentasie nie. Spesiale aandag behoort eerder geskenk te word aan oplossings om die mediastatus van vrouesporte te verhoog deur beheer uit te oefen oor die media, sportinstellings en atlete (*Centre for gender equality* 2006:21).

Dit is opvallend uit genoemde studies dat die aard en omvang van die representasie van sportvroue in die media opmerklik onveranderd gebly het, selfs na die instelling van Titel IX (Kane 1996:7). Konstante klem in die visuele media op uiterlike skoonheid as voorvereiste vir mediablootstelling verhinder gendergelykheid in die sportwêreld (Schell 2006:2). Dit wek kommer aangesien die beeld uitgestraal word dat sportvroue nie kompetender deelneem nie, of geheel en al afwesig is van die sportarena (Kane 1996:9).

1.4 Navorsingsvrae

Die studie word deur die volgende navorsingsvrae onderlê:

1. Hoe kan die uitbeelding van sportvroue in die media sistematies beskryf word?
2. Hoe ervaar sportmans en sportvroue die visuele uitbeelding van sportvroue in die media?
3. Is visuele diskoersanalise 'n betroubare metode om genderrolstereotipering te voorspel?

1.5 Doelstellings

Die oorkoepelende doel van hierdie studie is om visuele diskoerse oor sportvroue in die Suid-Afrikaanse glanssporttydskrif met die grootste omset in Suid-Afrika, te wete *SA Sports Illustrated*, krities te beskryf. Verder om die diskoerse te evalueer met die oog daarop om gevolgtrekkings te maak rondom die rol van die media in die bevestiging, versterking en selfs skepping van gender(on)gelykheid ten opsigte van sportmans en sportvroue.

Spesifieke doelwitte is om

- die aard en intensiteit van gendersubjektiviteit in visuele afbeeldings van sportvroue in *SA Sports Illustrated* te bepaal deur 'n Kritiese Diskoersanalise met behulp van die visuele grammatika en die sosio-semiotiese benadering van Kress & Van Leeuwen (1996);
- sportmans- en sportvroue se persepsies oor die stereotipering van sportvroue in die media via 'n meningsopname te elisiteer;
- die resultate van die diskoersanalise in verband te bring met die resultate van die meningsopname, en gevolgtrekkings te maak oor die voorspellende waarde van 'n kritiese visuele grammatika.

Die eerste doelwit behels hoofsaaklik **beskrywing** (vgl. Korzilius 2000:44). Die tweede doelwit impliseer ook beskrywing, naamlik deur die elisitering van sportmans en sportvroue se persepsies oor die visuele uitbeelding van sportvroue in die media. Die derde navorsingsdoelwit is **evaluerend** van aard, deurdat dit die heuristiese waarde van 'n bepaalde analise-instrument – die visuele grammatika van Kress en Van Leeuwen (1996) – beoordeel.

1.6 Metodologie

Die ondersoek is gerig op die verhouding tussen diskoerse as sosiale konstrunkte en hulle semiose deur middel van visuele beelde in die media. Ten einde die navorsingsvrae te beantwoord, word 'n interpretatiewe en empiries-analitiese benadering gevolg (vgl. Korzilius 2000:4-10). Die wetenskapsteoretiese benadering is sowel **interpretatief** as **empiries-analities** deurdat data volgens die navorser se geïnternaliseerde kennis van die paradigma aan die hand van die visuele grammatika geanaliseer, geïnterpreteer en gekategoriseer word, en deurdat die primêre data oor genderrolstereotipering deur middel van vraelyste ingesamel en statisties ontleed word ten einde die persepsies van sportdeelnemers te beskryf.

Die aard van die ondersoekgegevens is sowel **kwalitatief** as **kwantitatief**. Die navorser se kwalitatiewe navorsing behels analise, interpretasie en kategorisering van die geselekteerde visuele diskoers aan die hand van 'n konseptuele model, wat gebaseer is op Kress & Van Leeuwen (1996) se sosio-semiotiese benadering. Kwantitatiewe data sal sistematies versamel word deur gebruik te maak van vraelyste, en die bevindinge sal gekwantifiseer word as frekwensies, persentasies en gemiddeldes.

Die **navorsingsproses** is hoofsaaklik **deduktief** deurdat 'n bepaalde teoretiese raamwerk aan die hand van data-analise getoets sal word.

Die **werkswyse** is enersyds dié van **KDA**, en andersyds dié van 'n **meningsopname** ('survey'). Die resultate van die kwalitatiewe en die kwantitatiewe navorsing sal met mekaar in verband gebring word.

1.7 Etiese oorwegings

Alle etiese aspekte en implikasies van die navorsing, soos van toepassing op die vraelysondersoek, asook die etiese verantwoordelikheid van die navorser (Babbie & Mouton 2003) ten opsigte van die navorsingsproses en die respondente (Brown 2004) word in ag geneem en toegepas in die studie. Die respondente het 'n ingeligte toestemmingsbrief onderteken en die betrokke Departementshoof (prof. E. Krüger) en die Studentedekaan (prof. M. Speckman) het toestemming gegee dat die vraelysondersoek in die institusionele konteks uitgevoer mag word. Respondente se regte is ten alle tye in ag geneem, soos gestipuleer in die ingeligte toestemmingsbrief (Bylaag A). Die navorser het gepoog om objektief te bly, tydens die analise van data, wat aan die hand van 'n teoreties (literatuur-) gefundeerde grammatika geanaliseer word.

1.8 Vooruitskouing

In **hoofstuk 2** word **Sport en gender** as dimensie van visuele subjektiwiteit, asook gepaardgaande genderideologieë en stereotipes en die gevolge daarvan vir sportvroue bespreek. In **hoofstuk 3** word **KDA**, asook die sosio-kognitiewe dimensies en interdisiplinêre karakter van KDA bespreek. **Hoofstuk 4** beskryf die **metodologie** vir die data-analise. **Hoofstuk 5** sluit die **kwalitatiewe data-analise, bevindinge en bespreking** in en **hoofstuk 6** die **kwantitatiewe studie**, waarop die **slothoofstuk (hoofstuk 7)** volg.

HOOFSTUK 2: Sport en Gender

2.1 Inleiding

In hoofstuk 1 is aangedui dat die rasionaal van hierdie studie (afdeling 1.2) onder andere gesetel is in die kommer wat bestaan oor die omvang en aard van visuele publisiteit wat sportvroue in die media geniet (Boutillier & SanGiovanni 1983; Cavender 2003; Coakley 1994, 1998, 2003; Creedon 1994; Deaux & Kite 1993; Hargreave 1994; 1997; McGinnis, Chun & McQuillan 2003; Oglesby 1978; Szabo 2001; Van Zoonen 1994). Die studies word verder gemotiveer deur na die sosio-sielkundige gevolge (afdeling 1.2.1) van genderrolstereotipering in die media (afdeling 1.2.1, 1.2.2 en 1.3) te verwys. In hierdie hoofstuk sal die geskiedenis van gender(on)gelykheid, die dimensies van visuele subjektiwiteit, genderideologieë en die gevolge vir sportvroue en hul sportloopbane in verdere besonderhede bespreek word.

2.2 Kort geskiedenis van gender(on)gelykheid in sport

Die definisie van **gender**, soos van toepassing in hierdie studie, behels die geantisipeerde fisiese en persoonlikheidskenmerke en gedrag van 'n persoon op grond van geslagsoorsprong (Hargreave 1994:147). Geslagsverskille verwys na die biologiese verskille tussen mans en vrouens (Szabo 2001:2). Die biologiese man of vrou ervaar egter dikwels sosiale druk om 'n tradisionele of konvensionele beeld uit te straal, wat stereotipes met manlikheid of vroulikheid geassosieer word. Hierdie verwagte optrede verteenwoordig 'ongeskrewe' sosiale norme wat van kultuur tot kultuur verskil en oor tyd heen verander. Mans en vroue vervul inderdaad verskillende rolle of sosiale funksies in 'n samelewing en hierdie rolle word 'genderrolle' genoem (Szabo 2001:2). Bem (in Szabo 2001:2) definieer genderrolle as eienskappe wat deur individue openbaar word en nie noodwendig binêr is nie.

Alhoewel vroue vir bykans vier dekades kompetierend aan sport deelneem, het navorsing getoon dat daar steeds op verskeie vlakke teen sportvroue, ook deur middel van mediablootstelling, gediskrimineer word (Cavender 2003; Creedon 1994; Hargreave 1994; Jarvis 2006; McGinnis et al. 2003).

Volgens Schneider (2000:124) is stereotipiese ideale vir die sportvrou se liggaam reeds so vroeg as die antieke Olimpiese Spele gestel, bv. sagtheid, grasia, kwesbaarheid en skoonheid. Sedert die vroeë jare van vroue se deelname aan sport is daar klem gelê op 'kosmetiese fiksheid' (Coakley 1994:209). Voor 1970 kon vroue aan slegs 'n beperkte aantal sportsoorte kompetierend deelneem, aangesien daar bloot nie spanne en programme was wat vir vrouesport voorsiening gemaak het nie. Die Vrouebeweging (1972), asook die Gesondheids- en Fiksheidsbeweging in die VSA, het bygedra tot wetswysiging (Titel IX:1972) en die totstandkoming van nuwe organisasies en ontwikkeling van programme wat vrouesport bevorder en ondersteun. Dit het wel toenemende mediablootstelling vir sportvroue en groeiende deelnemersgetalle tot gevolg gehad (Coakley 1994:209). Gedurende die 1970's het vrouedeelname aan sport geleidelik toegeneem as gevolg van georganiseerde sportprogramme, motiveringsprogramme wat gerig is op die opheffing van vrouesport, die wysiging van nasionale wetgewing in die VSA (Titel IX:1972) en sowel die Gesondheids- en Fiksheidsbeweging as die Vrouebeweging (Coakley 1994:209). Die diskoers van die 1980's verskuif egter na 'n diskoers van sosiale aanvaarding. Sportdeelname word 'n middel om gewig te verloor en vir die teenoorgestelde geslag seksueel aantreklik te wees (Coakley 1994: 213). As gevolg van 'n preokkupasie met fisiese aantreklikheid begin talle sportvroue sportsoorte soos swem vermy, omdat hulle ongemaklik in swemklere voel sodra hulle spiermassa ontwikkel (Mathes in Oglesby 1978:65). In die postmoderne diskoers van die 1990's en daarna, wat aangevuur is deur gemengde boodskappe in die media, word kompetisie en fisiese krag aan die een kant beklemtoon, en aan die ander kant word sukses met 'n plankdun figuur, kwesbaarheid en sensualiteit verbind.

Vroue word toenemend bewus van hulle fisiese voorkoms, hul kleredrag en sosiale aanvaarbaarheid (Coakley 1994:213).

Gendergelykheid (ook ten opsigte van vrouesport) is vandag steeds in die meeste Westerse lande se konstitusies verskans. In die **VSA** neem meer as twee miljoen Amerikaanse meisies aan interskolesport deel. Voor die wysing van wetgewing en die instelling van Titel IX, het die syfer op slegs 300 000 gestaan. Op interuniversitêre vlak is een derde van alle sportdeelnemers vroulik, teenoor slegs vyftien persent in die vroeë 1970's. Die groeiende deelname onder vroue het ook veranderende houdings teenoor sport meegebring. In **Toronto (Kanada)** is 'n sportsimposium vir vroue deur die Kanadese Assosiasie ten bate van die bevordering van vrouesport en fisiese aktiwiteit in samewerking met Nike Kanada Bpk. in 1999 aangebied. Nasionale sportvroue en verteenwoordigers van sportorganisasies, -unies en die media is by die simposium betrek en het bevind dat sportvroue groter blootstelling in die media moet geniet. Daar is besluit dat 'n mediakomitee, verantwoordelik vir blootstelling van vroulike atlete in die media en die regulering van gelyke representasie van vroulike atlete in die media, aangestel moet word. Daar is ook voorgestel dat die behoefte aan verpligte fisiese oefening as vak vir jong meisies in skole aangespreek moet word en korporatiewe instansies betrokke behoort te raak by befondsing van vrouesport. Simposiums (soortgelyk as die Toronto-Simposium) moet gehou word en 'n nasionale sportdag vir vroue kan ook oorweeg word ter opheffing van vrouesport (Promotion Network News online 1999:5). In **Suid-Afrika** word gendergelykheid as een van die regering se nasionale prioriteite beskou (SRSA 2003:3). Volgens die genoemde beleid behoort veral die Suid-Afrikaanse sportmedia, krities geëvalueer te word (SRSA 2003:15). Weinig het egter nog hiervan tereg gekom.

Die uitdaging vir sportvroue om gelykheid te bewerkstellig, en implisiet die ideologie van manlike dominasie te oorbrug, is egter 'n voordurende stryd en die invloed van die massamedia in hierdie proses moet nie onderskat word nie

(Kane 1996:4). Volgens Kane (1996:5) het die media 'n belangrike rol te speel in die beklemtoning van dominante ideologieë en magstrukture.

2.3 Dimensies van visuele subjektiwiteit in die sportmedia

Volgens Wenner (1998:204) kan die sportmedia beskou word as die oorsprong van gendersubjektiwiteit, aangesien betekenis aan beeldmateriaal binne 'n geslote sisteem van dominasie toegeken word, sonder dat eksterne bevraagtekening of ondersoek toegelaat word. Die afname van die manlike monopolie in die sportwêreld word egter onsigbaar gemaak deur die mediablootstelling ten gunste van manlike sportsoorte en manlike individue (Szabo 2001:2). Sport word deur die eeue heen hoofsaaklik met manlike deelname geassosieer indien die mediablootstelling van sportmans met dié van sportvroue vergelyk word.

Navorsing oor visuele diskoers in sporttydskrifte, veral op voorblaaie, het aangedui dat sportvroue, in teenstelling met sportmans, selde in aktiewe sportposisies uitgebeeld word. Die passiewe posisies waarin sportvroue dikwels uitgebeeld word, ondersteun die standpunt dat sportvroue se uiterlike voorkoms op die sportveld belangriker as hulle atletiese vermoëns geag word (Kane 2005:3; Wenner 1998:176). Agentatiwiteit kom hier ter sprake: sportmans se identiteit word deur visuele voorstelling gekoppel aan talent, mag, aksie en sukses; daarteenoor word sportvroue se identiteit aan emosionele toestand (gewoonlik onstabiel), passiwiteit en angstigtheid gekoppel (Wenner 1998:177). Indien daar aan die ander kant wel klem geplaas word op die uitbeelding van sportvroue in aksie (sportaksie), is die liggaamlike representasie gewoonlik grotesk en manlik, 'n beeld wat algemeen aan die etiket 'lesbies' gekoppel word (Wenner 1998:189).

Visuele gendersubjektiwiteit is ook aanwesig in verskeie ander dimensies van visuele sportvoorstelling, insluitende uitleg en komposisie. Wat uitleg betref, word vroue dikwels fisies laer, onder aan die bladsy en kleiner uitgebeeld en 'n aspek

van komposisie is dat mans sentraal op 'n bladsy uitgebeeld word - dus in 'n magsposisie - en vroue kleiner in die kantlyn. Verder word daar ook herhaaldelik in die media gefokus op vroue se emosionele toestand, soos byvoorbeeld na 'n nederlaag, teenoor mans wat meer dikwels as emosioneel en fisies, sterk uitgebeeld word. Seksualiteit word ook volgens tradisionele (stereotipiese) genderrolle in die sportmedia uitgebeeld. Sportvroue se vroulikheid word dikwels in die kollig geplaas deur fotografiese modeskote, wat die 'manlike starende blik' aanmoedig, teenoor sportmans se manlikheid, wat deur 'n fokus op fisiese krag en aggressie deur die kamera vasgevang word (Hargreave 1994:163).

Gender, selfbeeld en sportprestasie is ook nou verweef in die Sportsielkunde. Sportvroue ervaar 'n noue verband tussen liggaamlike selfbeeld, psigiese toestand en deelname aan sport (Murphy 1995:215). 'Liggaamselfbeeld' (*body image*) is 'n konsep wat sterk in die Sportsielkunde figureer. Navorsing het aangetoon dat positiewe denke aanleiding gee tot sportprestasie (Murphy 1995:216). Indien 'n sportvrou egter negatief oor haar liggaam voel, veral omdat die media 'n ideale beeld (perfekte liggaam) voorhou wat van haar eie verskil, sal sy 'n negatiewe liggaamselfbeeld ontwikkel en kan dit haar sportprestasie negatief beïnvloed (vergelyk Hanson 2004:1). Navorsing het aangetoon dat vroue met eetversteurings ook 'n laer selfbeeld openbaar, wat sportprestasie verder negatief beïnvloed (Hanson 2004:2). Die voordurende representasie van sportvroue, enersyds as nie vroulik genoeg nie en andersyds as die resultaat van oorbeklemtoning van sensualiteit en vroulikheid, lei dikwels ook tot sportstaking of verandering van sportsoort, om sodoende as meer vroulik en minder gespierd getipeer te word (Coakley 2003:248; Jarvis 2006:44; Mathes in Oglesby 1978:69).

2.4 Genderideologieë en -stereotipes in sport

Deur die geskiedenis heen is vroue om verskeie redes uit sport uitgesluit (Houlihan 2003:90). Daar word hoofsaaklik drie redes aangevoer vir die uitsluiting: Eerstens is daar die sielkundige rasionaal, wat die konsep behels dat vroue as sielkundig ongeskik gesien word om aan sport deel te neem. Tweedens, is daar die estetiese rasionaal, wat behels dat vroue wat aan sport deelneem as onvroulik of as nie aantreklik genoeg gesien word nie. 'n Derde tipe is die sosiale rasionaal, wat die vroulikheid van sportvroue bevraagteken as gevolg van sekere kwaliteite en optrede deur sportvroue wat deur die sportsoort vooropgestel word. Alhoewel die sienswyse grootliks verander het, is die belangrikste kwessie volgens Houlihan (2003:91) nie die wyse waarop vandag se vrouesport vergelyk met dié van vorige generasies nie, maar wel in welke mate beskouings ten opsigte van vrouesporte vandag verskil van manssporten.

Vervolgens word die diskrepansie om 'fisies sterk en vroulik' te wees, die sogenaamde 'skoonheidmite' en 'homofobie' in groter besonderhede bespreek:

2.4.1 Diskrepansie: Fisies sterk, maar vroulik

Die sielkundige implikasie van fisiese voorkoms, insluitend begrippe soos vroulikheid en sensualiteit, is dat sportvroue toenemend sielkundige spanning ervaar om fisies sterk genoeg te wees om wel op die sportveld sukses te behaal. Dit is teenstrydig met die druk (meestal deur die media) wat ervaar word om maer en vroulik-genoeneg te wees om blootstelling en positiewe representasie te geniet (Jarvis 2006:44). Sportvroue word aangemoedig om 'verder te gooi, vinniger te hardloop en verder te spring en aan uithousport deelneem, om sodoende met sportmense te kan vergelyk (Boutilier & SanGiovanni 1983:21), alhoewel die media kosmetiese fiksheid insluitend 'n dun liggaam, die perfekte liggaamsmates, perfekte lippe en moderne haarstyle, goeie gelaatstrekke en die regte klere en bybehore vooropstel (Coakley 2003:247). Daar ontwikkel dus 'n diskrepansie tussen die ideale om sterk en gespierd genoeg te wees om te kan kompeteer en steeds vroulik genoeneg te wees. Mathes (in Oglesby 1978:69)

beklemtoon sportvroue se spanning om nie as te gespierd, groot of manlik getipeer te word nie.

Volgens Boutilier & SanGiovanni (1983:45) is daar deur die eeue heen 'n sosiale bekommernis onder sportvroue ten opsigte van hulle uitbeelding in die media. Die media misbruik liggaamsbeeld en gender-stereotipering om sportvroue wat goed gebou, 'n kleiner liggaamsbeeld het, en vroulik en modieus geklee is groter blootstelling te gee. Sodoende word uiterlike kenmerke deur mediablootstelling beklemtoon, eerder as sportprestasies (Boutilier & SanGiovanni 1983:45). Gevolglik gaan die meeste sportvroue uit hul pad om tradisionele en stereotipiese kenmerke van vroulikheid te beklemtoon om sodoende hul vroulikheid te bevestig (Coakley 2003:250). In onderhoude sal sportvroue dus dikwels klem plaas op hul begeerte na 'n gevestigde huwelik en om kinders te hê, om sodoende hul vroulikheid te beklemtoon.

2.4.2 Die skoonheidsmite

Die sogenoemde 'skoonheidsmite' word wêreldwyd deur die sportmedia aangehang en vooropgestel (Coakley 2003:248). Advertensies in 'n verskeidenheid van mediapublikasies, insluitende tydskrifte, televisie en advertensieborde, versterk die skoonheidsmite en plaas klem op vroulike stereotipes. Die media, veral die tydskrifwese, vestig die standaard vir wat as die norm vir vroulikheid bestempel word (McLoughlin 2000:96). Navorsing rakende die uiterlike identiteit van atlete, waarin 173 manlike atlete en 236 vroulike atlete se fisiese bou volgens die 'Sport Identiteitskaal' en 'Bem se geslagsrol-inventaris' geanaliseer is, het bevind dat gespierdheid – ironies genoeg – tipies met sportpersoonlikhede geassosieer word en nie vroulikheid (volgens die 'skoonheidsmite') nie (Jarvis 2006:44). Manlike hegemonie is egter veral sigbaar in die sportmedia (Leunes & Nation 2002:333), wat beteken dat die skoonheidsmite (en tradisionele vroulike stereotipes) weens verskeie redes as vereiste vir mediablootstelling vir sportvroue gestel word. Sportvroue se liggame word gevolglik dikwels sensueel uitgebuit deur die media om in te pas by die

ideologiese raamwerk van manlike joernaliste of die mediawêreld in geheel.

2.4.3 Homofobie

Heteroseksuele sportvroue ervaar ook angs om as te manlik bestempel te word en sodoende as 'lesbies' gerepresenteer te word. 'Homofobie' verwys direk na die vrees en/of haat deur homoseksuele sportindividue wat as gevolg van seksuele oriëntasie letterlik uitgesluit word (dus min of geen mediablootstelling kry nie), omdat hul as 'buite die grense van tradisionele genderrolverwagtinge' geklassifiseer word (Leunes & Nation 2002:333). Die term 'gay' (of lesbies) is volgens Cameron (2002:263) nie soseer 'n seksuele afwyking as wat dit 'n genderafwyking is nie. Om 'gay' te wees beteken binne die sportkonteks ook om nie aan die groep se standaard van manlikheid of vroulikheid te voldoen nie. Mans en vrouens se gendervoorkeur word gewoonlik afgelei op grond van oppervlakkige kenmerke soos kleredrag. Die sosiale probleem wat hierin geleë is, is dat dit dikwels die stereotipe self is wat die analitiese oordeel bepaal (Cameron 2002:263). Sportvroue se liggame word sodoende deur die media uitgebuit, met die doel om die seksuele te beklemtoon. Die belangrikheid daarvan om vroulik – en dus 'sosiaal- en media-aanvaarbaar' – te wees, kan ook 'n direkte invloed hê om die tipe sport wat sportvroue kies om aan deel te neem (Mathes in Oglesby 1978:60). Sportvroue sal dus tipies van sportsoort verander om as meer vroulik beskou te word, alhoewel dit nie noodwendig 'n sportsoort is waarin sy die meeste uitblink nie. Sosiale aanvaarding vir individuele sportsoorte is ook meer as vir spansport (Boutilier & SanGiovanni 1983:43). Daar ontstaan verder die gevaar dat sportvroue wat wel kompetend bly deelneem opsetlik minder gereeld sal oefen of oefenprogramme sal aanpas (soos bv. minder gimnasiumwerk doen) om sodoende gespierdheid te vermy.

2.5 Liggaamsbeeld, selfbeeld en dieetsiektes

2.5.1 Liggaamsbeeld

Liggaamsbeeld is 'n dimensie van gender en behels die visuele representasie van sportvroue, insluitend die stereotipiese beeld en liggaamsrepresentasie wat deur die media gebruik of misbruik word in visuele diskoers. Liggaamsbeeld (insluitende stereotipiese aantreklikheid, instandhouding van fisies 'vroulike' aantreklikheid, asook selfvertroue in die sportmilieu) is intrinsiek deel van selfbeeld, en 'n direkte gevolg van sosiale en kulturele stereotipes rondom liggaamsbeeld en fiksheid, wat onnodige sielkundige druk op sportvroue plaas en dikwels tot eetversteurings lei (Murphy 1995:73-75). Volgens die Australiese Instituut vir Sport, word liggaamsbeeld hoofsaaklik bepaal deur kulturele tradisies, die persepsies van familie en vriende en mediarepresentasie (ASC:2007).

'n Negatiewe liggaamsbeeld ontwikkel wanneer sportvroue se persepsies van hul eie liggaamsbeeld teenstrydig is met die visuele representasie waarmee hul voortdurend gekonfronteer word (ASC:2007). 'n Negatiewe selfbeeld lei dikwels tot 'n verlies aan selfvertroue, wat aanleiding gee tot dieetsiektes (en sportstaking) (Hanson 2004:10). Alhoewel navorsing toon dat sportpersone se selfbeeld en selfwaarde oor die algemeen hoër is as die van non-atlete (Hanson 2004:15, Murphy 1995:216), is die motivering en sielkundige veranderlikes wat betrokke is by selfwaarde, persoonlik en beïnvloedbaar deur bogenoemde faktore (ASC: 2007). Ander kulturele voorvereistes wat hiermee verband hou en 'n invloed op selfwaarde het, sluit in klere, wat vir 'n spesifieke sportsoort gedra moet word (aksentueer liggaamsvorm, soos bv. vir swem, roei of judo), sportsoorte wat spesifieke gewigsafdelings vereis (soos bv. ruitersport, stoei, ysskaats, duik) of sportsoorte wat bloot 'n 'klein' of 'fyn' fisiese bou vereis (bv. langafstandsportsoorte soos padatletiek, fietsry, gimnastiek, ysskaats, duik) (ASC:2007; Hanson 2004:23; Murphy 1995:217). Stereotipiese of soortgelyke vooropgestelde idees wat deur die media gekommunikeer word, rondom die 'ideale liggaamsbeeld' (Coakley 2003:250) het verreikende sosio-sielkundige

implikasies vir sportvroue en vrouesport in die algemeen.

Volgens 'n internasionale navorsingstudie, getiteld 'Beyond stereotypes: Rebuilding the Foundation of beauty beliefs' (Global study 2006), onttrek vroue hul wêreldwyd aan daaglikse aktiwiteite omrede vroue wat nie aan die ideale van die skoonheidsmites voldoen nie, aan verskyningsangs begin lei. Hierdie vermydende optrede word beskryf as 'n afwaartse spiraal wat 'n laer selfbeeld en eetversteurings tot gevolg het (2006:14). Die belangrikste fisiese eienskappe wat vrouens sou wou verander, sluit gewigs- en liggaamskontoerveranderinge in, gevolg deur lengte (2006:19,20). Wat gewig betref het Kanada die hoogste ontevredenheidstal, naamlik vyf-en-vyftig persent. Slegs twee uit elke tien vroue het aangedui dat hulle 'baie tevrede' met hul gewig en oorhoofse fisiese voorkoms was en minder as twee uit tien vroue het aangedui dat hulle 'n 'baie hoë' selfbeeld het. Selfbeeld het verder 'n enorme impak op 'n vrou se wil om aan aktiwiteite deel te neem en die studie het aangedui dat vrouens wêreldwyd met lae selfwaarde en selfbeeld, simptome soos moegheid en onttrekking van selfs alledaagse aktiwiteite toon (2006:27,28). Een uit elke tien vroue (15-64 jaar) het in die studie erken dat hulle aan eetversteurings ly en die vrouens wat ontevrede was met hul gewig was ook die groep wat meer waarskynlik negatiewe meganismes van gewigsverlies, soos eetversteurings, oorweeg het (2006:34). Japan is die land wat statisties die minste vroulike sportdeelnemers het. Twee-en-sestig persent van Japannese vroue het aangedui dat hul glad nie sportdeelname sal oorweeg, indien hul nie fisies reg lyk nie, en 32% sou weens dieselfde rede moontlik glad nie 'n alledaagse fisiese aktiwiteit soos fietsry of enige informele sport oorweeg nie (*Global study* 2006:39).

Die Melpomene Instituut vir Vrouegesondheidsnavorsing het bevind dat 'n negatiewe liggaamsbeeld en lae selfwaarde nie slegs algemeen onder jonger vroue of tieners voorkom nie, maar dat volwasse vroue ook daaraan kan ly (*Promotion Network News Online* 1999:1). Vir volwasse vroue is die oorsaak van hierdie sielkundige toestand hoofsaaklik die ongegronde en verkeerde persepsie

rondom ligaaamsvetpersentasie en die vrees vir gewigtoename (Edwards in *Promotion Network News Online* 1999:1).

2.5.2 Die media se ideale liggaamsbeeld

'n Klein, maer, gesnyde liggaamsbeeld, asook 'n sensuele, seksueel aantreklike liggaam, word deur die media en in die algemeen as die norm en ideaal voorgehou en is iets waarna sportvroue streef, alhoewel dit nie noodwendig die fisies en emosionele ideaal is nie (Murphy 1995:216; Houlihan 2003:100). Sportvrouens is daarom toenemend ingestel op fisiese voorkoms, insluitend om die korrekte gewig te handhaaf, die regte klere (sportuitrustings) na sportbyeenkomste te dra en sodoende aanvaarbaar te wees volgens die populêre definisie van 'n sportvrou (1994:213; Leunes & Nation 2002:338).

Sportsielkundiges beveel aan dat jong sportvroue die media se uitbeelding van die 'ideale sportvrou' moet ignoreer (Murphy 1995:217). Die samelewing vorm denkwyses rondom liggaamsbeeld, wat nie gesond is nie en sielkundig 'n negatiewe invloed het op selfwaarde en fisiese gesondheid van sportvroue (1995:217). Daar moet ook besef word dat sportvroue net so beïnvloedbaar as ander vroue is vir sosiale druk. Die boodskappe wat deur die media gekommunikeer word dat sportvroue nie 'maer' genoeg is en die 'regte klere' dra nie, ontmoedig hulle om aan sport deel te neem (Coakley 2003:248).

In kompeterende sport, veral vrouesport, word 'n ferm, maer liggaam, steeds dikwels aan sportsukses gekoppel (Hanson 2004:56). Die implikasie binne 'n sportsielkundige raamwerk is dat sportvroue meestal deur sosiale waardes en voorvereistes (insluitende die stereotipiese boodskappe wat deur die sportmedia gekommunikeer word) gekondisioneer word rondom wat as sosiaal aanvaarbaar of as die norm gesien word (2004:56). Afgesien van die verdraaide, onrealistiese boodskappe wat gekommunikeer word, is die negatiewe implikasies vir sportvroue fisies en emosioneel verreikend.

Op emosionele vlak lei dit dikwels tot sportstaking en fisies tot aftakeling van die liggaam deur oor oefening en eetversteurings.

2.5.3 Eetversteurings

Liggaamsbeeld en selfwaarde is die twee sielkundige veranderlikes wat tipies aan dieetsiektes gekoppel word (Global study 2006; Leunes & Nation 2002:335). 'n Lae liggaams- en selfwaarde word tipies met dieetsiektes soos anorexia nervosa (onthouding van voedselinname) en bulimia nervosa (oormatige voedselinname en selfgeïnisieerde vomering) verbind, wat 'n negatiewe impak op sportprestasie het en dikwels tot sportstaking lei (Global study 2006; Leunes & Nation 2002:335). Eksperts oor eetversteurings verwys gereeld na die sogenaamde vroulike sportdriehoek, wat eetversteurings, amenoree en osteoporose insluit. Dikwels is amenoree die rooi vlag in die driehoek en is hoogs waarskynlik 'n aanduiding dat eetversteurings en osteoporose ook onderliggend is (Leunes & Nation 2002:335). Christy Henrich, 'n voormalige lid van die VSA se nasionale gimnastiekspan, is een voorbeeld van 'n sportvrou wat weens 'n lae liggaams- en selfbeeld aan anorexia oorlede is. Sy was 1.25 meter lank en het gedurende kompetisiedeelnames 41 kg geweeg. Net voor haar dood in 1994, was haar liggaamsgewig 23 kg (Leunes & Nation 2002:338).

Die wyse waarop diskoershandelinge (bv. die visueel-stereotipiese uitbeelding van sportvroue), bepaalde praktyke wat aanleiding gee tot misbruik van diskoers (bv. genderrolstereotipering), transformeer (Fairclough & Wodak 1997b:260), sal in die volgende hoofstuk binne die raamwerk van KDA bespreek word.

HOOFSTUK 3: Kritiese visuele diskoersanalise

3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk sal 'n oorsig oor KDA gegee word, met die fokus op die ontleding van visuele diskoers. Kress en Van Leeuwen (1996) se visuele grammatika, die sosio-semiotiese inslag van die multimodale benadering en sosio-kognitiewe kondisies sal voorts in verband gebring word met KDA. Die hoofstuk sal afgesluit word met 'n reeks konseptuele skemas waarin die semiotiese kategorieë uiteengesit is en die verhouding tussen genderrolstereotipering en visuele diskoers weergegee sal word.

3.2 Kritiese Diskoersanalise

3.2.1 Agtergrond

KDA as teoreties-filosofiese raamwerk plaas klem op ideologie, mag en hegemonie, met die hoofdoel om sosiale magsverhoudinge in 'n diskoers te ontmasker (Van Dijk 1997b:11) asook die manier waarop diskoers gevorm word deur mag en ideologie te ontbloom (Widdowson 1996:142). Een van die dissiplines wat ingesluit is by KDA is Kritiese Linguistiek (Hart & Lukes 2007:x). KDA se linguistiese vertakking het die fokus verskuif van 'n abstrakte Foucaultiaanse benadering na die ontleding van konkrete diskoersvoorbeelde. Kritiese Linguistiek is later deur Halliday se Sistemies Funksionele Linguistiek (SFL) vervang, 'n dissipline wat 'struktuur' met 'kommunikatiewe funksie' verbind (Hart & Lukes 2007:x). Sistemies Funksionele Grammatika (SFG) het sinoniem geword met die linguistiese ontleding binne KDA. Kress & Van Leeuwen se visuele grammatika, wat op SFG gebaseer is, analiseer ook ander sosio-semiotiese modusse buiten teksgrammatika. Visuele grammatika kompenseer vir KDA se gebrek aan 'n analise-instrument deur op die Hallidayaanse SFG te steun. Deur die vertaling van SFG na 'n visuele grammatika word die diskoersanalise multimodaal. Die multimodale benadering van KDA het ook 'n sterk sosio-semiotiese inslag, deurdat die sosiale kondisies en die gevolge van diskoers geanaliseer word, asook sosio-kognitiewe kondisies (Van Dijk 2005:87).

Die sosio-kognitiewe benadering verbind die makro-aspekte van die samelewing met die mikro-aspekte van diskoers en interaksie, wat volgens Van Dijk as kern teoretiese raamwerk dien vir 'n kritiese perspektief (2005:87). KDA se kritiese perspektief (ook krities-visuele perspektief) sluit dus die ontmaskering van diskursiewe magmisbruik in, wat sosiale ongelykheid bevorder. Die teoretiese onderbou van kritiese visuele diskoersanalise, soos opsommend uiteengesit in bostaande gedeelte, sal in groter besonderhede in hierdie hoofstuk bespreek word.

Toonaangewende navorsers op die gebied van KDA sluit in (Wodak & Meyer 2001:5-9):

- Gunther Kress: mediarepresentasie (Kress 1996)
- Roger Fowler: grondlegger van die Kritiese Linguistiek (Fowler 1996)
- Norman Fairclough: die sosiale teorie van KDA as raamwerk vir die analise van verhoudings tussen taal, mag en ideologie, asook die bemiddelende en konstruerende rol van die media (Fairclough 1997, 2001, 2003, 2004)
- Teun van Dijk: die kognitiewe prosessering van diskoers (Van Dijk 1993, 1997, 2004, 2005)
- Ruth Wodak: diskoershistoriese benadering (Wodak 2001, 2006)
- Gunther Kress en Theo van Leeuwen: 'n sosio-semiotiese raamwerk vir die ontleding van die kommunikatiewe potensiaal van visuele uitbeeldings in die media (Kress 1995; Van Leeuwen 2001, 2005)

3.2.2 Kernkonsepte in KDA

Fairclough en Wodak (1997:260) definieer KDA as 'n kritiese bewuswording van diskoershandelinge en 'n oriëntasie om hierdie praktyke te transformeer. Huckin (2004:1) plaas ook klem op die wyse waarop KDA die samelewing probeer transformeer, deur standpunt in te neem ten gunste van die oplossing van sosiale probleme. Uit hierdie beskouinge is dit duidelik dat Kritiese Diskoersanaliste hoofsaaklik besorg is oor die manier waarop sosiale kwessies en misbruik van mag diskoers kan beïnvloed en tot magstruweling aanleiding kan gee. 'Mag' is

dus 'n kernbegrip, en KDA sentreer veral rondom die weerspieëling van mag in sosiale strukture (insluitende sosiale instansies, soos bv. binne 'n bepaalde mediagroep) en die representasie daarvan op beide tekstuele en visuele vlakke (Carstens 2004:2). Volgens Titscher, Michael, Wodak en Vetter (2000:146) behoort die verhouding tussen taal, mag en sosiale strukture geanaliseer te word om sosiale gelykheid te verseker. KDA dien binne die konteks van hierdie studie as teoretiese raamwerk om die wyse te belig waarop diskoers sosiale entiteite (insluitende sportvroue) konstrueer.

Kernbegrippe wat in KDA figureer, word vervolgens krities bespreek, naamlik 'krities', 'diskoers', 'mag', 'ideologie', 'toegang' en 'sosio-kognisie.'

Om 'krities' te analiseer binne die raamwerk van KDA beteken eerstens om verskillende, kontrasterende aanbiedinge in 'n diskoers te herken en te ontrafel; tweedens om hierdie diskoers te interpreteer, en derdens om alternatiewe of innoverende betekenis te vind (Wodak 2006:13). KDA is verder krities aangesien die sentrale uitkomst van die analiseproses daarop gerig is om die sosiale gevolge van betekenis en woordkeuses waarvoor 'n leser te staan kom, in ag te neem en te beoordeel (Locke 2004:9). Kritiese analise behels ook die bevraagtekening en ontleding van aspekte van die sosiale werklikheid in morele en politieke terme, bv. in terme van sosiale regverdigheid en mag (Wodak & Meyer 2001:9; Huckin 2004:2; Fairclough 2003:15).

Binne die konteks van KDA behels **diskoers** in die eerste instansie taal (visueel of verbaal) in aksie, en die manier waarop betekenispatrone sosiaal gekonstrueer word. Lupton (in Carstens 2004:2) definieer diskoers as 'n groep idees of patrone van denke wat in beide teks en visuele kommunikasie geïdentifiseer kan word, en ook in wyer sosiale strukture teenwoordig is. Diskoers word dus verbind met mag en sosiale belangstelling. Vanuit hierdie interaktiewe verhouding kan diskoers beskryf word as prosesse, relasies en strukture in die materiële wêreld, die kognitiewe wêreld, die sosiale wêreld asook die wêreld van gevoelens en

oortuigings. Verskillende diskoerse sluit verskillende perspektiewe in wat geassosieer word met verskillende verhoudinge van mense in die wêreld (Fairclough 2003:124). Diskoers sluit enersyds die abstrakte betekenis in wat verwys na 'n sisteem van idees wat vergestalt is in sowel teks as in geïnstitutionaliseerde sosiale strukture en praktyke (Lupton 1992 soos aangehaal deur Carstens 2004; Freedman & Combs 1996:42; Fairclough 2003:26; Van Dijk 1997a). Geïnstitutionaliseerde sosiale strukture en praktyke sluit nie-verbale 'visuele' diskoers soos skilder, beeldhou, fotografie, ontwerp en films in (Jaworski & Coupland 1999:7). Andersyds is daar 'n meer konkrete betekenis wat verwys na die maniere waarop sisteme van idees uit die fisiek, politieke of sosiale wêreld voorgestel word (Fairclough 2003:17).

Mag word beskou as kernkonsep in die bestudering van groepsrelasies in die gemeenskap. Die konsep 'mag' kan gedefinieer word as 'n verhoudingsproses wat konteksspesifieke situasies betrek en veral identifiseerbaar is deur die ideologiese gevolge daarvan op die samelewing (Wodak & Meyer 2001:14). Mag konstrueer ideologie en is daarom relevant in die konteks van KDA. Fairclough verbind mag binne die konteks van KDA met die manier waarop magsdominasie (sosiale mag) dikwels misbruik word om minderheidsgroepe linguisties-diskursief te benadeel. Die magsdominante groep kan die vryheid tot aksie van die ander groep, asook hul kognisies, beïnvloed (Fairclough 1995:186; Wodak & Meyer 2001:11; Van Dijk 1997b:16-25). Die sosiale rol van KDA behels daarom 'n kritiese bewustheid van taal (visueel of verbaal) om dominasie te skep, en dus 'n bewustheid om taal-, mags- en ideologiese diskriminasie te verminder (Fairclough 1995:186; Van Dijk 1993: 252, 1997b:16).

Ideologie kan gedefinieer word as spesifieke wyses waarop die samelewing gerepresenteer en gekonstrueer word en sodoende aanleiding gee tot mags- en verhoudingsdominasie asook magsmisbruik (Carstens 2004:4). Ideologie word beskou as 'n belangrike aspek in die vorming van ongelyke magsverhoudinge (Wodak & Meyer 2001:10). Teks (verbaal of visueel) kan gesien word as die

boustene vir die vorming van ideologieë (Carstens 2004:5). Ideologie dien gevolglik as kernskakel tussen diskoers en mag, en word ook gereken as die sosiale en kognitiewe manifestasie van mag. Ideologie word verder gedefinieer as idees of waardesisteme met 'n kognitiewe komponent (Van Dijk 2004:2). Ideologieë is sosiaal van aard en verantwoordelik vir die vorming van sosiale identiteite van 'n groep, wat dikwels gedeelde sosiale waardes vestig (Van Dijk 2004:2; Fairclough 2003:9). Ideologie word deur magsdominante groepe gebruik om hulle dominasie te regverdig (Van Dijk 1997b:25). KDA is spesifiek daarmee gemoeid om ideologieë in diskoers te ontmasker (Wodak & Meyer 2001:10).

Die misbruik van mag, wat dikwels tot die vorming van bepaalde ideologieë lei en wat op magsminderheidsgroepe afgedwing word, word uiteindelik onwillekeurig deur hierdie groepe aangehang. Dit staan bekend as **hegemonie**. Fairclough (1995:17) definieer hegemonie as 'n wyse om mag en ideologie in diskursiewe praktyke te konstrueer. Die term 'hegemonie' word gebruik om na sosiale mag (Van Dijk 1997b:19) te verwys, asook die manier waarop 'n magsdominante groep deur teks mense kan manipuleer om te doen en op te tree soos wat die magsdominante groep voorstel; dus in Van Dijk se woorde, om die subtile interaksie van diskoersstrukture met die denke, kennis en handeling van die (sosiale) samelewing te manipuleer (Van Dijk 1997b:19). Manipulasie verwys dan na diskursiewe manipulasie van 'n gehoor (lesers), veral ook op kognitiewe vlak (Van Dijk 2005:88).

Volgens Toolan (1997) is mag, hegemonie, marginalisasie, 'kosmetiese' representasie en misrepresentasie onlosmaaklik deel van die wêreld. Kritiese diskoersanaliste is toegewy daaraan om hierdie omstandighede te verander. KDA staan nie eenvoudig krities teenoor teks nie, maar maak veral beswaar teen die ongelykhede en manipulasie wat daarin opgesluit is (Toolan 1997:225). Diskoers word as simboliese kapitaal beskou, aangesien dit gemedieer word om sommige persone of instansies te bevoordeel en ander te benadeel. Dit is daarom die doel van KDA om diskoers krities te analiseer ten einde simboliese

kapitaal binne die konteks van sosio-kulturele diskoers te onthul en in die proses ongelykheid en hegemonie te verminder (Toolan 1997:225,226).

KDA is in die besonder daarop gerig om ongelykhede, spesifiek hegemonie, in diskoers te ontmasker. Dit fokus op die onthulling van die wyse waardeur 'n kommunikatiewe situasie gemanipuleer word, om bv. die manier waarop sportvroue deur joernaliste deur visuele of teksdiskoers stereotipes gerepresenteer word, uit te wys en deur daadwerklike optrede uit die weg te ruim (Toolan 1997:226).

Die term **toegang** (*access*) verwys na die verhouding tussen mag en diskoers en die manier waarop hegemoniese mag deur 'n magsdominante groep gebruik word om die handelinge van dié wat minder mag het te beheer deur beperking van toegang tot kennis, beïnvloeding van houdings en ideologiese manipulasie (Van Dijk 1997b:20). KDA is spesifiek geïnteresseer in die mag en dominasie van elitegroepe - dié wat spesiale toegang tot openbare diskoers het (Van Dijk 2005:88). Van Dijk verwys spesifiek na die media as die geposisioneerde magselite, wat oor die mag beskik om die lesers en gerepresenteerdes te beheer ten opsigte van 'toegang' - dus wie die reg het om te 'praat' en wie mag 'luister' (Van Dijk 1997b:21). 'Toegang' sluit aan by die 'K-strategieë' van diskoers, wat op die aanname gebaseer is dat kennis gelykgestel kan word aan dit wat algemeen geglo word (openbare kennis). Dit het ongetwyfeld sosiale konsekwensies en lei tot vooroordeel. In die eerste plek word sekere sektore van die gehoor, wat nie oor genoegsame kennis beskik om openbare diskoers te begryp nie, geïgnoreer deur diskoers te baseer op die kennis van die gemiddelde leser. Tweedens kan die simboliese elitegroepe hul opinies, kennis, voorkeure en persepsies vooropstel en dus voorgee dat hul opinies as algemene kennis of praktyk aanvaar kan word en sodoende lesers te manipuleer om hul voorkeure (dikwels bevooroordeelde ideologieë) te aanvaar (Van Dijk 2005:88). Deur die konstruksie en beklemtoning van sekere geselekteerde tekens, word bepaalde konsepte dus as realiteit aanvaar, wat 'n sekere groep (die dominante groep) se ideologieë

bevoordeel (Van Dijk 1997b:20). Toegang is dus 'n belangrike faktor in die bereiking van hegemonie.

Al die bogenoemde konsepte behels kognisie binne 'n sosiale konteks. Die term **sosio-kognitief** word binne KDA gebruik om die konteks waarin mag en ideologieë funksioneer, te beskryf (Van Dijk 1993:257). Kognisie word dus gesien as bemiddelend tussen die samelewing en diskoers, en word beskou as 'n vorm van kennisbestuur aangesien kennis die mens se interpretasie van die wêreld, asook diskoers en ander handelinge, bepaal (Van Dijk 1993:258). Sosiale kognisie word gedefinieer in terme van waardes wat deur lede van verskillende groepe en of gemeenskappe gedeel word (Van Dijk 2005:87).

Die kognitiewe dimensie in die analise van sosiale en politieke kontekste is in 'n groot mate binne die raamwerk van KDA geïgnoreer, met uitsondering van Wodak se diskoershistoriese benadering (Chilton 2005:22;41), wat op 'n sosio-filosofiese oriëntasie berus en is gefundeer in die sosiale evaluering (Wodak 2006:8). Die invloed van die sosio-kognitiewe, en veral die verbintenis met mag as sentrale konsep van KDA, speel 'n belangrike rol in die interpretasie en ontmaskering van ideologie in die visuele diskoers waarop daar in hierdie studie gefokus word. Navorsing toon besliste bewyse van 'n verband tussen die kognitiewe en taal(diskoers) en die samelewing (Wodak 2006:7). Indien KDA wil voorgee dat dit erns maak met die ontsluiting van hegemonie, ideologie en mag - wat deel uitmaak van sosiale diskoerse, is dit van kardinale belang dat mense se denke en persepsies in ag geneem word. Chilton (2005:23) argumenteer vervolgens dat die Kognitiewe wetenskap en die Sielkunde betrek moet word om die sosiale verantwoordelikheid van KDA te ondersteun en as hulpmiddel dien om hierdie navorsingsdoel te bereik.

Die 'sosio-kognitiewe' dimensie van KDA figureer veral prominent in die werk van Van Dijk (1993; 2005) en behels die inagneming van bepaalde voorstellings in diskoers, kommunikasie en ander vorme van interaksie (Van Dijk 1993:257,

2005:72) wat magsdominasie of hegemonie tot gevolg het. Magsdominasie is direk afhanklik van die denke, kennis, geloof, begrip, houdings, ideologieë en norme van 'n bepaalde groep of die samelewing as geheel. Dit kan dus beskou word as die resultaat van gedeelde subjektiewe ideologiese interpretasies of denkwyses van 'n groep lesers of visuele skeppers (fotograwe) in die 'lees' van visuele diskoers. Sosiale magsverhoudings word vooropgestel in 'n proses van daaglikse interaksie met die visuele beeld. Die visuele beeld is beide representeerder en skepper van ideologie en mag (Sturken & Cartwright 2001:72). Diskoersanaliste se rol is om wanvoorstelling te ontbloot (Fowler 1996:4) en die sosio-kognitiewe dimensie daarvan in ag te neem en te analiseer.

3.2.3 Interdissiplinariteit in KDA

KDA is in wese 'n paradigma wat 'n verskeidenheid van invalshoeke akkommodeer (Weiss & Wodak 2003:18). Eklektisisme in KDA bring nie mee dat dit 'n hutspot van teoretiese paradigmas word nie, maar eerder dat dit holistiese analyses vooropstel. Interdissiplinariteit binne KDA behels die inkorporering van insigte uit dissiplines soos Filosofie, Sosiologie, Geskiedenis, Antropologie en Literêre teorie. Chilton (2005) en Wodak is voorstanders van die inkorporering van Sielkunde en Kognisie binne KDA, en Sielkunde en Sosiologie word deur Wodak en Meyer (2001:20) beskryf as teoretiese velde wat met Diskoersanalise (DA) geïntegreer behoort te word. Van Dijk (2005:87) plaas ook klem op die belangrikheid van sosio-kognitiewe analise in KDA.

Dit is dus van kardinale belang binne die konteks van visuele analise en multimodaliteit (Kress & Van Leeuwen 2001; Van Leeuwen 2005:9) om interdissiplinariteit en insigte uit ander dissiplines in ag te neem om sodoende probleem-georiënteerde, interafhanklike dissiplines soos bv. diskoersanalise en sosiale teorieë te integreer (Van Leeuwen 2005:10).

3.3 Sistemies Funksionele Grammatika

Sistemies Funksionele Grammatika (SFG), wat in die 1970's deur Halliday ontwikkel is, is 'n sosiologies gefundeerde taalteorie (Song 2005:29), wat besonder bruikbaar is as raamwerk vir die dekonstruksie van sosiaal gekonstrueerde (linguisties gekonstrueerde) magsvorme (Chilton 2005:21). KDA is 'n raamwerk waarbinne mag, hegemonie en ideologie in diskoerse blootgelê en beskryf kan word. SFG is uitnemend geskik om hierdie dimensies van diskoers te ontsluit, aangesien dit verbande trek tussen die sosiale sfeer (waartoe mag, hegemonie en ideologie behoort) en semiotiese sisteme, bv. teks, visuele afbeeldings, argitektuur, organisasiestrukture ens. Deur 'n bepaalde element van 'n grammatika op 'n bepaalde manier te gebruik, eerder as op 'n ander manier, word betekenis op 'n bepaalde wyse geskep en bevestig.

SFG bestaan uit twee komponente, naamlik 'n 'sistemiese grammatika' en 'n 'funksionele grammatika'. Die **sistemiese** komponent behels die verklaring van interne verhoudings in taal en die **funksionele** komponent behels die verklaring van taal as medium vir sosiale interaksie (Chilton 2005:31; Young & Harrison 2004:1). Genoemde komponente is onafskeidbaar en vorm 'n geïntegreerde teoreties-linguistiese raamwerk. SFG-navorsers het die ooreenkomste tussen taal en sosiale strukture deur SFG-analise en metafunksionele komponente ondersoek en die betekenis in teksgrammatiese seleksies en patrone ontleed (Young & Harrison 2004:2). Volgens Halliday (1985:xiii) kan teks as funksioneel bestempel word aangesien die konseptuele raamwerk waarop dit gegrond is funksioneel eerder as formeel is. Die funksionele raamwerk word grootliks daardeur gekenmerk dat dit die betekenis van teks, 'n sisteem of elemente van 'n linguistiese struktuur kan interpreteer (Halliday 1985:xiii). Die invloed van die sosiale prosesse op taal word ondersoek (Halliday 1978:18). Taal is dus 'n vorm van interaksie, wat geleer en oorgedra word van een kultuur na 'n volgende deur interaksie (Halliday 1978:18).

Taal, volgens die funksionele komponent van linguistiek, kan volgens betekenisgewing gekategoriseer word as ideasioneel en interpersoonlik. Hierdie twee metafunksies word beide tot uiting gebring deur 'n derde funksie, naamlik die tekstuele metafunksie. Die drie metafunksies maak gesamentlik die funksionele komponent uit. Die ideasionele funksie is die inhoudsfunksie van taal, d.w.s die funksie wat betekenis toeken. Die interpersoonlike funksie behels betekenisgewing deur die spreker as 'n buitestaander, deur middel van taal. Met ander woorde dit behels die spreker se ekspressie van persoonlike houdings en vooropgestelde idees, met die doel om die houdings en reaksie van ander persone (bv. lesers van 'n tydskrif) te beïnvloed. Die tekstuele funksie gee tekstuur en vorm aan die teks. Dit is dus die komponent wat die verband tussen taal en die omgewing aandui.

In enige diskoersanalise is daar altyd twee moontlike vlakke van analise (Halliday 1985:xv), naamlik die verstaan van die teks en die evaluasie daarvan. Afgesien van die uiteindelijke doel van die analise, is 'n grammatiese basis of algemene teorie of konseptuele raamwerk – selfs buite die linguistiek soos bv. die toets van 'n model of semantiese benadering – volgens Halliday (1985) noodsaaklik. Diskoersanalise wat egter nie gebaseer is op 'n grammatika nie, is in geen sin 'n diskoersanalise nie, maar slegs kommentaar op 'n teks (1985:xvi). Diskoersanalise wat steun op 'n visuele grammatika het die verdere voordeel bo 'n suiwer teksgrammatika, soos SFL, dat dit ook ikoniese aspekte van die verband tussen vorm en betekenis sistematies beskryf, en nie net arbitrêre aspekte nie. 'n Multimodale variant van SFL behoort in staat te wees om die Sosio-semiotiek en KDA saam te snoer binne 'n interdisiplinêre raamwerk, wat die gaping tussen tekstuele en sosiale analyses kan oorbrug en 'n kritiese benadering (soos verteenwoordig deur die Kritiese Sosiologie, Kritiese Linguistiek, Kritiese Semiotiek ens.) daarby te inkorporeer (Martin 1998:9-10, aangehaal deur Young & Harrison 2004:3).

Die multimodale aard van diskoers, asook sosio-semiotiese perspektiewe daarop, wat gebruik kan word vir die beskrywing en ontleding van die diskoers, sal in die volgende afdeling bespreek word.

3.4 Mutimodale diskoersanalise

3.4.1 Inleiding

Diskoersanalise het tot onlangs hoofsaaklik op taalanalise berus en ander semiotiese vorme (soos die visuele) is geïgnoreer. 'n Oproep is derhalwe gedoen om ook ander vorme van kommunikasie as bloot taalkommunikasie in ag te neem (Caldas-Coulthard & Coulthard 1996; Van Leeuwen 2003:3; Van Leeuwen 2005:296). Betekenis word selde slegs deur taal voortgebring en die multimodale samelewing beklemtoon dit dat alle semiotiese bronne asook die wyse waarop dit betekenis konstrueer in ag geneem en geanaliseer behoort te word (Fei 2004:220). Visuele beelde word daarom beskou as integrale bron van linguistiese semiose, en hulle dinamiese simbiose ondersteun die multimodale tendens in mediaondersoeke. Aangesien linguistiese en piktorale semiose beide deur 'n visueel waarneembare medium gekommunikeer word en deur die sinuig van sig 'gelees' word, word die twee raamwerke as interaktief en interafhanklik beskou (Barthes 1977:47; Kress en Van Leeuwen 1996:16; Fei 2004:220).

Volgens Halliday (1978:39) is taal 'n sisteem wat gebruik word om betekenispotensiaal te ontsluit. Taal en beeld is beide abstrakte vorme wat eers ontsluit word as die ekspressiewe en inhoudelike komponente onthul word en betekenis gevorm word. Taal word vergestalt deur grammatika en grafiese uitbeelding deur visuele grammatika. Die eerste, of 'ekspressievlak', beskryf die medium van kommunikasie en dien as interaksie tussen die leser en die teks (visueel of linguisties). Die 'inhoudelike vlak' behels die interaksie en samewerking van verskillende elemente in teks en konteks om betekenis vry te stel deur inagneming van elemente soos register, genre en ideologiese implikasies, opgesluit in die konteks van die situasie en konteks van kultuur.

Die Sosio-semiotiek sal inleidend bespreek word as kernelement van 'n sosio-funksionele benadering tot diskoers. Die idee van 'funksie in struktuur' – een van Halliday se tweeledige onderskeidings van funksionalisme (die ander is 'funksie in die samelewing' of 'gebruik van taal') – is opgeneem in die Sosio-semiotiek (Van Leeuwen 2005:76).

3.4.2 Sosio-semiotiek

Semiotiek is 'n studie van 'semiose', wat die ontleding en betekenisontgolving van tekens en ander visueel grammatiese elemente, bv. perspektief en lyn, insluit (Kress & Van Leeuwen 1996:5, 2002:37). Die begrip 'sosio-semiotiek' dui dus op die verhouding tussen abstrakte sosiale strukture, konkrete sosiale gebeurtenisse en die manier waarop dit ook in visuele grammatika vergestalt is. Visuele diskoers word beïnvloed deur sosiale aktiwiteit en is daarom ook sosio-semiotiek (Fairclough 2001:1). Semiotiek word dus gereken as 'n uitbreiding van taal, insluitende die visuele en ander elemente van kommunikasie en die wyse waarop patrone in 'n verskeidenheid aspekte van sosiale en kulturele optrede gevorm en geïnterpreteer word. Die studie van visuele semiotiek is vervat in die produksie en effek van visuele betekenis (Crown 2006). Die proses waartydens tekens gevorm word – uiterlik deur artikulasie, of innerlik deur interpretasie, kompleks of eenvoudig, groot of klein, in die sosiale omgewing of in die alledaagse bestaan – is die proses van semiose (Kress 2003:44). Elke tekensisteem word beskou as 'n produk van die proses van semiose. Die dialektiese verhouding tussen teks en sisteme is vervat in spesifieke semiotiese vorme, soos diskoers (Hodge & Kress 1988:6). Genre dien verder as semiotiese kategorie vir die kodering van sosiale verandering (1988:7).

De Saussure kan beskou word as die grondlegger van die teorie oor die teken as basiskonsep van die semiotiek in die taalkunde (Sonneson 2006:4). Die bestudering van veral visuele representasie in die semiotiek het in die afgelope drie dekades baie uitgebrei (Kress 2003:36). In die visuele konteks is die betekenis van die 'teken' as basiskonsep van die semiotiek egter veel wyer as

slegs “beeld” of “prent”. Kress beskou die teken as beide konvensioneel en gemotiveerd en assosieer die semiotiese teorie met konsepte soos ‘representasie’, ‘kommunikasie’, ‘interpretasie’ en ‘artikulasie’ (2003:36). Elke boodskap, verbaal of nie-verbaal, is ’n representasie, ’n sisteem van tekens (Yurdaisik 2005:1). Tekens, wat gebruik word om betekenis voort te bring, word dikwels gemedieer deur persoonlike ondervinding en sosiale of kulturele agtergrond.

Die linguïste Michael Halliday en Ruqaiya Hasan word gereken as die pioniers van die sosio-semiotiek. Die begrip ‘sosio-semioties’ dui op die verhouding tussen abstrakte sosiale strukture, konkrete sosiale gebeurtenisse en die manier waarop hulle in die teks en visuele grammatika vergestalt is (Renkema 2004:46). Volgens Renkema dui sosio-semiotiek die oorsprong van semiotiek aan, aangesien elke stukkies diskoers in die sosiale konteks waarin dit voorkom, bestudeer moet word (2004:46). ‘Semiotiek’ is gebaseer op die handeling van betekenisoordrag deur tekens.

Die sosio-semiotiek is sosiaal en kultureel sensitief en maak gebruik van SFG. Daar is drie sosiale terreine wat bepaal watter leksikale en grammatikale keuses uit die sisteem gemaak word, naamlik die sosiale sfeer of vakgebied (‘field’) (bv. sport en die konsepte daarbinne), die verhouding tussen gespreksgenote (‘tenor’) (bv. joernaliste as ‘objektiewe waarnemers’ wat die werklikheid op ’n bepaalde manier aan tydskriflesers voorhou), en die modus en medium (‘mode’) waarin ‘field’ en ‘tenor’ gerealiseer word, bv. foto’s. Hierdie drie terreine word in taal en ander semiotiese sisteme gerealiseer. Die drie funksionele of semantiese terreine waarop sosiale betekenis in ’n semiotiese sisteem tot stand kom, is die ideasionele. Dit behels hoe konsepte van die sosiale sfeer, bv. hoe vroue in sport en ten opsigte van bepaalde sportsoorte uitgebeeld word. Die relasionele sfeer verwys na die wyse waarop verhoudings tussen rolspelers geskep word, dit wil sê watter deelnemersrol die joernalis en fotograaf aan die leser en die tema, sportvrou in hierdie geval asook aan homself toeken. Die tekstuele sfeer behels

hoe aspekte van die teks betekenis skep, bv. watter medium gebruik word, watter struktuur en uitleg gebruik word en waar in die publikasie dit geplaas word.

Die sosio-semiotiek maak gebruik van die beginsels van SFG, maar beklemtoon die feit dat taal nie die enigste manier is waarop betekenis geskep en bevestig word nie, en dat daar dus ander semiotiese sisteme is wat hierdie funksie vervul. Kress en Van Leeuwen (1996) toon aan hoe die sistematiese verbande tussen vorm en betekenis bepaalde SFG-funksies vervul en ook in visuele afbeeldings vergestalt word. In plaas daarvan om 'n keuse uit woorde en morfeme te maak het die visuele 'outeur' (bv. fotograaf) 'n keuse uit lyn, kleur, plasing, komposisie ens. Hierdie baanbrekerswerk het gelei tot 'n verskeidenheid studies oor multimodaliteit. Die Birmingham-vergadering (1999) verteenwoordig so byvoorbeeld 'n baie belangrike moment in die totstandkoming van 'n raamwerk vir die bestudering van multimodaliteit, deurdat die postmoderne filosofie van KDA vir die eerste keer formeel in verband gebring word met die sosio-semiotiek en sy sterk SFG onderbou.

Die konsep 'belangstelling' geniet prominensie binne die raamwerk van die visuele semiotiek. Visuele representasie deur tekens word beskou as 'n proses waardeur visuele skeppers bepaalde objekte of entiteite - fisies of semioties - weens 'n bepaalde belangstelling in die objek binne 'n kulturele, sosiale of sielkundige konteks op 'n bepaalde manier uitbeeld (Kress & Van Leeuwen 1996:6). Belangstelling rig keuses rondom die in- of uitsluiting van kritiese aspekte van die objek. Die objek word nooit ten volle uitgebeeld nie, maar slegs selektiewe dele daarvan (Kress & Van Leeuwen 1996:6). Binne Kress se sosio-semiotiese benadering tot visuele diskoers moet daar aangeneem word dat die tekenskepper se voorkeure en belangstellings rondom die visuele teken wat uitgebeeld of analogies¹ gerepresenteer word, die eienskappe van die teken sal bepaal (Kress 2003:44).

¹ 'Analogie' of 'visuele metafoor' kom voor wanneer 'n visuele element 'n soortgelyke visuele element impliseer of vooropstel, volgens die tekenmaker se kriteria vir seleksie (Kress 2003:43).

Die terme 'kommunikasie' en 'interpretasie' speel 'n belangrike rol in die sosio-semiotiek. Kommunikasie is na buite ('uiterlik' gerepresenteer) en interpretasie na binne ('inwaarts'). Die kleinste semiotiese eenheid is die *boodskap* (Hodge & Kress 1988:5). Die boodskap het 'n bron, 'n doel, 'n sosiale konteks en 'n funksie. Dit is gemik op die semiotiese proses 'n sosiale proses, waardeur betekenis gevorm en uitgeruil word. Die vlak waar representasies plaasvind, word die 'mimetiese vlak' genoem. Groter eenhede van semiose sluit die visuele teks en diskoers (die sosiale prosesse waarvan visuele diskoers deel is) in (Hodge & Kress 1988:5). Representasie staan altyd in verhouding met iets anders en is nooit neutraal nie. Dit wat gerepresenteer word is die teken(s) en staan in verhouding met die belangstellings, perspektiewe, posisies en waardes van die tekenskeppers (2002:44). Die 'uiterlike' teken, die teken wat geskep word deur artikulasie, funksioneer kommunikatief en moet daarom in die magstruktuur inpas wat die kommunikasiesituasie karakteriseer. Die kommunikatiewe inhoud van spesifieke visuele tekens word deur die 'kyker' op 'n bepaalde manier verbind en het 'n bepaalde interpretasie tot gevolg (Yurdaşık 2005:2). Hierdie interpretasie berus nie net op kennis van die inhoud nie, maar ook op sosiale omstandighede waarin die teken gevorm is en op basis van belangstelling. Die manier van kyk ('point of view'), het 'n direkte invloed op die semiotiese objek (Sonesson 2006a:4). Kress merk ook op dat die samelewing die genoemde proses kontroleer deur verskeie konvensies, en dat kommunikasie derhalwe in verskeie domeine bedreig word.

Die terme 'visuele diskoers', 'visuele mediëring', en 'visuele representasie' staan ook sentraal in die sosio-semiotiese benadering. Die term 'visuele diskoers' word binne die konteks van hierdie studie gebruik om te verwys na nie-verbale kommunikasie en enige ander vorm van semiotiese aktiwiteit insluitende visuele beeld. Volgens Fairclough en Wodak (1997) word die sosio-semiotiek 'n medium waardeur die veelsydige semiotiese karakter van visuele beeld (insluitende fotografiese beeld) geanaliseer kan word. Visuele representasie word beskou as 'n proses waardeur visuele skeppers bepaalde objekte of entiteite - fisies of

semioties - weens 'n bepaalde belangstelling in die objek binne 'n kulturele, sosiale of sielkundige konteks uitbeeld (Kress & Van Leeuwen 1996:6). Semiotiek neem dus die kompleksiteit van visuele interpretasie, insluitende persoonlike persepsie en kognisie, binne veranderende sosiale en kulturele omstandighede in ag in die proses om visuele kommunikasie te verduidelik (Yurdaisik 2005:4). 'Visuele mediëring' behels die subjektiewe samestelling van visueel-semiotiese elemente deur die media. Visuele mediëring word beïnvloed deur elemente soos die fotografiese hoek waaruit foto's benader word, die tipe kameraskoot, die aan- of afwesigheid van 'n raam, vektore, en verskeie ander elemente wat in Kress en Van Leeuwen se visuele grammatika beskryf word (1996; 2001). Die keuses wat die fotograaf as visuele skepper uitoefen met betrekking tot elemente van visuele grammatika, kan tot gendersubjektiviteit lei (McGinnis, Chun & McQuillan (2003:11). Toeskouers of lesers verkies om vroue in tradisionele of stereotiepe genderrolle te sien en sal nie noodwendig tydskrifte koop of na visuele uitbeeldings van sportvroue kyk, tensy hierdie stereotipes weerspieël word nie. Die 'onderdanigheid' van die media aan die leser is dus direk afhanklik van die voorkeur van die toeskouer.

3.4.3 Fotografie as sosio-semiotiese medium

Inleiding

Fotografie as medium vir visuele voorstelling is sosio-semioties, aangesien die proses van 'sien' in die alledaagse lewe deel geword het van wat as 'eg' of 'waar' beskou word (Kress & Van Leeuwen 1996:168); dus 'n konkrete sosiale aksie wat direk beïnvloed word deur sosiaal aanvaarbare denkwyses. Realiteit word vir die kyker in fotografiese beeld vergestalt (Kress 2001:94) en elke foto word in die semiotiese proses 'n realiteitskode of simbool van die sosiale realiteit. Die verbintenis tussen beeld en werklikheid is afhanklik van die skepper of 'kyker' se gesigspunt of houding. Hierdie waardes wat onafhanklik van die teken (beeld) self is, staan bekend as die indeks waarde (Sonesson 2006b:1-2).

Fotografie word beskou as 'n medium in die stuur van sosiale optrede (Sturken & Cartwright 2001:95) en in die oordrag van sosiale betekenis (Barthes 1977:15). Kress en Van Leeuwen (1996) onderskei tussen twee belangrike prosesse, naamlik narratiewe en konseptuele prosesse. Die narratiewe proses sluit die verhouding tussen die persoon wat uitgebeeld word en die visueel- grammatiese elemente in (indikators van visuele subjektiwiteit). Die konseptuele proses is die proses waarin betekenis binne die konteks van die visuele voorstelling aan die narratiewe toegeken word (ideasionele betekenis).

Visuele uitbeelding in die sportkonteks

Teen die einde van die negentiende eeu het die ontwikkeling van fotografie die persentasie mediablootstelling van vroulike ikone ('ikoon' word hier gebruik om te verwys na 'n persoon wat as 'n rolmodel beskou word en baie aandag geniet, en nie as teken tipe nie) in die visuele media laat styg. Cross (2006:173-190) analiseer die uitbeelding van vroulike ikone en die implikasies van die representasie van vroue op die konstruksie van hul sosiale identiteite binne die konteks van tegnologiese ontwikkeling. Van toepassing egter binne die sportkonteks en die analise van visuele grammatika, is die manier waarop die gerepresenteerde fotografies-visuele beeld (van vroue) 'n sogenaamde 'nuwe standaard vir stereotipering' ontwikkel het. Hierdie nuwe standaard vir stereotipering is nie net herkenbaar in die 'subjekkeuse', oftewel die sportvroue wat gekies word om gerepresenteer te word nie (ideasionele en interpersoonlike verhoudings), maar ook deur die visuele elemente wat bv. 'n turende kyk ('gaze') van die subjek (die gefotografeerde vrou) na die leser voorstel, asook die posisionering en rigting van beweging van haar liggaam (Cross 2006:176). Hierdie visueel-komposisionele elemente word verantwoord deur Kress en Van Leeuwen se visuele grammatika (1996) en sy ikonologiese analise (2001). Die 'modaliteit' (die mate van realisme van 'n visuele beeld) (Bell 2001:30; Van Leeuwen 2005:281) skep 'n illusie van interaksie tussen die gerepresenteerde en die leser (Cross 2006:176). Modaliteit behels piktorale eienskappe waarna verwys word as 'modaliteitsmerkers', en vorm deel van die interpersoonlike

metafunksie in SFL (Kress & Van Leeuwen 1996:160).

Die ideasionele metafunksie verwys direk na die verskillende wyses waarop objekte binne 'n semiotiese sisteem gerepresenteer kan word. Enige semiotiese sisteem behoort volgens die interpersoonlike funksie die verhouding tussen die skepper van die teken en die ontvanger of skepper van die teken te weerspieël. Die semiotiese sisteem behoort daarom die sosiale relasie tussen die skepper van die beeld, die posisie van die kyker ('interaktiewe deelnemer') en die persoon wat gerepresenteer ('gerepresenteerde deelnemers') word in die beeld of foto te weerspieël (Kress & Van Leeuwen 1996:7).

In hierdie studie word die fotograaf, as visuele skepper, as magsdominant beskou, aangesien sy/haar keuses ten opsigte van visuele representasie subjektief aan lesers bekendgestel word. Die fotograaf se keuses rakende die in- of uitsluiting of prominensie al dan nie van sekere visuele elemente, sal krities geëvalueer word as kern van gendersubjektiviteit. Die 'kategorie' waartoe die uitgebeelde entiteit (bv. sportvrou) behoort, staan bekend as die 'ideasionele'. Die manier waarop sy, die kyker en die fotograaf/fotografiese hoek met mekaar interakteer, maak deel uit van die 'interpersoonlike' dimensie. Genoemde dimensies kan ook oorvleuel. Deur die interpersoonlike verhoudinge wat deur die visuele grammatika getekstualiseer (tot teks gemaak word), word die suiwer kommunikatiewe aspek (bv. die sportvrou in 'n sportkonteks) getransformeer tot 'n objek wat tot 'n ander ideasionele sfeer (bv. 'n veld van mode en modellering ens.) behoort. Sportvroue kan sodoende as't ware binne in 'n ander konteks geplaas word. Fotografe, as visuele skeppers, is daarom nie slegs verantwoordelik vir die oordrag van visuele betekenis nie, maar ook vir die oordrag van sosiale betekenis (Kress & Van Leeuwen 1996:18). Een van die sentrale doelwitte van KDA is die ontmaskering van sosiale betekenis en magsdominasie in diskoers.

3.5 Kress en Van Leeuwen (1996) se visuele grammatika

Kress en Van Leeuwen se visuele grammatika, met spesifieke klem op die elemente wat in fotografie na vore kom, sal in hierdie gedeelte bespreek word as instrument vir die analise van multimodale diskoers, en spesifiek visuele diskoers soos in foto's van sportvroue. Die sosio-semiotiese inslag van die multimodale benadering, met klem op die sosio-kognitiewe kondisies van diskoers, sal kortliks bespreek word en ook in verband gebring word met KDA.

Die manier waarop visuele elemente 'n 'grammatika' konstrueer, speel 'n sentrale rol in die oordrag van sosiale betekenis, interpretasie en sosiale interaksie (Kress & Van Leeuwen 1996:1). Die hipotese van die studie wat omsluit word in die rasionaal, behels die manier waarop sportvroue stereotipes uitgebeeld word deur middel van visuele afbeeldings, oftewel die visuele grammatika. Die elemente van interaksie tussen die skepper, kyker en gerepresenteerde deelnemers (relasionele funksie) sluit in die indikators van visuele subjektiwiteit soos kyk ('gaze'), grootte van die raam, sosiale afstand, perspektief en hoekkeuses (Kress & Van Leeuwen 1996:119-180). Hierdie elemente van 'n visuele grammatika (soos vervat in skemas: Tabel 2-7), sal bespreek en binne die konteks van vroue-sportdeelname geïnterpreteer word. Die visueel-semiotiese kategorieë wat aandag sal geniet omdat hulle die onderskeid belig tussen gestereotipeerde en nie-gestereotipeerde uitbeelding, is **vektore, perspektief, aansig, voor- en agtergrond, figuurkomposisie** en **foto-uitleg** (tipografies uitgehef deur vetdruk 'bold'). **Vektore** as visueel semiotiese kategorie het bepaalde ideasionele en interpersoonlike eienskappe van visuele subjektiwiteit (tipografies deur skuinsdruk uitgehef) tot gevolg in terme van die sportvrou se 'liggaamshouding', 'liggaamsbou', 'kleredrag' en 'gesigsuitdrukking' (konstrukeienskappe deur enkelaanhalings uitgehef). Hierdie *eienskappe van visuele subjektiwiteit* is in die tabel opgesom. Die ander visueel semiotiese kategorieë, insluitend **perspektief, aansig, voor- en agtergrond, figuurkomposisie** en **foto-uitleg** het nie *eienskappe van visuele subjektiwiteit* tot gevolg nie, maar veroorsaak 'n bepaalde magsgosisie (magtig of magteloos)

en gee aanleiding tot agentatiwiteit (uitbeelding as 'objek' of 'subjek').

Elkeen van die genoemde visueel-semiotiese kategorieë sal vervolgens bepreek word as indikators van visuele subjektiwiteit in die visuele grammatika, en die ideasionele en interpersoonlike dimensies van visuele uitbeeldings (van sportvroue) in die sportkonteks sal uitgelig word. Skemas sal opgestel word om as analise-instrumente te dien vir sowel die kwantitatiewe as kwalitatiewe analyses van fotomateriaal uit *SA Sports Illustrated*.

Vektore

Visuele vektore kan gedefinieer word as die lyn, (visueel sigbaar of as verbeeldingslyn) wat die subjek met die leser verbind (Cross 2006:179). Visuele vektore is deel van 'n narratiewe konteks waarin vektore die verhouding tussen objekte aandui of waar deelnemers in terme van klas, struktuur en betekenis uitgebeeld word (Kress & Van Leeuwen 1996:47). Twee prosesse speel 'n rol, naamlik 'n 'aktiewe proses' en 'n 'reaktiewe proses'. Vektore word eerstens verdeel in reaksievektore en aksievektore.

Reaksievektore is die vektore wat gevorm word op die ooglyn, deur die rigting van die turende blik ('gaze') van een of meer deelnemers (gerepresenteerdes). Die 'reaktor' is die persoon wat self verantwoordelik is vir die 'kyk' (Cross 2006:176). Die fenomeen mag ook deur 'n ander deelnemer of deur die deelnemer na wie die 'reaktor' kyk gevorm word. Die ideasionele identiteitsdimensie wat uitgehef word is die loopplankmodel. Skeppers van visuele beeld (fotograwe) en deelnemers wat sin maak daarvan (lesers of kykers) reguleer die boodskap van die beeld en die manier waarop dit geïnterpreteer behoort te word, binne die konteks van 'n sosiale gebeurtenis (Kress & Van Leeuwen 1996:119). Visuele beelde wat so geposisioneer is dat die uitgebeelde deelnemer direk vir die leser 'kyk' of 'n direkte ooglynverbinding vorm, deur die gebruik van vektore, kan 'n sielkundig-sosiale band tussen die objek en die leser tot gevolg hê. Volgens Cross (2006:188) kan hierdie sosio-semiotiese band die

gerepresenteerde tot 'n vroulike ikoon verhef, wat in samewerking met die ander visuele elemente wat bydra tot die 'nuwe stereotipering', sielkundig-sosiale implikasies inhou vir sportvroue en toekomstige sportvroue vir wie die gerepresenteerdes as rolmodelle dien. **Seksuele** en **sensuele vektore** is tipes reaksievektore wat staties of nie-staties mag wees, maar wat ideasioneel na sensuele aspekte verwys. Die vektorlyn wat gevorm word, stel dus die sportvrou op so 'n manier (relasioneel) aan die leser bekend dat die fokus op die seksuele en sensuele val en die ideasionele dimensie dus die van SEKSOBJEK is.

Aksievektore is vektore wat gebruik word om die sportvrou se liggaam vir die kyker in 'n spesifieke sporthouding of -posisie te posisioneer. Die gevolg is die beklemtoning van sportaksie, en die fokus word gestel op sportapparaat of toerusting wat die sportvrou relasioneel as ATLETIES uitbeeld. **Statiese vektore** is horisontale of vertikale lyne, dus nie skuins lyne nie, wat die subjek relasioneel posisioneer as staties. Sportaksie word dus in die proses onderdruk en die ideasionele identiteit wat aan die sportvrou toegeken word is dié van MODEL of VERLOORDER. Uiteraard kan meer as een tipe vektor in dieselfde visuele voorbeeld voorkom en sodoende twee of meer van bogenoemde vektor-kategorieë kombineer. **Sensuele aksievektore** is so 'n kategorie, wat deur 'n kombinasie van fokus op die sensuele en sportaksie die sportvrou as HOMOSEKSUEEL kan posisioneer. **Sensuele en emosionele vektore** is vektore wat, deur die fokus op sensuele en emosionele komponente in die visuele uitbeelding, sportaksie onderdruk en so emosie oorbeklemtoon en die sportvrou relasioneel as VERLOORDER kan bekendstel. Die konstrukdimensies insluitende ATLETIES, HOMOSEKSUEEL, VERLOORDER, MODEL en SEKSOBJEK sal tipografies uitgehef word deur klein hoofletters ('small caps').

Die verskillende tipes vektore is in Tabel 2 vervat.

Tabel 2: Visueel semiotiese kategorie: Vektore

Tipes vektore:	Beskrywing van visueel-semiotiese kategorieë	Dimensies van diskoers in 'n sportkonteks (konstrukdimensies)
Reaksievektore	Vektor verbind ooglyn van figuur en leser en het 'n starende blik ('gaze') tot gevolg.	MODEL
Seksuele vektore	Vektore verwys na sensuele en seksuele	SEKSOBJEK
Aksievektore	Vektore (gewoonlik skuins lyne): figuur in aksieposisie	ATLETIES
Statiese vektore	Vektore is staties (horisontaal of vertikaal): figuur in statiese posisie	MODEL VERLOORDER
Sensuele aksievektore	Vektore verwys na aksie (skuins lyne), met die doel om bultende spiere en manlikheid te beklemtoon	HOMOSEKSUEEL
Sensuele en emosionele vektore	Vektore verwys na sensuele en emosionele (skuins lyne), met die doel om sportaksie te onderdruk en emosie uit te lig	VERLOORDER

Perspektief

Die keuse van 'n spesifieke invalshoek (*point of view*), impliseer die moontlikheid van 'n subjektiewe (sosiaal vooropgestelde) houding, wat 'n direkte invloed kan hê op die fotografiese styl van 'n fotojoernalis, asook sy/haar seleksie van foto-elemente (Van Leeuwen 2001:89). Die gevolg van die keuse van 'n spesifieke invalshoek is 'n tipe simmetrie tussen die manier waarop die beeldskepper (joernalis) in verhouding met die gerepresenteerde deelnemers (sportvroue) en die kyker (leser van *SASl*) staan, wat dikwels daartoe lei dat die kyker subjektief betrokke raak indien die invalshoek subjektief deur die produseerder geskep word (Kress & Van Leeuwen 1996:137). Visuele beelde wat objektiewe houdings voorstel (deurdat objekte ongemiddeler uitgebeeld word) het tipies 'n oogvlak-(gelyke) perspektief en nie 'n van-bo-na-onder-perspektief (*bird's eye view*) of 'n

van-onder-na-bo-perspektief (*worm's eye view*) nie (Kress & Van Leeuwen 1996:136). 'n Van-bo-na-onder-perspektief (figuur van bo af gefotografeer) en 'n van-onder-na-bo-perspektief (figuur van onder af gefotografeer) is subjektiewe perspektiewe wat daartoe kan lei dat die figuur magteloos (veral as seksuele-vektore aanwesig is) in verhouding tot die kyker uitgebeeld word (Tabel 3). Daarteenoor word die moderne 'vroue-ikoon' dikwels deur advertensies uit die van-onder-na-bo-perspektief gefotografeer om haar 'verhewe' bo die leser uit te beeld (Cross 2006: 183) – dus as 'n ideaalbeeld om na te streef. Dit is uit hierdie gevolgtrekking en ook Kress en Van Leeuwen (1996) se teorie dat die sportvrou wat van-onder-na-bo gefotografeer word, as verhewe en dus relasioneel as 'magtig' uitgebeeld word. Indien die sportvrou van-bo-na-onder gefotografeer word, word sy ideasioneel as magteloos en as 'offer' vir die kyker voorstel.

Tabel 3: Visueel semiotiese kategorie: Perspektief

Perspektiwiese invalshoeke	Beskrywing van visueel-semiotiese kategorieë	Mag	Agentatiwiteit (oorganklikheid)
Van-bo-na-onder-perspektief	Figuur word van bo af gefotografeer	Magteloos	Objekposisie
Van-onder-na-bo-perspektief	Figuur word van onder af gefotografeer en klem word daarmee saam geplaas op seksuele/sensuele	Magtig	Subjekposisie
Oogvlak	Figuur word op gelyke/oogvlak perspektief gefotografeer	Neutrale interpretasie	Neutraleposisie

Aansig

Aansig het te doen met posisie. Daar word onderskei tussen 'vooraansig', 'skuinsaansig' en 'agteraansig' (Tabel 4). Die verskil tussen vooraansig en

skuinsaansig en sentrale uitbeelding is volgens Kress & Van Leeuwen (1996:143) geleë in die verskil tussen betrokkenheid en afwesigheid; dus die wyse waarop die gerepresenteerde as 'subjek' of 'objek' voorgestel word. Horisontale hoeke enkodeer die beeldskepper (fotograaf) en het daarom 'n invloed op die betrokkenheid van die kyker. Die sentrale hoek ('vooraansig') dui op volle betrokkenheid, waar die figuur as die 'subjek' uitgebeeld word, en individuele liggaamsdele dikwels verdere fokus op die subjek plaas of die leser in die visuele beeld 'intrek' (Cross 2006:182). 'n 'Skuinsaansig', daarteenoor, dui op afwesigheid van die leser. Die figuur tree as 'objek' op aangesien daar geen elemente is wat as geheel vir die kyker uitstaan (Cross 2006:182) en sodoende aandag rig op die figuur as 'subjek' nie. Van Leeuwen (2005:211) wys ook op die semiotiese relevansie van uitbeelding in vooraansig, wat volwaardige identiteit van die gerepresenteerde figuur toeken, terwyl uitbeelding van agter identiteitloosheid (objekstatus) sinjaleer.

Tabel 4: Visueel semiotiese kategorie: Aansig

Aansig	Beskrywing van visueel-semiotiese kategorieë	Mag	Agentatiwiteit (oorganklikheid)
Vooraansig	Figuur word reg van voor af gefotografeer	Magtig	Subjekposisie
Skuinsaansig	Figuur word van die kant af gefotografeer	Magteloos	Objekposisie
Agteraansig	Figuur word van agter af gefotografeer	Magteloos	Objekposisie

Voor- en agtergrondprominensie

Die visueel-semiotiese kategorie wat prominensie van die figuur in vergelyking met die agtergrond onderskei, staan bekend as 'voor- en agtergrondprominensie' (Tabel 5). 'Agtergrondprominensie' verwys na 'n langafstandskoot waar die agtergrond oorheers en die figuur sekondêr is. 'Suiwer figuurprominensie' verwys na 'n nabyskoot, waar die figuur oorheers en die agtergrond sekondêr is (in die

afwesigheid van sensuele/reaksievektore). Die figuur word dus op die voorste prentvlak gefotografeer, wat direkte interaksie met die leser tot gevolg het (Cross 2006:184) en die gerepresenteerde as prominente magsfiguur uitbeeld. Dertens is daar 'gemedieerde figuurprominensie', wat ook na 'n nabyskoot verwys waar die figuur oorheers en die agtergrond sekondêr is, maar sensuele en reaksievektore wel aanwesig is en sodoende as indikators van visuele subjektiwiteit (waar die sportvrou relasioneel as 'seks'objek) optree. Agentatiwiteit kom hier ter sprake deurdat die kameraskoot die gerepresenteerde persoon as objek, subjek of seksobjek uitbeeld.

Tabel 5: Visueel semiotiese kategorie: Voor- en agtergrondprominensie

Voor- en agtergrond-Prominensie	Beskrywing van visueel-semiotiese kategorieë	Mag	Agentatiwiteit (oorganklikheid)
Voorgond (suiwer) figuur-prominensie: (Nabyskoot)	Figuur oorheers, agtergrond is sekondêr. Seksuele en/of reaksievektore is afwesig	Magtig	Subjekposisie
Gemedieerde figuur-prominensie: (Nabyskoot)	Figuur oorheers, agtergrond is sekondêr. Seksuele of reaksievektore is aanwesig	Magteloos	Seks(objek): objekposisie
Agtergrond figuur-prominensie (langafstandskoot)	Agtergrond oorheers, figuur is sekondêr.	Magteloos	Objekposisie

Figuurkomposisie

'Figuurkomposisie' of 'raming' is 'n aspek van die visuele grammatika wat die tekstuele metafunksie instansieer (Kress & Van Leeuwen 1996:41). Dit speel 'n rol ten opsigte van 'prominensie'; dit wil sê, watter teksinhoud wel ingesluit word in verslaggewing (teks) en watter teks eenvoudig uitgelaat word (Philo 2007:186).

Volgens Van Leeuwen (2005:7) verwys raming (as kernelement van visuele komposisie) nie slegs na die manier waarop die lyne van rame (fotrame of teksbokse) skeiding in die visuele komposisie kan teweeg bring nie, maar ook die manier waarop die elemente van die visuele komposisie visueel aan mekaar verbind word deur die afwesigheid van verbindingselemente, bv. deur leë ruimtes, verbindingslyne ens. Die figuurkomposisie behels dus die hooffiguur se uitbeelding in verhouding tot die fotografiese raam (**sentrale komposisie, linker- of regterkantplasing**). Die invloed van leë ruimtes binne die fotoraam (Van Leeuwen 2005:7) word dus in ag geneem. Die sentrale komposisie verwys na die figuur wat sentraal in die fotoraam uitgebeeld word en so die subjekposisie inneem. Cross (2006:182) verduidelik aan die hand van haar analise van die Christian Dior-advertensie (2006:183) hoe sentrale figuurraming gebruik word om die gerepresenteerde as 'n ikoon of godin te verhef, wat die 'subjek'-dimensie bevestig. Figure wat egter links of regs in die fotoraam geplaas word, word as ondergeskik aan die sentrale posisie beskou en daarom figureer die figuur as objek. Figuurkomposisie word in Tabel 6 uiteengesit.

Tabel 6: Visueel semiotiese kategorie: Figuurkomposisie

Figuur-Komposisie	Beskrywing van visueel-semiotiese kategorieë	Mag	Agentatiwiteit (oorganklikheid)
Sentraal	Figuur word sentraal in die fotoraam uitgebeeld (in die middel)	Magtig	Subjekposisie
Links/Regs	Figuur verskyn links of regs in die fotoraam	Magteloos	Objekposisie

Foto-uitleg

Kress en Van Leeuwen (1996) en Van Leeuwen (2005:278) verwys na hierdie komponent as die 'informasiewaarde' (as een van die drie kernelemente van komposisie), wat linkerkant en regterkant, bo en onder, sentrale en kantlyn-posisionering insluit. Ten opsigte van tydskrifanalise moet daar in ag geneem

word of die foto oor 'n enkelblad of dubbelblad uitgelê is (wat in hierdie studie irrelevant is, aangesien slegs enkelbladfoto's in die datakorpus ingesluit is). Die ideasionele en interpersoonlike relevansie van **linkerkant- en regterkant-posisionering** van 'n enkelbladuitleg is egter soortgelyk en wel relevant in hierdie studie. Die regterkantse bladsy van 'n dubbelblad (of foto's wat aan die regtekant van 'n tydskrif geposisioneer word), word gekenmerk deur dominansie en 'turende blik', wat die kyker of leser se oog en konsentrasie en turende blik lei na hierdie bladsy (regter) (of regterkantse foto), wat as 'nuwe' inligting aangebied word (Kress & Van Leeuwen 1996:186; Van Leeuwen 2005:202-205). Foto's wat op die **regterkant** van 'n dubbelblad geposisioneer word, sal dus die foto en (in)direk die gerepresenteerde as subjek uithef en foto's aan die **linkerkant** geposisioneer sal die persoon as objek of as minder belanglik uitbeeld. Posisionering van 'n foto aan die bo- of onderkant van die bladsy het ook 'n visueel semiotiese funksie. Foto's wat onder aan die bladsy geposisioneer word, vervul dus 'n ideologies ondergeskikte rol (gerepresenteerde word as objek geklassifiseer) teenoor die 'subjekposisie' indien die foto bo-aan 'n bladsy aangetref word (Kress & Van Leeuwen 1996:194; Van Leeuwen 2005:205). **Sentrale of kantlynposisionering** is ook van belang: Indien visuele beelde sentraal voorgestel word, lei dit tot 'n fokuspunt en dien die sentrale beeld as mediator tussen die kantlyne. Die drieledige uitleg met 'n visuele beeld aan die bokant, in die middel en aan die onderkant van die bladsy, word algemeen in tydskrifuitleg aangetref (Kress & Van Leeuwen 1996:208,224). Die **sentrale** foto is dus komposisioneel in die subjekposisie, en word beskou as die nukleus van wat gekommunikeer word (Van Leeuwen 2005:208), terwyl die **kantlynfoto**, tipies in die objekposisie uitgebeeld word as iets wat ondergeskik of afhanklik is.

Foto-uitleg word in Tabel 7 skematies voorgestel.

Tabel 7: Visueel semiotiese kategorie: Foto-uitleg

Foto-uitleg	Beskrywing van visueel-semiotiese kategorieë	Mag	Agentatiwiteit (oorganklikheid)
Dubbelblad:			
Regs	Foto verskyn op die regterkantse bladsy	Magtig	Subjekposisie
Links	Foto verskyn op die linkerkantste bladsy	Magteloos	Objekposisie
Enkelblad:			
Bo	Foto verskyn bo aan die bladsy	Magtig	Subjekposisie
Onder	Foto verskyn onder aan die bladsy	Magteloos	Objekposisie
Sentraal	Foto is sentraal (in die middel van) die bladsy	Magtig	Subjekposisie
Kantlyn	Foto verskyn in die kantlyn, links of regs van die middel van die bladsy	Magteloos	Objekposisie

Die metodologie vir die diskoersanalise en die vraelysondersoek wat op die visuele grammatika, soos uitgesit in tabelle 2 - 7 berus, sal in hoofstuk 4 bespreek word. By die kwalitatiewe ondersoek (diskoersanalise) word van tabelle 2 - 7 gebruik gemaak, terwyl tabel 2 gebruik word vir die kwantitatiewe ondersoek (vraelysondersoek).

HOOFSTUK 4: Metodologie

4.1 Inleiding

Die metodologie vir die kritiese analise en die vraelysondersoek word kortliks in hierdie hoofstuk bespreek. Eerstens word 'n kort beskrywing gegee van die materiaal/ondersoekseenhede wat aan toetsing onderwerp is in beide die kwalitatiewe en kwantitatiewe studies en daarna word 'n oorsig gegee oor die metodologie vir die kwantitatiewe studie. Die metodologie vir die kwalitatiewe studie sal volledig in hoofstuk 5 bespreek word.

4.2 Materiaal/ondersoekseenhede

Die materiaal of navorsingseenhede wat aan toetsing onderwerp is, is fotografiese afbeeldings uit die sporttydskrif *SA Sports Illustrated*, spesifiek die foto-rubriek 'Say Cheese' (2001-2003), wat in 2004 'n naamsverandering ondergaan het en tot einde 2005 as 'Photobooth' bekend staan. In 2006 is die foto-rubriek weer hernoem en staan steeds bekend as 'Leading Off'. *SA Sports Illustrated* het in Julie 2007 ook 'n Afrikaanse uitgawe geloods. In hierdie weergawes staan die foto-rubriek as 'Voorgereg' bekend.

Die datakorpus sluit slegs volblad- visuele voorstellings van sportvroue in, wat vanaf Januarie 2002 tot Januarie 2008 in hierdie fotorubrieke gepubliseer is.

4.3 Kwalitatiewe analise

Kress en Van Leeuwen (1996) se visuele grammatika, wat 'n 'vertaling' is van die Hallidayaanse funksionele teksgrammatika, het as vertrekpunt vir die kritiese analise gedien. Die grammatika het as basis gedien vir die ponering van heuristieke vir die Kritiese Diskoersanalise. Die data-analiseproses sal uitgebreid in hoofstuk 5 (afdeling 5.2) bespreek word. Die Kritiese Diskoersanalise is gedoen nadat die vraelys opgestel is, maar voordat die vraelys-response geanaliseer is, sodat die navorser nie in haar kritiese analise beïnvloed kon word

deur die response in die kwantitatiewe ondersoek nie. Soos reeds in die inleiding hierbo aangedui is, word die metodologie vir die kritiese analise volledig in hoofstuk 5 bespreek.

4.4 Kwantitatiewe vraelysondersoek

4.4.1 Data-insameling

Die vraelys

In die ingeligte toestemmingsbrief (eerste bladsy van die vraelys) is die doel van die ondersoek verduidelik, naamlik om sportdeelnemers se persepsies oor die visuele representasie van sportvroue in 'n bepaalde tydskrif te toets, en is deur respondente onderteken. Respondente moes as deel van die demografiese besonderhede aandui wat hulle primêre sportsoort van deelname is (insluitende: tennis, swem, atletiek, gimnastiek, rugby, krieket, sokker, of ander). Die vlak van sportbeoefening (kompeterend, rekreasie, onderwys, afrigting, konsultasie of ander), asook die respondent se ouderdom en geslag moes ook aangedui word.

Altesame 13 volblad-kleurfoto's (totale aantal volbladfoto's van sportvroue wat oor 'n tydperk van ses jaar in *SA Sports Illustrated* verskyn het), is in die vraelys ingesluit. Respondente is gevra om 13 foto's van sportvroue wat in die vraelys ingesluit is, volgens bepaalde stellings te evalueer deur aan te dui in watter mate hulle met die stelling saamstem. Elke stelling het betrekking op die lesers se persepsies van die kritiese dimensies van diskoers. Die meetinstrument toets die respondente se persepsies oor die stereotipiese dimensies van diskoers wat in Kress en Van Leeuwen se visuele grammatika en hoofsaaklik die **vektoranalise** vervat is. Die visuele grammatika het dus grotendeels die kategorisering bepaal en as basis gedien vir die vraelys.

Die visuele grammatika is geoperasionaliseer in die visueel semiotiese kategorie (wat 'n indikator van visuele subjektiwiteit is) en 'n bepaalde eienskap van visuele subjektiwiteit beklemtoon. Die eienskappe van visuele subjektiwiteit is verteenwoordigend van die konstrukeienskappe, te wete 'liggaamshouding',

'liggaamsbou', 'kleredrag' en 'gesigsuitdrukking' en het elk vier responsopsies. Die responsopsies toets verder die konstrukeienskappe wat verteenwoordigend is van die konstrukdimensies, naamlik: ATLETIES, HOMOSEKSUEEL, VERLOORDER, MODEL en SEKSOBJEK. Die kritiese dimensies is dus vergestalt in die vrae met betrekking tot die konstrukeienskappe en verder afgebreek in die ideasionele en interpersoonlike eienskappe van visuele subjektiwiteit. Vierpunt-Likertskale is deurlopend gebruik, met (1) as 'verskil volkome en (4) as 'stem volkome saam'.

Voorbeeld:

Vraag 1.1 (Tabel 8) van die vraelys kan as voorbeeld gebruik word om bogenoemde te illustreer. Vraag 1.1 toets die persepsies van die respondente ten opsigte van die mate van *gespierdheid* van die uitgebeelde sportvrou. Die respondente moes aandui tot watter mate hulle saamstem dat die uitgebeelde sportvrou *oormatig gespierd* voorkom. Die visueel semiotiese kategorie ter sprake is **sensuele aksievektore**, wat 'n bepaalde eienskap van visuele subjektiwiteit, naamlik die uitbeelding van die sportvrou as *oormatig gespierd*, uitlig. Hierdie eienskap (*oormatige gespierdheid*) het betrekking op een van die vier genoemde konstrukeienskappe, in dié geval 'liggaamsbou', wat weer bydra om gestalte te gee aan 'n bepaalde stereotipiese konstrukdimensie, in hierdie geval die uitbeelding van die sportvrou as HOMOSEKSUEEL (negatief stereotiperend).

Tabel 8: Voorbeeld uit die vraelys (vraag 1.1-1.5)

FOTO 1					Vir kantoor gebruik	
Stelling						
<i>Die sportvrou word uitgebeeld as iemand wat die volgende eienskappe besit:</i>						
		Stem volkome saam	Stem gedeeltelik saam	Verskil gedeeltelik	Verskil algeheel	
1.1	Sy lyk oormatig gespied.	4	3	2	1	V6 ☐ 11
1.2	Haar houding straal vroulikheid uit.	4	3	2	1	V7 ☐ 12
1.3	Haar liggaamstaal is aggressief.	4	3	2	1	V8 ☐ 13
1.4	Sy word met 'n aktiewe houding uitgebeeld.	4	3	2	1	V9 ☐ 14
1.5	Haar liggaamstaal straal arrogansie uit.	4	3	2	1	V10 ☐ 15

Die visueel semiotiese kategorie is telkens tipografies uitgehef deur dit in **vetdruk (bold)** te merk, die eienskap van visuele subjektiwiteit is in *skuinsdruk (italics)* weergegee en die konstrukeienskappe telkens in 'enkel aanhalingstekens'. Die konstrukdimensie word deur KLEIN HOOFLETTERS (SMALL CAPS) tipografies uitgehef. Slegs 'vektore' as visueel semiotiese kategorie (soos vervat in die model) word in die vraelys vervat. Die ander visueel grammatiese kategorieë, insluitende perspektief, aansig, foto-uitleg, figuurprominensie en figuurkomposisie is nie eksplisiet in die vrae betrek nie, aangesien dit kennis op 'n metavlak vereis waaroor die meeste respondente nie beskik nie. Genoemde kategorieë word wel in die kwalitatiewe ondersoek (hoofstuk 5) betrek. Dis juis die samespel van visueel grammatiese elemente wat mag uitoefen en betekenis skep sonder die bewustelike realisering daarvan deur die kyker.

4.4.2 Respondente

Agt-en-negentig eerstejaarstudente tussen die ouderdomme van 18 en 24 aan die Universiteit van Pretoria se Departement Biokinetika, Sport en Vryetydstudies, is op 'n niewinsgewende en vrywillige basis (Babbie & Mouton 2003) by wyse van 'n gerieflikheidsteekproeftrekking (studente wat vir 'n bepaalde module in die Departement Biokinetika, Sport en Vryetydwetenskappe ingeskryf is) geselekteer. Hoewel die steekproef op beskikbaarheid berus, was dit ook doelgerig ('purposive') aangesien dit prototipiese verteenwoordigers van

die populasie insluit en terselfdertyd ook 'n verskeidenheid van sportsoorte (waaraan die respondente self deelneem) verteenwoordig.

Die grootte van die steekproef is gedeeltelik bepaal deur die getal eerstejaarsstudente wat vir 'n bepaalde kernmodule in bogenoemde departement ingeskryf was, minus die getal studente wat sou aandui dat hulle nie aan die vraelysondersoek wou deelneem nie. In hierdie studie het al die respondente ingewillig om aan die navorsingsondersoek deel te neem. Tesame met die Departementshoof van die Departement Biokinetika, Sport en Vryetydswetenskappe is 100 studente as 'n realistiese, beskikbare steekproefgrootte gedefinieer. Agt-en-negentig eerstejaarsstudente uit die eerstejaarsklas in BGN 153, aangebied deur mnr. Mark Nichols, het uiteindelik aan die studie deelgeneem. Alle respondente het 'n toestemmingsbrief onderteken ten einde die vraelyste vir navorsingdoeleindes te kon gebruik (Bylaag A).

4.4.3 Data-analiseproses

Die kwalitatiewe data is deur die navorser geanaliseer (soos in afdeling 5.2 bespreek), terwyl die kwantitatiewe data geanaliseer is deur gebruikmaking van SAS^{®2}, 'n statistiese dataverwerkingsprogram, waarin die vrae as veranderlikes dien en die opsies by elke vraag as onderling uitsluitende waardes funksioneer. Die kwantitatiewe data wat deur die vraelys-ondersoek saamgestel is, het verskillende statistiese toetse (prosesse en weergawes) ondergaan ten einde die grafieke op te stel. Die rou data is in die eerste plek gedruk deur gebruikmaking van SAS[®]. Daarna is aanvanklike waardes vir al die veranderlikes vasgestel om die omvang van die waardes vir die verskillende vlakke te bepaal. 'n Tweerigtingtabel is vervolgens opgestel met gebruikmaking van die chi-kwadraat-opsie om vir assosiasies te toets.

² SAS[®]: Weergawe 8.2, IBM hoofraamrekenaar (z-VM 5.3.0): Universiteit van Pretoria

Die kwalitatiewe studie (kritiese analise) van die visuele uitbeeldings van sportvroue (soos vervat in die datakorpus), sal in die volgende hoofstuk bespreek word.

HOOFTUK 5: Kwalitatiewe analise

5.1 Inleiding

In hoofstuk 4 is die metodologie vir die kritiese analise en vraelysondersoek (hoofstuk 6) opsommend bespreek. Die 13 foto's in die datakorpus sal in hierdie hoofstuk krities ontleed word met behulp van die deelgrammatika wat gedistilleer is uit Kress & Van Leeuwen se omvangryke visuele grammatika, met die spesifieke doel om visuele genderrolstereotipering in die foto's van sportvroue te beskryf.

5.2 Metode

Elke foto sal op grond van die visuele grammatika ontleed word. **Vektoranalise** sal die kern van die grammatikale ontleding uitmaak. Die tipe vektore wat aanwesig is en die stereotipiese konstruksie wat daarvolgens geïdentifiseer is, sal aangedui word. Die vektore sal visueel op elke foto aangebring word met behulp van vektorpyle. Die *eienskappe van die visuele subjektiwiteit* wat die vektore tot gevolg het in terme van die sportvrou se 'liggaamshouding', 'liggaamsbou', 'kleredrag' en 'gesigsuitdrukking' sal ook bespreek word. Die grammatikale elemente, afgesien van die vektore, wat gebruik word in die analise, sluit in **perspektief**, **aansig**, **voor- en agtergrondprominensie**, **figuurkomposisie** en **uitleg**. Die grammatikale elemente sal telkens in die konteks van die betrokke stereotipiese dimensie bespreek word.

5.3 Resultate

Foto 1



Fig. 5.1 Foto 1 met vektor-analise: Martha Silva

(SA Sports Illustrated, Feb. 2004:2)

In Figuur 5.1 (foto 1) die uitbeelding van sokkerspeler Martha Silva (sportvrou met geel hemp), is daar 'n groot aantal sensuele aksievektore aanwesig, wat veral 'liggaamsbou' en 'liggaamshouding' beklemtoon. Die stereotipiese konstrukdimensie wat hier ter sprake is, is HOMOSEKSUEEL. Die **sensuele vektore** verwys na *oormatig gespierde*, *onvroulike*, *aggressiewe* en *arrogante* 'liggaamshouding'. Die *oormatig gespierde* 'liggaamsbou' word beklemtoon deur vektore wat verwys na die bultende arm- en beenspiere en die *onvroulike* 'liggaamshouding' deur arms wat oopgesprei is en die bors wat uitgestoot is. Die vektore wat die gespanne mond- en gesigspiere beklemtoon, beklemtoon die *aggressie* van die atleet en die gespanne nek-, gesig- en armspiere en uitgestote bors wat deur die vektore uitgelig word, beklemtoon die *arrogante* 'liggaamshouding'. Die **aksievektore** plaas klem op sportaksie en daardeur word die aktiewe 'liggaamshouding' uitgelig. Die **perspektief** in hierdie voorbeeld is gelyke of oogvlakperspektief, wat 'n neutrale interpretasie tot gevolg het. Die sportvrou word in **vooraansig** uitgebeeld, wat haar as subjek beklemtoon. Die voor- en agtergronddimensie is **suiwer figuurprominensie** en die **figuurkomposisie sentraal**, wat haar ook in die subjekposisie plaas. Die foto is op die **linkerkantste bladsy** van die tydskrif geplaas. Op grond van hierdie **uitleg** word die sportvrou as objek voorgestel en dus minder belangrik as sportpersone wat op die regterkantste bladsy uitgebeeld word. Die uitleg ondersteun dus die negatiewe stereotipering en die uitbeelding van die sportvrou as HOMOSEKSUEEL.

Foto 2




Fig. 5.2 Foto 2 met vektor-analise: Michelle Wie
(*SA Sports Illustrated*, Maart 2004:26)

In foto 2, die uitbeelding van gholfspeler Michelle Wie, is daar heelwat aksievektore teenwoordig. Die prototipiese konstrukdimensie ATLETIES word daardeur versterk. Die **aksievektore** verwys na 'n *atletiese* 'liggaamsbou', sportiewe 'kleredrag', vroulike 'liggaamshouding' en *gedetermineerde* 'gesigsuitdrukking'. Die *aktiewe, atletiese* 'liggaamsbou' word beklemtoon deur die klem te verskuif na die sportaksie. Alle vektore wys na die gholfstok (sportapparaat). Die 'kleredrag' word nie oor- of onderbeklemtoon nie en die tipe 'liggaamsbou' word onderspeel, deurdat klem op die *sportaksie* val. Die perspektief is **van-onder-na-bo**, wat as gevolg van die afwesigheid van sensuele/seksuele vektore 'n neutrale interpretasie tot gevolg het. Indien sensuele/seksuele vektore wel aanwesig was, sou die sportvrou as subjek voorgestel word. Sy word in **skuinsaansig** uitgebeeld, wat haar as objek uitbeeld. Die voor- en agtergronddimensie is **suiwer figuurprominensie** en die **figuurkomposisie is sentraal**, wat haar prominensie as ATLEET gee. Die foto is op die **linkerkantste bladsy** van die tydskrif geplaas, wat haar in 'n mate objektiveer, en as minder belangrik uitbeeld in vergelyking met sportpersone wat op die regterkantste bladsy uitgebeeld word.

Foto 3



Fig. 5.3 Foto 3 met vektor-analise: Serena Williams

(SA Sports Illustrated, Julie 2004:27)

Die uitbeelding van tennisspeler Serena Williams (foto 3) as HOMOSEKSUEEL word deur 'n groot aantal **sensuele aksievektore** ondersteun. Die konstrukeienskappe 'liggaamsbou' en 'liggaamshouding' steun hierdie uitbeelding. Die sensuele aksievektore beklemtoon die *oorontwikkellende* 'liggaamsbou', *aggressiewe* en *onvroulike* 'liggaamshouding'. Die teenwoordigheid van **aksievektore** belig wel 'n *aktiewe* 'liggaamshouding', maar homoseksualiteit en *arrogansie* word steeds uitgestraal deurdat vektore hoofsaaklik die fisiese krag van bultende arm en beenspiere (oorontwikkelde 'liggaamsbou'), die sensuele (nie-sportiewe 'liggaamshouding'), gespanne mond en gesigspiere (aggressie), liggaamsposisie (oop bene) en ongebalanseerde 'liggaamshouding' (*onvroulik*) beklemtoon. Die **oogvlakperspektief** het 'n neutrale interpretasie. Die **vooraansig-uitbeelding** plaas haar in 'n subjekposisie en dra dus nie tot stereotipering by nie. Die voor- en agtergronddimensie kan beskryf word as **gemedieerde figuurprominensie** vanweë die aanwesigheid van sensuele en seksuele reaksievektore (objekposisie) wat die HOMOSEKSUELE dimensie ondersteun. Die **figuurkomposisie** is **sentraal** (subjekposisie). Die foto is op die **regterkantste bladsy** van die tydskrif geplaas en sodoende word sy as subjek voorgestel. Die figuurprominensie ondersteun dus die HOMOSEKSUELE uitbeelding.

Foto 4




Fig. 5.4 Foto 4 met vektor-analise: Hestrie Cloete

(*SA Sports Illustrated*, Okt. 2004:28)

In die uitbeelding van die Suid-Afrikaanse Olimpiese hoogspringatleet Hestrie Cloete (foto 4) is daar 'n groot aantal sensuele, emosionele en statiese vektore teenwoordig, wat bydra tot die uitbeelding van die sportvrou as VERLOORDER. Die **sensuele en emosionele vektore** beklemtoon die sportvrou se 'liggaamsbou', 'liggaamshouding', en *emosionele aard*, wat teenstrydig is met ATLETIES. Die **statiese vektore** beklemtoon die *passiewe* 'liggaamshouding' en gebrek aan sportaksie. Die **perspektief** in hierdie voorbeeld is **van-onder-na-bo**, wat die sportvrou as subjek uitbeeld. Alhoewel die **vooraansig** teenstrydig is met die negatiewe stereotipering plaas die **gemedieerde figuurprominensie** klem daarop (a.g.v. die aanwesigheid van sensuele en seksuele reaksievektor). Die figuur word in 'n objekposisie **regs** in die fotoraam geplaas, wat die VERLOORDER dimensie versterk. Die foto word op die **linkerkantste bladsy** van die tydskrif geplaas (objekposisie) wat haar as minder belangrik in vergelyking met die sportman (die Suid-Afrikaanse atleet: Mbulaeni Mulaudzi, Fig. 5.4) op die regterkant (subjekposisie) van die dubbelblad uitbeeld. Groter prominensie word dus aan Mulaudzi op dié wyse gegee. Die foto-byskrif van die foto van Mbulaeni Mulaudzi, lui 'Gutsy' en die onderskrif van die foto van Cloete lui 'Silver again'. Beide Mulaudzi en Cloete was silwermedalje-wenners by die Spele.




Fig. 5.4 b: Mbulaeni Mulaudzi
 (SA Sports Illustrated, Okt. 2004:29)

Foto 5



Fig. 5.5 Foto 5 met vektor-analise: Serena Williams

(*SA Sports Illustrated*, Nov. 2004:37)

In foto 5, 'n uitbeelding van die tennisspeler Serena Williams is daar 'n groot aantal **sensuele aksievektore** teenwoordig wat die sportvrou as HOMOSEKSUEEL uitbeeld. Die vektore verwys onder meer na die *uitlokkende*, maar *onvroulike* 'kleredrag' en die *nie-sportiewe aard* daarvan. Die vektore plaas klem op die 'v' wat deur die sportvrou se bene gevorm word as gevolg van die stapbeweging en sodoende ook op die sensuele en ongewone aard (veral in die tennisswêreld) van die 'kleredrag'. Die *oorontwikkelde arm-, boud- en bobeenspiere* (grootte van die sportvrou se liggaam) word deur die vektore beklemtoon. Die **perspektief** is **van-bo-na-onder**, wat Williams as magteloos voorstel. Daarenteen is die **aansig skuinsaansig** wat die sportvrou as objek uitbeeld. Die **voor- en agtergronddimensie** is **suiwer figuurprominensie**, wat deur die sensuele- en seksuele vektore gestaaf word (subjekposisie). Die **figuurkomposisie** is **sentraal** en die foto is op die **regterkantste bladsy** van die tydskrif geplaas, wat Williams in beide gevalle as subjek uitbeeld.

Foto 6



Fig. 5.6 Foto 6 met vektor-analise: Amiria Marsh
(*SA Sports Illustrated*, Okt. 2005:39)

In foto 6, die uitbeelding van rugbyspeler Amiria Marsh, word die sportvrou as HOMOSEKSUEEL uitgebeeld. Die **sensuele aksievektore** beklemtoon die *oorontwikkelde* 'liggaamsbou', *onvroulike* 'kleredrag', 'n *aggressiewe*-, *aktiewe*-, *onvroulike* 'liggaamshouding' en *doelgerigte* 'gesigsuitdrukking'. Die vektore plaas klem op die bultende arm- en beenspiere wat die *oorontwikkelde* 'liggaamsbou' beklemtoon. Die 'kleredrag' se grootte (ooglopend te groot) versterk die *onvroulike* voorkoms. Die gespanne mond- en gesigsspiere dui op 'n *aggressiewe* 'liggaamshouding'. Die aksievektore beklemtoon die *aktiewe* 'liggaamshouding' en die gespanne nek-, gesig-, arm en beenspiere die *onvroulikheid*. Die **perspektief** is **gelyke /oogvlakperspektief** en het 'n neutrale interpretasie tot gevolg. Die **aansig** is **vooraansig** (sportvrou as subjek) en die **gemedieerde figuurprominensie** ondersteun die objekposisie. Die figuur is **regs geposisioneer** en plaas klem op die konstrukdimensie HOMOSEKSUEEL. Die foto is op die **regterkantste bladsy** van die tydskrif geplaas, wat die sportvrou as subjek uitbeeld.

Foto 7



Fig. 5.7 Foto 7 met vektor-analise: Silvia Cavalleri
(*SA Sports Illustrated*, Okt. 2006:20)

In foto 7, 'n uitbeelding van gholfspeler Silvia Cavalleri, oorheers die aksievektore. Die prototipiese konstrukdimensie is ATLETIES. Die **aksievektore** beklemtoon die *sportiewe*, *aktiewe* 'liggaamshouding', asook die *gedetermineerde* (doelgerigte) 'gesigsuitdrukking'. Die vektore plaas klem op die *aktiewe*, *atletiese* liggaam, deur die fokus na die *sportaksie* te verskuif (alle vektore verwys na die gholfbal (sporttoerusting)). Die aktiewe 'liggaamshouding' word dus deur die *sportfokus* versterk, en die *vroulike* 'liggaamsbou' word beklemtoon deurdat die fokus op die *sportaksie* val. Die vektore wat die ooglyn na sportaksie en -apparaat lei (bv. vektore vanaf die ooglyn), beklemtoon die *gedetermineerde* 'gesigsuitdrukking'. Die **perspektief** is **gelyke/oogvlakperspektief**, wat 'n neutrale interpretasie tot gevolg het. Die **aansig** is **skuinsaansig**, wat die sportvrou as objek voorstel. Die **voor- en agtergronddimensie** is **suiwer figuurprominensie** en die **figuurkomposisie sentraal** (subjekposisie). Die **foto-uitleg** is op die **linkerkantste bladsy** van die dubbelblad, wat die sportvrou as objek en as minder belangrik voorstel. Die **foto-uitleg** en **aansig** ondersteun dus nie die prototipiese uitbeelding van die sportvrou as atleties en as subjek nie.

Foto 8




Fig. 5.8 Foto 8 met vektor-analise: Derval O'Rourke
(SA Sports Illustrated, Okt. 2006:26)

In foto 8, die uitbeelding van die hekkiesatleet Derval O'Rourke, oorheers die **aksievektore** wat die konstrukeienskappe 'liggaamshouding' en 'gesigsuitdrukking' beklemtoon. Die sportvrou word as ATLETIES uitgebeeld. Die aksievektore verwys na 'n *sportiewe, nie-aggressiewe, nie-verleidelike* 'liggaamshouding' en gedetermineerde (doelgerigte) 'gesigsuitdrukking' (alhoewel minder aggressief). Die *aktiewe, atletiese* liggaam, word beklemtoon deurdat vektore die klem verskuif na *sportaksie* (oorwinning). Vektore lei die oog na die rigting van die *sportaksie*. Die nie-aggressiewe 'liggaamshouding' benadruk die vreugde van sportoorwinning, maar klem word steeds op die *sportaksie* geplaas. Die 'liggaamshouding' is verder *nie-verleidelik*, as gevolg van die afwesigheid van sensuele en seksuele vektore. Die gedetermineerde 'gesigsuitdrukking' is *minder aggressief*, maar steeds *gedetermineerd*, deurdat vektore die ooglyn lei na die blydskap van sportoorwinning/aksie. Die perspektief in hierdie voorbeeld is van-onder-na-bo wat 'n subjektiewe perspektief steun. Die aansig is **skuinsaansig**, wat die sportvrou as objek voorstel. Die voor- en agtergronddimensie is **suiwer figuurprominensie** en die **figuurkomposisie sentraal**, wat prominensie aan die sportvrou as ATLEET gee. Die foto-uitleg is **linkerkantplasing**, wat die sportvrou as objek en as minder belangrik voorstel. Die aansig en foto-uitleg is dus nie gewens vir 'n prototipiese ATLETIESE uitbeelding nie.

Fig. 5.9 Foto 9 met vektor-analyse: Maria Sharapova
(*SA Sports Illustrated*, Nov. 2006:26)

In foto 9, die uitbeelding van die tennisspeler Maria Sharapova, speel die reaksie- en statiese vektore 'n bepalende rol om die sportvrou as MODEL uit te beeld. Die **reaksievektore** veroorsaak 'n turende blik vanaf die sportvrou se ooglyn na die leser, wat haar *verleidelikheid* beklemtoon. Die *nie-sportiewe* 'kleredrag' word deur die vektore, wat na die modeskoene verwys, beklemtoon. Die gedraaide skouer en die vektore wat die bene en skoene verwys versterk die *verleidelike* 'liggaamshouding'. Die **statische vektore** beklemtoon die loopplankmodel 'liggaamsbou' en word ondersteun deurdat *sportaksie* ontbreek. Die perspektief in hierdie voorbeeld is **van-onder-na-bo** (subjek). Die aansig is **vooraansig**, wat haar as subjek beklemtoon. Die voor- en agtergronddimensie is **gemedieerde figuurprominensie** wat die sportvrou as objek voorstel. Die **figuur** word op die **regterkant** geplaas (komposisie), wat Sharapova as objek voorstel. Die foto verskyn op die **linkerkantste bladsy** van die tydskrif, wat haar as objek en as minder belangrik as die foto's wat op die regterkantste bladsy voorstel. Die aansig en perspektief is dus teenstrydig met die konstruksdimensie, deurdat dit haar as subjek in teenstelling met objek uitbeeld.

Foto 10



Fig. 5.10 Foto 10 met vektor-analise: Maria Sharapova
(*SA Sports Illustrated*, Jul. 2007:22)

Die uitbeelding van **Maria Sharapova** (foto 10) word oorheers deur **aksievektore**, wat die sportvrou as ATLETIES uitgebeeld. Die vektore plaas die klem op die *sportaksie* en temper die *sensuele aard* van die 'kleredrag' (wat ondersteun word deur die foto-onderskrif '*Good nightie Maria*'). Die perspektief is **van-bo-na-onder**, wat die sportvrou as magteloos voorstel. Die aansig is **skuinsaansig**, wat die sportvrou as objek voorstel. Die voor- en agtergronddimensie is egter **suiwer figuurprominensie** en die **figuurkomposisie sentraal** subjekposisie. Die foto is op die **linkerkantste bladsy** van die tydskrif uitgelê, wat die sportvrou as objek uitbeeld en as minder belangrik as die foto's op die regterkantste bladsy uitbeeld. Die perspektief, aansig en foto-uitleg is dus nie gewens vir die prototipiese, ATLETIESE uitbeelding nie.

Foto 11




Fig. 5.11 Foto 11 met vektor-analise: Reiko Tosa
(SA Sports Illustrated, Nov. 2007:179)

In foto 11 word die marathonaatleet Reiko Tosa deur **emosionele en statiese vektore** as VERLOORDER uitgebeeld. Dit is veral die sportvrou se 'liggaamsbou' en 'liggaamshouding' wat die konstrukdimensie ondersteun. Die **emosionele vektore** plaas klem op die *uitgeteerde, anoreksiese* 'liggaamsbou' en op die emosie. *Aggressie* en *doelgerigtheid* van die sportaksie word so onderspeel en die *nie-aggressiewe* 'liggaamshouding' word daardeur beklemtoon. Die **statiese vektore** beklemtoon weer die *passiewe* 'liggaamshouding' en die atletiese houding staan in kontras met die *emosie* en *passiwiteit*. Die perspektief is **van-onder-na-bo**, wat die sportvrou as subjek voorstel. Die **vooraansig** beeld haar as subjek uit. Die gemedieerde figuurprominensie word deur die sensuele en seksuele reaksievektore ondersteun (objek). Die **figuurkomposisie** is **sentraal** (subjek). Die foto-uitleg op die tydskrif se dubbelblad is **regterkantplasing** (sportvrou as subjek). Die figuurprominensie ondersteun die konstrukdimensie, naamlik VERLOORDER.

Foto 12




Fig. 5.12 Foto 12 met vektor-analise: Andreea Grigore
(*SA Sports Illustrated*, Jan. 2008:25)

In Foto 12 word die gimnas Andreea Grigore deur die aanwesigheid van **sensuele vektore** as SEKSOBJEK voorgestel. Die vektore plaas klem op haar 'liggaamshouding' en 'gesigsuitdrukking', wat die konstrukdimensie ondersteun. Die sensuele vektore beklemtoon die *nie-doelgerigte* 'gesigsuitdrukking', deurdat die vektore die sportaksie en -toerusting onderspeel en die *fokus* dus *nie-gedefinieerd* voorkom. Die sportvrou se oop mond en ooglyn wat *verwyder is van die sportaksie*, gee aanleiding tot die *verleidelike* 'gesigsuitdrukking' en die vektore wat die sensuele en seksuele beklemtoon, ondersteun die verleidelike 'liggaamshouding'. Die **perspektief** in hierdie voorbeeld is **van-bo-na-onder**, wat die sportvrou as magteloos en as SEKSOBJEK voorstel. Die **aansig** is **vooraansig**, wat haar as subjek uitbeeld. Die **voor- en agtergronddimensie** is **gemedieerde figuurprominensie**, wat deur sensuele en seksuele reaksievektore die sportvrou as objek uitbeeld. Die **figuurkomposisie** is **sentraal**, wat ook die konstrukdimensie ondersteun. Die foto is op die regterkantste bladsy van die **dubbelbladsy** (subjekposisie) geplaas. Die aansig en foto-uitleg is teenstrydig met die konstrukdimensie VERLOORDER.

Foto 13




Fig. 5.13 Foto 13 met vektor-analise: Maria Sharapova
(SA Sports Illustrated, Jan. 2008:28)

Foto 13, die uitbeelding van tennisspeler Maria Sharapova, word oorheers deur **aksievektore**, wat die sportvrou as ATLETIES voorstel. Die uitbeelding van haar 'liggaamshouding' en 'gesigsuitdrukking' ondersteun die konstrukdimensie en plaas klem op sportaksie. Die vektorlyn vanaf die oë is gefokus op die tennisbal, wat 'n *gedetermineerde* 'gesigsuitdrukking' tot gevolg het. Die vektore beklemtoon die *aggressie* in die gesig-, arm- en beenspiere, wat die aggressiewe 'liggaamshouding' ondersteun. Die perspektief is **van-bo-na-onder** wat die sportvrou as magteloos (objek) uitbeeld. Die aansig is **skuinsaansig** wat haar as objek voorstel (ondersteun nie die prototipiese uitbeelding nie). Die voor- en agtergrond-dimensie is **suiwer figuurprominensie** (subjek). Sharapova word **links** in die foto-raam geplaas wat haar as ondergeskik voorstel. Die foto-uitleg behels dat die foto op die **linkerkantste bladsy** van die tydskrif geplaas word, haar as objek voorstel. Die perspektief, aansig, figuurkomposisie en foto-uitleg is dus nie gewens vir die prototipiese ATLETIESE uitbeelding nie en slegs figuurprominensie ondersteun die prototipiese sportvrou.

5.4 Gevolgtrekking

5.4.1 Positief stereotiperend

Atleties

Gebaseer op die visuele grammatika is vyf van die dertien foto's uit die datakorpus op grond van die Kritiese Diskoersanalise geïdentifiseer as prototipiese uitbeeldings van sportvroue. Hierdie foto's word dus as 'positief stereotiperend' beskou en onder die konstrukdimensie ATLETIES gekategoriseer. Die foto's word visueel in Figuur 5.14 opgesom.



Foto 2

Foto 7

Foto 8

Foto 10

Foto 13

Fig. 5.14 Foto's wat die konstrukdimensie ATLETIES verteenwoordig

Die gevolgtrekking wat gemaak kan word is dat **aksievektore** grootliks verantwoordelik is vir die prototipiese uitbeelding van sportvroue. Die konstrukeienskappe 'liggaamsbou', 'kleredrag', 'liggaamshouding' en 'gesigsuitdrukking' ondersteun die vektoranalise en plaas klem op die **sportaksie** en sporttoerusting. In enkele gevalle (bv. foto 8) is sporttoerusting nie van toepassing nie, maar dra daartoe by dat die sensuele en seksuele (in die afwesigheid van sportaksie) te onderdruk. Die elemente **perspektief** (foto 10 en 13), **aansig** (foto 7, 8, 10, 13), figuurkomposisie (foto 13) en **foto-uitleg** (al vyf gevalle) werk prototipiese uitbeelding teen deurdat dit die sportvrou as objek uitbeeld.

5.4.2 Negatief stereotiperend

Agt van die dertien foto's uit die datakorpus is op grond van die navorser se Kritiese Diskoersanalise as negatief stereotiperend en nie gewens vir die uitbeelding van sportvroue beskou. Hierdie foto's is onder die konstrukdimensies HOMOSEKSUEEL, VERLOORDER, MODEL en SEKSOBJEK gekategoriseer. Die foto's word visueel in Figure 5.15 – 5.18 opgesom.

Homoseksueel



Foto 1

Foto 3

Foto 5

Foto 6

Fig. 5.15 Foto's wat die konstrukdimensie HOMOSEKSUEEL verteenwoordig

Vier uit die dertien visuele voorbeelde is as gevolg van oorheersende **sensuele aksievektore** as verteenwoordigend van die sportvrou as HOMOSEKSUEEL beskou. Alhoewel aksievektore (foto's 1, 3, 6) teenwoordig is, is hierdie vektore nie genoegsaam om die oormatig gespierde 'liggaamsbou', onvroulikheid, aggressie en arrogansie wat deur die sensuele aksievektore versterk word, te oorheers nie.

Die **uitleg** (foto 1), **figuurprominensie** (foto's 3 en 6), **perspektief** (foto 5) en **aansig** (foto 5) steun wel die konstrukdimensie (uitbeelding van die sportvrou as HOMOSEKSUEEL) in die genoemde gevalle. Die **figuurkomposisie** is egter in al vier foto's teenstrydig met negatiewe stereotipering deurdat die sportvrou sentraal in die fotoraam en dus as subjek voorgestel word.

Verloorder



Foto 4

Foto 11

Fig. 5.16 Foto's wat die konstrukdimensie VERLOORDER verteenwoordig

Foto's 4 en 11 is op grond van die teenwoordigheid van **sensuele en emosionele vektore**, asook **statiese vektore** as verteenwoordigend van die sportvrou as VERLOORDER, gekategoriseer. Die **perspektief** (albei gevalle), **figuurprominensie** (albei foto's) en **figuurkomposisie** (foto 4) steun die negatiewe stereotipering (uitbeelding van die sportvrou as VERLOORDER). Die **vooraansig** (aansig) en **uitleg** (regs op die dubbelblad in die geval van foto 11) is teenstrydig met die negatiewe stereotipering deurdat die sportvroue daardeur in die subjekposisie voorgestel word.

Model



Foto 9

Fig. 5.17: Foto wat die konstrukdimensie MODEL verteenwoordig

Die groot aantal **reaksie- en statiese vektore** in foto 9 lei daartoe dat die sportvrou as MODEL en dus as negatief stereotiperend uitgebeeld. Die **perspektief, figuurkomposisie en figuurprominensie**, asook die **uitleg** van die foto het die vektore ondersteun, deurdat dit die sportvrou objektiveer. Die **aansig** (vooraansig) gee egter prominensie aan die sportvrou en is dus teenstrydig met die konstrukdimensie.

Seksobjek



Foto 12

Fig. 5.18: Foto wat die konstrukdimensie SEKSOBJEK verteenwoordig

Foto 12 is op grond van die aanwesigheid van sensuele vektore, veral ten opsigte van die sportvrou se 'gesigsuitdrukking', as SEKSOBJEK gekategoriseer. Die **perspektief, figuurprominensie en -komposisie** het die negatief stereotiperende uitbeelding ondersteun. Die **aansig** (vooraansig) en **foto-uitleg** (regs) is egter teenstrydig met die konstrukdimensie, deurdat dit die sportvrou as prominent en as subjek uitbeeld.

Die navorser se persepsies rondom die visuele genderrolstereotipering en die bruikbaarheid van Kress en Van Leeuwen se visuele grammatika (soos opgesom in hierdie hoofstuk) as meetinstrument vir negatiewe stereotipering sal in hoofstuk 6, wat die resultate van die vraelysondersoek behels, bespreek word.

HOOFTUK 6: Kwantitatiewe analise

6.1 Inleiding

In hoofstuk 5 is die 13 visuele uitbeeldings van die sportvroue, waaruit die steekproef bestaan het, geanaliseer. In hierdie hoofstuk sal die vraelysondersoek wat respondente se persepsies oor stereotipering in die visuele sportmedia toets, bespreek word. Gevolgtrekkings sal ook gemaak word rondom die bruikbaarheid van die visuele grammatika as diskoersanalitieseinstrument. Die resultate van die vraelysondersoek sal in die volgende afdeling bespreek word.

6.2 Resultate

6.2.1 Demografiese besonderhede

Volgens die vraelyste sluit die sportsoorte waaraan die respondente deelgeneem het, gholf, hokkie, dans, netbal, ruitersport, waterpolo, fietsry, karate, basketbal en sagtebal in. Om die analise te vereenvoudig, is die sportsoorte ingedeel in drie kategorieë: tradisioneel manlike sportsoorte, tradisioneel vroulike sportsoorte en sportsoorte waaraan beide mans en vroue tradisioneel deelneem. Die tradisioneel manlike sportsoorte sluit in rugby, krieket, waterpolo en karate. Die tradisioneel vroulike sportsoorte sluit in dans en netbal, en die sportsoorte waaraan beide geslagte tradisioneel deelneem, sluit in tennis, swem, atletiek, gimnastiek, sokker, gholf, hokkie, ruitersport, fietsry, basketbal en sagtebal.

Meer as die helfte van die respondente (51.2%) het aangedui dat hulle kompetierend aan sport deelneem, 32.7% het deelgeneem vir rekreasiedoeleindes en 13.3% was sportafrigters. Met betrekking tot die primêre sportsoort van deelname het die meeste respondente kompetierend deelgeneem aan swem (17.4%), gevolg deur rugby (13.3%), atletiek en hokkie (beide 12.2%). Die respondente was almal tussen 18-24 jaar oud, met die uitsondering van een student wat 40 jaar oud was. Sewe en sestig van die 98 respondente is vroulik (68%) en 31 (32%) manlik.

6.2.2 Opsomming van die data

Figuur 6.1 som die gesamentlike response van die mans- en vrouerespondente ten opsigte van die totale datakorpus grafies op met betrekking tot die vyf konstrukdimensies ATLETIES, HOMOSEKSUEEL, VERLOORDER, MODEL en SEKSOBJEK en die konstrukeienskappe 'liggaamsbou', 'liggaamshouding', 'kleredrag' en 'gesigsuitdrukking'. Met ander woorde die grafiek dui die persentasie response aan wat heenwys na stereotiperende uitbeelding van vroue per konstrukdimensie, afgebreek volgens konstrukeienskappe.




Fig. 6.1 Oorsiggrafiek: Persentasie response wat dui op stereotiperende uitbeelding van die konstrukdimensies volgens die konstrukeienskappe

By die interpretasie van die grafiek moet in ag geneem word dat die konstrukdimensie ATLETIES verskil van die ander konstrukdimensies, deurdat dit die gewenste uitbeelding van die sportvrou in die media aandui. Met ander woorde dit is inherent positief stereotiperend. Daarenteen dui die ander konstrukdimensies (HOMOSEKSUEEL, SEKSOBJEK, MODEL en VERLOORDER) op die uitbeelding van die sportvrou op wyses wat haar op een of ander wyse tot nadeel strek. Met ander woorde hierdie dimensies is inherent negatief stereotiperend.

Omrede Figuur 6.1 'n globale oorsig van die konstrukdimensies en konstrukeienskappe gee, word die prototipiese konstrukdimensie ATLETIES hier in dieselfde visuele opsomming as die negatiewe stereotiperende dimensies grafies voorgestel. In die volgende gedeeltes van hierdie hoofstuk sal die positiewe en negatiewe konstrukdimensies egter geskei word (ook in visuele opsommings). Daar sal deurlopend na die konstrukdimensie ATLETIES verwys word as die prototipiese of positiewe stereotiperende konstrukdimensie.

6.3 Interpretasie van die oorsiggrafiek

Die respondente se persepsies van stereotipering word vervolgens bespreek. Eerstens word die gemiddelde persentasie 'positiewe' of 'negatiewe' stereotipering, wat per konstrukdimensie voorkom, aangedui. Daar is vir die doel van hierdie studie bepaal dat 'n persentasie van 50% per konstrukdimensie op stereotipering dui, hetsy 'positief' of 'negatief'. 'n Persentasie van 49% en laer word as teenstrydig met die verwagtinge van die navorser op grond van die diskoersanalise beskou. Die gemiddelde persentasie is bepaal op grond van die gemiddeld van die vier konstrukeienskappe vir elke konstrukdimensie.

Die konstrukdimensies word eers bespreek, waarna die konstrukeienskappe telkens ontleed sal word. Daarna word die moontlike invloed van die geslag van die respondente (mans of vroue), die vlak waarop hulle aan sport deelneem (kompetierend en nie-kompetierend) en die sportkategorie (tradisioneel 'vroulike', tradisioneel 'manlike', of sportsoorte wat tradisioneel deur 'beide' geslagte beoefen is) in berekening gebring by die verklaring van die diskrepansies tussen die navorser se diskoersanalise en die resultate van die vraelysondersoek.

6.3.1 Die positief stereotipiese dimensie: ATLETIES

Die gemiddelde persentasie positiewe stereotipering in die guns van die konstrukdimensie ATLETIES, sal in hierdie gedeelte uitgewys en bespreek word.

ATLETIES



Foto 2

Foto 7

Foto 8

Foto 10

Foto 13

Fig. 6.2: Foto's wat die konstrukdimensie ATLETIES verteenwoordig

'n Gemiddelde persentasie van 73% van die respondente het die prototipiese uitbeelding van die sportvrou, en gevolglik die konstrukdimensie ATLETIES, ondersteun. Die respondente is dus van mening dat die foto's wat deur die navorser as ATLETIES geïdentifiseer is wel positief stereotiperend is (persentasie hoër as 50%). Dit is duidelik uit die grafiek (Figuur 6.1) dat die konstrukeienskap 'gesigsuitdrukking', soos van toepassing op foto's 2, 7 en 13, die grootste invloed gehad het op die respondente se identifisering van die sportvrou as ATLETIES (92.8%). Naas 'gesigsuitdrukking' het 'liggaamsbou' (72.4%), 'kleredrag' (67.8%) en 'liggaamshouding' (57.5%) ook bepalende rolle gespeel. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat al vier konstrukeienskappe in 'n mate bygedra het tot positiewe stereotipering.

6.3.2 Die negatief stereotipiese dimensies

HOMOSEKSUEEL

Die gemiddelde persentasie 'negatiewe' stereotipering (al dan nie), soos vir die konstrukdimensie HOMOSEKSUEEL sal in hierdie gedeelte uitgewys en bespreek word.



Foto 1

Foto 3

Foto 5

Foto 6

Fig. 6.3: Foto's wat die konstrukdimensie HOMOSEKSUEEL verteenwoordig

'n Gemiddelde persentasie van 76.5% van die respondente het die konstrukdimensie HOMOSEKSUEEL ondersteun. Hieruit kan die gevolgtrekking gemaak word dat die foto's wel negatief stereotiperend is, deurdat dit die sportvrou as HOMOSEKSUEEL voorstel. Uit Figuur 6.1 is dit duidelik dat die konstrukeienskap 'gesigsuitdrukking' (90.8%) die grootste invloed gehad het op die respondente se identifisering van die foto's as HOMOSEKSUEEL. 'Liggaamshouding' (81.5%), 'liggaamsbou' (75.2%) en 'kleredrag' (58.8%) het ook 'n groot invloed gehad op die identifisering van die sportvrou as HOMOSEKSUEEL. Al vier die konstrukeienskappe het dus in 'n groot mate bygedra tot die negatiewe ervaring van stereotipering (in hierdie geval die representasie van die sportvrou as HOMOSEKSUEEL), aangesien al vier waardes aansienlik hoër as 50% is.

VERLOORDER

Die konstrukdimensie VERLOORDER word deur hierdie twee foto's verteenwoordig en die persentasie stereotipering sal in hierdie gedeelte bespreek word.



Foto 4

Foto 11

Fig. 6.4 Foto's wat die konstrukdimensie VERLOORDER verteenwoordig

'n Gemiddelde persentasie van 65% van respondente het die negatiewe stereotipering van die sportvrou in foto 4 en foto 11, asook die uitbeelding van die sportvrou as VERLOORDER, ondersteun. Uit Figuur 6.1 kan afgelees word dat die konstrukeienskap 'liggaamsbou' (67.6%) die grootste rol gespeel het in die respondente se identifisering van die sportvrou as VERLOORDER. 'Liggaamshouding' as konstrukeienskap het 'n vergelykbare impak gehad (66.8%) en 'gesigsuitdrukking' het 61.0% ondersteuning gekry. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat al die konstrukeienskappe in die betrokke foto's in 'n groot mate bydra tot die uitbeelding van die sportvrou as VERLOORDER, aangesien al vier waardes aansienlik hoër as 50% is.

MODEL

Die gemiddelde persentasie 'negatiewe' stereotipering (al dan nie), soos vir die konstrukdimensie MODEL sal in hierdie gedeelte uitgewys word.



Foto 9

Fig. 6.5: Foto wat die konstrukdimensie MODEL verteenwoordig

In hierdie geval het 84.8% van respondente die uitbeelding van die sportvrou as MODEL ondersteun. Die konstrukeienskappe wat volgens die respondente die meeste bygedra het tot haar uitbeelding as MODEL was onderskeidelik 'kleredrag' (91.3%), 'liggaamsbou' (89.3%) en 'liggaamshouding' (84.2%). 'Gesigsuitdrukking' het 74.7% steun gekry. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat al die konstrukeienskappe in die betrokke foto 'n bepalende rol gespeel het in die uitbeelding van die sportvrou as MODEL, aangesien al vier waardes aansienlik hoër as 50% is.

SEKSOBJEK

Negatiewe stereotipering, waarvolgens die sportvrou in onderstaande foto as SEKSOBJEK uitgebeeld word, sal in hierdie gedeelte bespreek word.



Foto 12

Fig. 6.6: Foto wat die konstrukdimensie SEKSOBJEK verteenwoordig

Die navorser se identifisering van die konstrukdimensie SEKSOBJEK is nie deur die respondente ondersteun nie. Slegs 13.3% respondente (mans en vroue) het die uitbeelding van die sportvrou as SEKSOBJEK ondersteun. Hoewel 'n lae persentasie respondente saamgestem het dat die uitbeelding stereotipies is, het 'gesigsuitdrukking' tog die grootste rol gespeel (15.4%) en in 'n mindere mate 'liggaamsbou' (11.1%). Albei waardes is egter aansienlik onder 50% en dus nie ondersteunend van die uitbeelding van die sportvrou as SEKSOBJEK. Slegs een foto uit die datakorpus is deur die navorser as verteenwoordigend van die sportvrou as SEKSOBJEK gekategoriseer en sodoende kon die konstrukdimensie nie aan verdere toetsing onderwerp word nie. 'n Moontlike verklaring vir die diskrepansie tussen die navorser se oordeel en dié van die respondente is dat die ooglopend sensuele aard van die 'gesiguitdrukking' nie deur die respondente geïdentifiseer is nie. Die teenstrydigheid sal hierna in afdeling 6.6 in verdere besonderhede bespreek word.

6.3.3 Opsommend: Persentasie response in terme van die konstrukdimensies

Op basis van die oorsiggraffiek (Figuur 6.1) kan die afleiding gemaak word dat die navorser se kategorisering op grond van die diskoersanalise in 92.3% van die gevalle (12 uit die 13 foto's) ooreenstem met die respondente se kategorisering. Die uitbeelding van die sportvrou as MODEL het die hoogste persentasie respons

in die guns van negatiewe stereotipering gekry (84.8%), gevolg deur die konstrukdimensie HOMOSEKSUEEL (76.5%). Die prototipiese uitbeelding van die sportvrou as ATLETIES is deur 73% van respondente ondersteun. Altesame 65 % van die respondente was van mening dat die sportvrouens in die betrokke voorbeelde as VERLOORDERS uitgebeeld word. Die uitbeelding van die sportvrou as SEKSOBJEK is nie deur die respondente ondersteun nie (13.3%). Die konstrukeienskap wat die grootste invloed gehad het op die identifisering van die sportvrou as MODEL is die eienskap 'kleredrag' (91.3%). In die geval van die konstrukdimensies HOMOSEKSUEEL (90.8%) en ATLETIES (92.8%) was dit die sportvrouens se 'gesigsuitdrukking' en in die geval van die dimensie VERLOORDER die 'liggaamsbou' van die sportvrou (67.6%). Die diskoersanalise en die kategorisering van die sportvrou as SEKSOBJEK, gebaseer op die konstrukeienskap 'gesigsuitdrukking', is nie deur die respondente ondersteun nie (13.3%). Ten spyte van die lae persentasie ondersteuning van die dimensie SEKSOBJEK, het die respondente steeds in byna tweederdes van die gevalle (63.2%), "saamgestem" met die navorser se kategorisering op grond van visuele diskoersanalise.

6.4 Bespreking van die persentasie response per konstrukeienskap

In hierdie gedeelte sal die klem val op die konstrukeienskappe, en die visuele opsommings (Figure 6.7 - 6.10) sal die verband tussen die konstrukeienskappe en die konstrukdimensies aandui. Die bevindinge oor die interaksie tussen die konstrukeienskappe en die konstrukdimensies sal onder elke grafiek (per konstrukeienskap) weergegee word, met die klem op die eienskappe. Die eienskap wat die grootste rol gespeel het in die respondent se oordeel oor negatiewe stereotipering sal uitgewys word en teenstrydighede met die diskoersanalise sal uitgewys word. Daar sal ook telkens verwys word na die persentasie positiewe stereotipering (sportvrou as ATLETIES) onder elke konstrukeienskap.

Liggaamsbou




Fig. 6.7 Persentasie response wat dui op stereotipiese uitbeelding volgens die konstrukeienskap 'liggaamsbou'

'Liggaamsbou' het klaarblyklik vir die respondente 'n groot rol gespeel in hulle oordeel oor stereotipering. Ten opsigte van drie van die dimensies (HOMOSEKSUEEL, VERLOORDER en MODEL) word hierdie afleiding bevestig deurdat meer as 67.6% van die response dit ondersteun het. Die komponente van 'liggaamsbou' wat in die vraelys vervat en getoets is was die mate van *gespierdheid, atletiese- of modelagtige bou, oor- of onderontwikkelde spiere, manlikheid/vroulikheid*, asook persepsies rondom die *gewig* van die sportvrou. SEKSOBJEK as konstrukdimensie was nie van toepassing in die toets van die spesifieke konstrukeienskap nie, aangesien die atleet se 'liggaamsbou' net gedeeltelik sigbaar was op die foto en dus nie getoets kon word met betrekking tot die spesifieke eienskap nie.

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat 'liggaamsbou', en die manier waarop die sportvrou se 'liggaamsbou' visueel aangebied word, 'n belangrike

invloed het op die persepsies van die respondente rakende die uitbeelding van die sportvrou as negatief stereotiperend op een of ander wyse. 'Liggaamsbou' het in 72.4% bygedra tot positiewe stereotipering van die sportvrou as ATLETIES.

Liggaamshouding




Fig. 6.8 Persentasie response wat dui op stereotipiese uitbeelding volgens die konstrukeienskap 'liggaamshouding'

Soortgelyk as in die geval van 'liggaamsbou' het die eienskap 'liggaamshouding' ook 'n groot invloed gehad op die respondente se oordeel oor negatiewe stereotipering. By drie van die vier dimensies word hierdie afleiding bevestig, deurdat meer as minstens 66.8% van die response dit ondersteun het. Die komponente wat in die vraelys vervat en getoets is in verband met 'liggaamshouding' was die respondente se persepsies rondom die sportvrou se 'liggaamshouding' as *modelagtig*, *verleidelik*, *vroulik*, *aggressief*, *aktief*, *arrogant*, *sportief*, *passief* en *doelgerig*. Die konstrukdimensie SEKSOBJEK is nie deur die konstrukeienskap 'liggaamshouding' ondersteun nie, deurdat respondente klaarblyklik nie die sportvrou se 'liggaamshouding' as *verleidelik* beskou het nie.

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word is dat 'liggaamshouding' en die manier waarop die sportvrou se 'liggaamshouding' visueel aangebied word, in 'n groot mate daartoe bygedra het dat die respondente haar negatief stereotipereer. Die positiewe stereotipering van die sportvrou as ATLETIES is deur 57.8% van die respondente ondersteun. Die uitbeelding van haar 'liggaamshouding' het dus ook tot 'n prototipiese uitbeelding aanleiding gee.

Kleredrag




Fig. 6.9 Persentasie response wat dui op stereotipiese uitbeelding volgens die konstrukeienskap 'kleredrag'

Soos in die geval van 'liggaamsbou' en 'liggaamshouding' het 'kleredrag' ook 'n groot invloed gehad op die respondente se oordeel oor negatiewe stereotipering. By twee dimensies, te wete HOMOSEKSUEEL en MODEL, word hierdie afleiding bevestig deurdat meer as 75% van die response dit ondersteun het. Die konstrukeienskappe wat in die vraelys gebruik is om 'kleredrag' te operasionaliseer, was *sportief*, *uitlokkend*, *vroulik* en *modieus*.

Die konstrukeienskap 'kleredrag' was nie relevant (en is dus nie getoets) met betrekking tot die konstrukdimensies VERLOORDER en SEKSOBJEK nie, aangesien die sportvroue se sportklere in die geval van foto 4 (VERLOORDER) en foto 12 (SEKSOBJEK) net gedeeltelik sigbaar was as gevolg van die 'liggaamshouding'/'posisie' in die betrokke gevalle.

Die gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat die 'kleredrag' waarmee die sportvroue visueel uitgebeeld word, 'n belangrike invloed het op die persepsies van die respondente in terme van die kategorisering van die sportvrou as HOMOSEKSUEEL en MODEL. 'Kleredrag' het egter met 67.8% bygedra tot die prototipiese uitbeelding van die sportvrou as ATLETIES.

Gesigsuitdrukking




Fig. 6.10 Persentasie response wat dui op stereotipiese uitbeelding volgens die konstrukeienskap 'gesigsuitdrukking'

‘Gesigsuitdrukking’ het ook ’n belangrike rol gespeel in die respondente se identifisering van die sportvrou as negatief stereotiperend, deurdat die eienskap in drie uit die vier dimensies 61% of meer ondersteuning gekry het. Die enigste teenstrydigheid word aangetref in die geval van die konstrukdimensie SEKSOBJEK (15.4%). Die komponente wat in die vraelys gebruik is om ‘gesigsuitdrukking’ te operasionaliseer was *gedetermineerd*, *doelgerig* en *verleidelik*.

Die positiewe stereotipering van die sportvrou as ATLETIES is op grond van die bydrae van die konstrukeienskap ‘gesigsuitdrukking’ deur 92.8% van die respondente ondersteun. Die tipe ‘gesigsuitdrukking’ speel dus ’n bepalende rol in die protoptipiese uitbeelding van die sportvrou.

6.4.1 Opsommend: Persentasie response in terme van konstrukeienskap

Opsommend aan die hand van Figure 6.7 - 6.10 kan daar gesê word dat die konstrukeienskappe wel ’n direkte verband toon met die respondente se identifisering van die sportvroue as negatief stereotiperend, deurdat die konstrukeienskappe die sportvrou tot 68.5% negatief stereotipeer. Die konstrukeienskap ‘liggaamsbou’ het met 77.4% gemiddeld beslis ’n bepalende rol gespeel in die uitbeelding van die sportvrou as negatief stereotiperend. ‘Liggaamshouding’ het met ’n gemiddeld van 61% bygedra tot die identifisering van die negatief stereotiperende konstrukdimensies wat ter sprake is. ‘Kleredrag’ het ook ’n belangrike invloed gehad deurdat gemiddeld 75% respondente van mening was dat die sportvrou se ‘kleredrag’ hul as negatief uitbeeld. Die konstrukeienskap ‘gesigsuitdrukking’ het ook response bo 50% gemiddeld gekry, deurdat 60.5% van respondente die sportvrou se ‘gesigsuitdrukking’ as bepalende eienskap tot negatiewe stereotipering beskou het. Slegs die konstrukeienskappe ‘liggaamshouding’ en ‘gesigsuitdrukking’ was ter sprake in die toets van die konstrukdimensie SEKSOBJEK. Uit die bespreking van die oorsiggrafiek was dit reeds duidelik dat hierdie dimensie nie deur respondente, soos deur die navorser, as negatief stereotiperend beskou is nie. Moontlike verklarings vir die teenstrydigheid sal in die onderstaande gedeelte gegee word, met spesifieke verwysing na die verskille in die response tussen die mans en

vroue, asook verwysing na die vlak van deelname en tipe sport waaraan deelgeneem word.

Die positiewe stereotipering van die sportvrou as ATLETIES is deur gemiddeld 73% van die respondente ondersteun. Die konstrukeienskappe ondersteun dus ook die protoptipiese uitbeelding van die sportvrou, deurdat die sportvrou se 'liggaamshouding' (57.8%), 'liggaamsbou' (72.4%), 'kleredrag' (67.8%) en 'gesigsuitdrukking' (92.8%) positiewe stereotipering tot gevolg gehad het.

6.5 Die moontlike invloed van geslag, vlak van deelname en sportsoort

Die verskil tussen mans- en vrouerespondente se oordeel oor stereotipering in die datakorpus word in hierdie afdeling per foto bespreek en aan die hand van 'n grafiek opgesom. Moontlike verklarings word gegee vir die teenstrydighede tussen die navorser se Kritiese Diskoersanalise en die respondente se oordeel, soos dit uit die vraelys-ondersoek blyk. In gevalle waar teenstrydighede nie deur geslag verklaar word nie, sal die vlak van deelname (kompetierend teenoor nie-kompetierend) en tipe sportsoort van deelname (tradisioneel manlike sportsoorte, vroulike sportsoorte of deelname aan beide) ook betrek word. Slegs die foto's waarby daar diskrepansies is, sal bespreek word.

6.5.1 Die negatief stereotiperende dimensies

Homoseksueel

Die verskil tussen mans- en vrouerespondente se oordeel oor die negatiewe stereotipering van die sportvrou as HOMOSEKSUEEL sal bespreek word aan die hand van 'n grafiese voorstelling (Figuur 6.11).




Fig. 6.11 Persentasie response per geslag wat die konstrukdimensie HOMOSEKSUEEL bevestig in foto's 1, 3, 5 en 6.

By hierdie dimensies is die foto's in Figuur 6.3 ter sprake.



Foto 1 Foto 3 Foto 5 Foto 6

Fig. 6.3: Foto's wat die konstrukdimensie HOMOSEKSUEEL verteenwoordig

Slegs in die geval van foto 5, was die ooreenstemming tussen die navorser se kategorisering en die respondente se taksering nie volkome in lyn nie.

Foto 5

In hierdie geval kan die uitbeelding van Serena Williams as minder verteenwoordigend van die konstrukdimensie en as teenstrydig met die diskoersanalise beskou word, deurdat slegs 49.6% vroue- en 53.2% mansrespondente die konstrukdimensie ondersteun het. Die volgende verklaring kan vir die teenstrydigheid aangevoer word. In die geval van foto 5, is slegs vrae met betrekking tot die sportvrou se tipe 'kleredrag' in al vier die vrae (5.1 – 5.4) betrek, aangesien die ander konstrukeienskappe aanvanklik met die opstel van die vraelys nie as relevant tot die spesifieke foto beskou is nie. Die gevolgtrekking wat gemaak kan word, ook aan die hand van die persentasie response van die ander foto's onder dieselfde konstrukdimensie, is dat 'kleredrag' as konstrukeienskap nie uitsluitlik gebruik kan word om vir negatiewe stereotipering van sportvroue te toets nie.

Met betrekking tot die vrae (vraag 5.1 – 5.4) het die diskoersanalise in die eerste instansie aangetoon dat die 'kleredrag' (vraag 5.1) 'nie-sportief' is nie. Die vrouerespondente het egter in die geval in vergelyking met die mansrespondente (45.2%) die 'kleredrag' in 'n mindere mate as 'sportief' (35.8%) (ooreenkomstig met die diskoersanalise) beskou. In die tweede instansie is die *uitlokkendheid* van die 'kleredrag' in vraag 5.2 getoets en slegs 42% van die mansrespondente het die 'kleredrag' wel as *uitlokkend* beskou, teenoor die 62.7% vrouerespondente wat weereens die negatiewe stereotipering (ooreenstemmend met die diskoersanalise) ondersteun het. Die vrouerespondente se kategorisering van die 'kleredrag' as *nie-sportief* en *uitlokkend* kan moontlik verbind word met vroulike sportdeelnemers se ingesteldheid op *vroulikheid* en die dra van tradisioneel vroulike 'kleredrag', spesifiek in die tennisswêreld. Die argument/gevolgtrekking kan bevestig word deurdat die hoogste persentasie response in die guns van negatiewe stereotipering in beide vraag 5.1 (77.8%) en vraag 5.2 (66.7%) uit die groep respondente wat aan tradisioneel 'vroulike' sportsoorte deelneem, kom. Dit is verder insiggewend dat 80.7% van die

mansrespondente die 'kleredrag' van Williams (vraag 5.3) as *onvroulik* en dus as negatief stereotiperend beskou het. Die grootste persentasie (44.4%) in die guns van negatiewe stereotipering uit die verskillende tipes sportsoorte van deelname (uitbeelding van die sportvrou as 'onvroulik'), het weereens uit die groep respondente wat aan tradisioneel 'vroulike' sportsoorte deelneem, gekom. Met betrekking tot vraag 5.4 het die diskoersanalise bevind dat die dra van 'modedrag' in teenstelling met die HOMOSEKSUELE uitbeelding staan. Altesame 45.2% mansrespondente en 37.3% vrouerespondente het die negatiewe stereotipering (sportvrou dus as HOMOSEKSUEEL) in die verband ondersteun. Uit bogenoemde kan die afleiding gemaak word dat tennisspeler Serena Williams se 'kleredrag' teenstrydig met die diskoersanalise wel deur mans- en vrouerespondente as 'modedrag' beskou is. Ooreenstemmend met die diskoersanalise het respondente wat aan tradisioneel 'vroulike' sportsoorte deelneem egter weereens nie die 'kleredrag' as *modedrag* beskou nie (slegs 22.2% in die guns van 'modedrag'). Dit blyk dus dat sportvroue wat aan tradisioneel vroulike sporte deelneem in 'n groter mate die uitbeelding van Serena Williams se 'kleredrag' as *nie-sportief, uitlokkend* (teenoor atleties in die geval), *onvroulik* en *nie-modedrag-nie* beskou.

Verloorder

Die verskil tussen mans- en vrouerespondente se oordeel oor die negatiewe stereotipering van die sportvrou as VERLOORDER sal bespreek word aan die hand van Figuur 6.12.




Fig. 6.12 Persentasie response per geslag wat die konstrukdimensie VERLOORDER bevestig in foto's 4 en 11.

Die negatief stereotiperende konstrukdimensie VERLOORDER word uitgebeeld in foto's 4 en 11.



Foto 4

Foto 11

Fig. 6.4: Foto's wat die konstrukdimensie VERLOORDER verteenwoordig

Foto 11, die uitbeelding van langafstandatleet Reiko Tosa het egter groter respons (78.2%) gekry vir die negatief stereotipiese uitbeelding (sportvrou as

VERLOORDER) in vergelyking met foto 4 (50.3%), die uitbeelding van die voormalige Suid-Afrikaanse voormalige hoogspring-wêreldkampioen en Olimpiese silwermedalje-wenner, Hestrie Cloete. Foto 4 sal dus bespreek word ten einde 'n verklaring vir die diskrepansie te gee.

Slegs by foto 4 was die respondente se kategorisering van die sportvrou as VERLOORDER nie volkome ooreenstemmend met dié van die navorser nie.

Foto 4

'n Groter persentasie mans- (52.7%) as vrouerespondente (47.8%) het die sportvrou (Hestrie Cloete) as VERLOORDER (foto 4) gekategoriseer. Wanneer daar gekyk word na die spesifieke vrae (vraag 4.1 – 4.3) en konstrukeienskappe wat in die vrae betrek is, kan die volgende afleidings gemaak word. In vraag 4.1 het slegs die mansrespondente die negatiewe stereotipering, ooreenkomstig met die diskoersanalise ten opsigte van die uitbeelding van die sportvrou se 'liggaamsbou' as *modelagtig* (wat hier aan VERLOORDER gekoppel word) ondersteun (58.1% mans teenoor 40.3% vroue). In foto 11, waar 'gewig', een van die eienskappe was waarvolgens 'liggaamsbou' getoets is, het respondente van beide geslagte die negatiewe stereotipering (88.1% vroue- en 88.9% mansrespondente) ondersteun. In die geval van vraag 4.2, wat die 'liggaamshouding' van die sportvrou as *onsportief* (ooreenkomstig met die diskoersanalise) ondersoek het, was die response wel ooreenstemmend met die diskoersanalise (negatief stereotiperend), deurdat 62.7% vrouens en 58.1% mans van mening was dat die sportvrou *nie-sportief* uitgebeeld word. Die konstrukeienskap 'liggaamshouding' (vraag 4.3) het wel bygedra tot die negatiewe stereotipering as VERLOORDER, aangesien 58.1% mans- en 65.7% van die vrouerespondente die sportvrou as *passief* beskou het. Die enigste diskrepansie is geleë in die vrouerespondente se persepsies rondom die 'liggaamsbou' van die sportvrou (vraag 4.1). 'n Moontlike verklaring vir die teenstrydigheid tussen die navorser se kategorisering en die vrouerespondente

se respons op vraag 4.1 berus waarskynlik op die bekendheid (veral in die Suid-Afrikaanse populêre mediakonteks) van die uitgebeelde sportvrou, Hestrie Cloete. Die moontlikheid dat respondente reeds 'n vooropgesette persepsie van haar *modelagtige* liggaamsbou gehad en haar dus nie objektief kon evalueer nie (spesifiek met betrekking tot haar 'liggaamsbou'), moet in ag geneem word. Foto 4 is die enigste foto van 'n Suid-Afrikaanse sportvrou in die datakorpus.

Model

Slegs **foto 9** verteenwoordig die konstrukdimensie MODEL.

Foto 9



Foto 9

Fig. 6.5: Foto wat die konstrukdimensie MODEL verteenwoordig

Die negatief stereotiperende uitbeelding van tennisspeler Maria Sharapova as MODEL is ten volle deur respondente ondersteun (83% vroue- en 85.7% mansrespondente). Die resultate van die vraelys-ondersoek is dus ooreenkomstig met die diskoersanalise en benodig dus geen verdere ondersoek nie.

Seksobjek

Die verskil tussen mans- en vrouerespondente se oordeel oor die 'negatiewe stereotipering' van die sportvrou as HOMOSEKSUEEL sal bespreek word aan die hand van 'n grafiek (Figuur 6.13).




Fig. 6.13 Persentasie response per geslag wat dui die konstrukdimensie SEKSOBJEK bevestig in foto 12.

Foto 12 was die enigste verteenwoordiger van hierdie kategorie (Figuur 6.6.).



Foto 12

Fig. 6.6: Foto wat die konstrukdimensie SEKSOBJEK verteenwoordig

Foto 12, 'n uitbeelding van die gimnas Andreea Grigore, is op grond van die diskoeranalyse as negatief stereotiperend en as SEKSOBJEK gekategoriseer. Die kategorisering is egter nie deur die respondente ondersteun nie. Slegs 16% vroue- en 13.9% mansrespondente het die negatief stereotiperende uitbeelding ondersteun. Die sensuele voorkoms van die 'gesigsuitdrukking' in foto 12 het 'n groot rol gespeel in die diskoersanalise. Alhoewel die konstrukeienskap 'gesigsuitdrukking' (15.4%) nie die diskoersanalise ondersteun het nie, het dit tog 'n groter rol gespeel as 'liggaamshouding' (11.1%).

Vraag 12.1 en 12.2 het spesifiek die rol van 'gesigsuitdrukking' ondersoek en vraag 12.3 die invloed van die sportvrou se 'liggaamshouding'. Op grond van die diskoersanalise is veronderstel dat die respondente die sensuele/seksuele aard van veral die 'gesigsuitdrukking' sou bevestig wat deur die vektore aangedui is. Die 'gesigsuitdrukking' wat deur die navorser as ooglopend sensueel en verleidelik beskou is (vraag 12.1 en 12.2), is egter nie deur respondente bevestig nie. Slegs 31.3% vroue- en 19.4% mansrespondente in die geval van vraag 12.1 en 4.5% (vrouerespondente), 6.5% (mansrespondente) in vraag 12.2, het die negatiewe stereotipiese uitbeelding ten opsigte van die sportvrou se 'gesigsuitdrukking' ondersteun. Vraag 12.1 het die konstrukdimensie in 'n groter mate ondersteun deurdat meer respondente aangedui het dat die sportvrou se 'gesigsuitdrukking' nie *doelgerig* is nie. Vraag 12.2 het eksplisiet betrekking op die *verleidelike* aard van die 'gesigsuitdrukking', maar is nie deur respondente geïdentifiseer nie. Negatiewe stereotipering op grond van die verleidelikheid van die sportvrou se 'liggaamshouding' (vraag 12.3), wat veral deur die vektoranalise gesuggereer is, is nie deur die respondente ondersteun nie. Slegs 6% vroue- en 16.1% mansrespondente het die negatiewe stereotipering op grond van 'liggaamshouding' ondersteun.

Opsommend kan die response met betrekking tot foto 12 dus as teenstrydig met die diskoersanalitiese kategorisering van die sportvrou as SEKSOBJEK beskou word.

6.5.2 Die positief stereotiperende dimensie

Atleties

Die verskil tussen mans- en vrouerespondente se oordeel oor die positiewe stereotipering van die sportvrou as ATLETIES sal in onderstaande gedeelte bespreek word met verwysing na die foto's wat teenstrydig met die diskoersanalise is.



Foto 2

Foto 7

Foto 8

Foto 10

Foto 13

Fig. 6.2: Foto's wat die konstrukdimensie ATLETIES verteenwoordig

Die prototipiese konstrukdimensie ATLETIES is wel positief ondersteun in foto's 2, 7, 8, 10 en 13 deurdat 50% of meer van die respondente die manier waarop die sportvrouens uitgebeeld is as positief stereotiperend beskou het. Foto 13, die uitbeelding van tennisspeler Maria Sharapova, kan as die mees verteenwoordigende van die konstrukdimensie ATLETIES beskou word, aangesien die meeste respondente, 80.6% vroue en 87.1% mans, saamgestem het dat die sportvrou wel as atleties uitgebeeld is. Soos reeds genoem, was die konstrukeienskap 'gesigsuitdrukking' die bepalende konstrukeienskap.

Foto 10, nog 'n uitbeelding van Maria Sharapova, kan egter as 'n grensgeval beskou word deurdat slegs 50% van die mansrespondente die positiewe stereotipering ondersteun het. In al die ander gevalle het geslag nie 'n betekenisvolle rol gespeel by die beoordeling van 'n bepaalde foto as stereotiperend al dan nie. Die verskille ten opsigte van die beoordeling van ander foto's (mans- en vrouerespondente), was tussen .4% en 7.1%. Die diskrepansie met betrekking tot foto 10 bevestig die moontlikheid dat dieselfde sportvrou deur stereotipering as positief (foto 13) of negatief (foto 9 en 10) in die media uitgebeeld kan word.

Foto 10, die uitbeelding van tennisspeler Maria Sharapova, sal kortliks bespreek word ten einde 'n verklaring te probeer vind vir die laer persentasie mansrespondente (50%) as vrouerespondente (60.5%) wat die uitbeelding van die sportvrou as ATLETIES aangedui het. Spesifiek die response op vraag 10.2, wat die rol van 'kleredrag' t.o.v. positiewe stereotipering ondersoek, was teenstrydig met die diskoersanalise, deurdat slegs 29% mans- en 50.8% vrouerespondente die voorstelling van die sportvrou se 'kleredrag' as nie-uitlokkend beskou het. Volgens die diskoersanalise is die 'kleredrag' van die sportvrou nie-uitlokkend, maar veral die mansrespondente het die 'kleredrag' wel as *uitlokkend* beskou. Die navorser het geantisipeer dat die antwoorde op 'n 'atletiese' interpretasie sou dui. Die herkenbaarheid van die sportvrou as Maria Sharapova, wat in foto 9 as MODEL en elders in die media dikwels as SEKSOBJEK voorgestel word, verklaar die hoë persentasie mansrespondente wat haar nie as ATLETIES getipeer het nie. Dit steun ook die vermoede dat mansrespondente Sharapova waarskynlik as MODEL of SEKSOBJEK eerder as ATLETIES sal kategoriseer, spesifiek waar 'kleredrag' getoets word. Die veronderstelling is verder dat die deurskynendheid van die sportdrag as *uitdagend* of *uitlokkend* voorgekom het, ooreenkomstig met die konstrukdimensies MODEL of SEKSOBJEK en teenstrydig met die prototipiese konstrukdimensie ATLETIES.

6.6 Gevolgtrekking

Een van die hoofdoelwitte van die navorsing was om die resultate van die diskoersanalise in verband te bring met die resultate van die meningsopname en gevolgtrekkings te maak oor die voorspellende waarde van 'n sosio-semiotiese benadering wat gebruik maak van 'n kritiese visuele grammatika. Die data-analise, bevindinge en bespreking met betrekking tot die konstrukdimensies, konstrukeienskappe en teenstrydighede ten opsigte van die diskoersanalise sal in hierdie gedeelte opgesom word. Daar sal spesifiek na die aard en intensiteit van gendersubjektiviteit in die geselekteerde visuele afbeeldings op grond van die sportdeelnemers (in die respondentegroep) se response verwys word, asook na die visuele grammatika (gebaseer op Kress & Van Leeuwen), as analise-instrument vir die identifisering van genderrolstereotipering in visuele sportdiskoers. Die foto's wat as mees verteenwoordigend van 'n spesifieke konstrukdimensie beskou is (gebaseer op die vraelysondersoek) en die verband daarvan met die diskoeranalise sal aan die bod kom.

6.6.1 Die negatief stereotiperende dimensies

Homoseksueel



Fig. 6.14 Foto 6: Mees verteenwoordigend van konstrukdimensie HOMOSEKSUEEL

Die statistiese analise het aangetoon dat foto 6, die uitbeelding van die rugbyspeler Amiria Marsh, die konstrukdimensie HOMOSEKSUEEL die beste verteenwoordig, met die konstrukeienskap 'gesigsuitdrukking' as bepalende konstrukeienskap. In die diskoersanalise van foto 6 ondersteun veral die aksievektore die uitbeelding van die konstrukdimensie. Die gespanne mond- en gesigspiere ondersteun die aggressiewe 'liggaamshouding'. Die aksievektore

bevestig dus die aktiewe 'liggaamshouding' en die gespanne nek-, gesig-, arm- en beenspiere wat die 'liggaamshouding' grotesk en manlik laat voorkom en die *onvroulike* 'liggaamshouding' belig. Die vektore plaas ook klem op die gesigspiere, hand en ooglyn, wat die idee van fokus en 'n *gedetermineerde* 'gesigsuitdrukking' uitlig. Die ideasionele en interpersoonlike dimensies (perspektief, aansig, figuurprominensie, figuurkomposisie en foto-uitleg) ondersteun ook die kategorisering ten volle. Die gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat die vektore en ideasionele en interpersoonlike dimensies bepalende rolle gespeel het in die diskoersanalitiese identifisering van stereotipering as HOMOSEKSUEEL en dat die vraelysondersoek die bruikbaarheid van die diskoersanalise-instrumente bevestig het.

Verloorder




Fig. 6.15 Foto 11: Mees verteenwoordigend van konstrukdimensie VERLOORDER

Die statistiese analise het aangetoon dat foto 11 (die uitbeelding van langafstandatleet Reiko Tosa) die mees verteenwoordigende voorbeeld van die konstrukdimensie VERLOORDER is. Die konstrukeienskap 'liggaamsbou' het die grootste invloed gehad op die identifisering van die konstrukdimensie. In die kwalitatiewe analise is emosionele en statiese vektore gebruik om aan te toon dat 'liggaamsbou' en 'liggaamshouding' 'n invloed gehad het op die kategorisering. Die statiese vektore het die klem geplaas op die passiewe 'liggaamshouding', deurdat sportaksie onderdruk word en die atletiese 'liggaamshouding' in kontras staan met emosie en passiwiteit. Die perspektief, aansig, figuurprominensie, figuurkomposisie, asook foto-uitleg as ideasionele en interpersoonlike dimensies van die diskoersanalise het die stereotipering

uitgewys. Die gevolgtrekking wat gemaak kan word is dat veral die vektore, maar ook die ideasionale en interpersoonlike dimensies, bepalend was in die uitbeelding van die sportvrou as VERLOORDER en dat die vraelysondersoek die diskoersanalise bevestig het.

Model



Fig. 6.5: Foto 9 wat die konstrukdimensie MODEL verteenwoordig

Volgens die vraelysondersoek is die tennisspeler Maria Sharapova deur die respondente as MODEL geklassifiseer (foto 9). 'Kleredrag' het die grootste invloed gehad op die kategorisering. Volgens die kwalitatiewe ondersoek was dit veral die reaksie- en statiese vektore wat die konstrukeienskappe 'liggaamsbou', 'kleredrag', 'liggaamshouding' en 'gesigsuitdrukking' en die konstrukdimensie ondersteun het. Die nie-sportiewe 'kleredrag' is deur die vektore, wat na die modeskoene verwys, benadruk. Die perspektief, aansig, voor- en agtergrondprominensie, figuurkomposisie en foto-uitleg het ook die konstrukdimensie ten volle ondersteun. Die gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat die vektore asook die ideasionale en interpersoonlike dimensies bepalend was in die diskoersanalise en die totstandkoming van die stereotiperende konstrukdimensie VERLOORDER. Die respondente het die stereotipering in die vraelysondersoek bevestig.

Seksobjek



Fig. 6.6: Foto 12 wat die konstrukdimensie SEKSOBJEK verteenwoordig

Uit die vraelysondersoek is bevind dat foto 12 (die uitbeelding van die gimnas Andreea Grigore) nie deur respondente as SEKSOBJEK geïdentifiseer is nie. Foto 12 is op grond van die diskoersanalise en die aanwesigheid van sensuele vektore wel as verteenwoordigend van die konstrukdimensie SEKSOBEK beskou. Die vektore verplaas klem na die sportaksie en -toerusting, wat veral die sportvrou se 'gesigsuitdrukking' as ongefokus laat vertoon. Die oop mond en ooglyn wat verwyder is van die sportaksie bring sensualiteit in die 'gesigsuitdrukking' teweeg. As gevolg van die diskrepansie tussen die diskoersanalise en die response in die vraelysondersoek kan die gevolgtrekking gemaak word dat analise op grond van vektore alleen nie altyd voldoende is om stereotiperings te identifiseer of bevestig nie.

6.6.2 Die positief stereotiperende dimensie

Atleties



Fig. 6.16 Foto 13: Mees verteenwoordigend van konstrukdimensie ATLETIES

In die kwantitatiewe studie is bevind dat Foto 13, die uitbeelding van die tennisspeler Maria Sharapova, as mees verteenwoordigend van die konstrukdimensie ATLETIES beskou kan word, met 'gesigsuitdrukking' as bepalende konstrukeienskap. Die *gedetermineerde* 'gesigsuitdrukking' beklemtoon die sportaksie, deurdat die vektore vanaf die ooglyn die aandag op die tennisbal rig. Die perspektief (van-bo-na-onder), aansig (skuinsaansig), figuurkomposisie (links in die foto-raam) en foto-uitleg (linkerkantste bladsy) het egter nie die 'positiewe stereotipering' ondersteun nie. Die voor- en agtergronddimensie, naamlik suiwer figuurprominensie, het wel die diskoersanalise ondersteun. Die gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat die vektore en prominensie van die figuur as subjek die vraelysondersoek en die bruikbaarheid van die visuele grammatika (as analise-instrument) bevestig.

6.6.3 Opsommend

Die bruikbaarheid van die visuele grammatika van Kress en Van Leeuwen as diskoersanalitiese instrument in die toets van negatiewe stereotipering van sportvroue was in gemiddeld 70% van die gevalle geslaagd. Die visuele grammatika is 'n effektiewe analise-instrument vir die identifisering van genderrolstereotipering in visuele sportdiskoers. Die vraelysondersoek het bevestig dat vektoranalise die mees betroubare metode vir die vasstel van die konstrukdimensies en dus van die identifisering van die negatiewe (en positiewe) stereotipering van sportvroue is. Die visueel semiotiese dimensies, insluitende **perspektief, aansig, voor- en agtergrondprominensie, figuurkomposisie en foto-uitleg** blyk egter ook belangrike voorspellers van stereotipering te wees in die gevalle waar die sportvrou negatief stereotiperend as HOMOSEKSUEEL, VERLOORDER of MODEL uitgebeeld word.

HOOFSTUK 7: Slot

7.1 Inleiding

Die hoofdoel van die studie was om die visuele uitbeelding van sportvroue in die Suid-Afrikaanse tydskrifmedia, spesifiek die sporttydskrif *SA Sports Illustrated*, te ondersoek, asook die moontlike genderrolstereotipering wat daardeur bevestig word, sistematies te beskryf. Verder wou die navorser 'n betroubare metode vind waarmee genderrolstereotipering in visuele uitbeeldings van sportvroue voorspel kan word. Die aard en intensiteit van gendersubjektiviteit in visuele afbeeldings van sportvroue in *SA Sports Illustrated* is bepaal deur beide 'n Kritiese Diskoersanalise met behulp van die visuele grammatika en die sosio-semiotiese benadering van Kress en Van Leeuwen, asook 'n meningsopname wat sportmans en sportvroue se persepsies oor stereotipering getoets het. Die resultate van die diskoersanalise en die resultate van die meningsopname is gebruik om gevolgtrekkings te maak oor die diagnostiese waarde van die visuele grammatika as meetinstrument vir negatiewe stereotipering van sportvroue. Die gevolgtrekkings van die kritiese analise en vraelysondersoek sal kortliks in hierdie hoofstuk opgesom word.

7.2 Opsomming van gevolgtrekkings

Op grond van die visuele grammatika is die foto's geïdentifiseer wat die sportvrou enersyds as positief en andersyds as negatief stereotipeer. Slegs 13 volbladfoto's van sportvrouens is tussen Januarie 2002 en Januarie 2008 in *SA Sports Illustrated* gepubliseer en in die datakorpus ingesluit. Die foto's wat sportvroue as prototipes (positief stereotiperend) uitbeeld, is onder die konstrukdimensie ATLETIES gekategoriseer. Vyf uit die 13 foto's het in hierdie kategorie geval en is hoofsaaklik as gevolg van die teenwoordigheid van aksievektore, wat die klem op sportaksie plaas, as prototipes van hierdie dimensie beskou. Die ander agt foto's is ook op grond van hoofsaaklik vektoranalise as negatief stereotiperend gekategoriseer en is onder die konstrukdimensies HOMOSEKSUEEL, VERLOORDER, MODEL en SEKSOBJEK

geklassifiseer. In die geval van die HOMOSEKSUELE uitbeelding was die sensuele aksievektore oorheersend. Die konstrukdimensie VERLOORDER is op grond van die sensuele en emosionele vektore, asook statiese vektore bepaal. Die groot aantal reaksie- en statiese vektore het aanleiding gegee tot die konstrukdimensie MODEL. Die aanwesigheid van sensuele vektore in die sportvrou se gesigsuitdrukking het haar as SEKSOBJEK gekategoriseer. Die visueel grammatikale elemente **perspektief, aansig, voor- en agtergrondprominensie, figuurkomposisie en uitleg** het ook 'n bepalende rol gespeel in die konstruksie van stereotipiese dimensies. Die toekenning van die konstrukeienskappe 'liggaamsbou', 'kleredrag', 'liggaamshouding' en 'gesigsuitdrukking' is verder afgebreek in die eienskappe van visuele subjektiwiteit en is in die vraelysondersoek gebruik om die navorser se persepsies rondom die visuele genderrolstereotipering en die bruikbaarheid van Kress en Van Leeuwen se visuele grammatika vir die identifisering van stereotipering te toets.

'n Oorsiggraffiek (Figuur 6.1) het aangedui dat die navorser se kategorisering van die konstrukdimensies op grond van die diskoersanalise in 92.3% van die gevalle (12 uit die 13 foto's) ooreenstem met die respondente se kategorisering. Slegs foto 12, wat die sportvrou as SEKSOBJEK voorgestel het, was teenstrydig met die diskoersanalise. Die konstrukeienskappe is ook getoets en ten spyte van die lae persentasie ondersteuning van die dimensie SEKSOBJEK het die respondente steeds in meer as tweederdes van die gevalle (69%), saamgestem met die navorser se kategorisering van die konstrukeienskappe. Die konstrukeienskap 'liggaamsbou' het die grootste invloed gehad op die uitbeelding van die sportvrou as negatief stereotiperend, gevolg deur die manier waarop haar 'kleredrag' vasgelê. 'Liggaamshouding' en 'liggaamsbou' het ook 'n beduidende invloed gehad, soos blyk uit die feit dat response gemiddeld ver bo 50% was. Slegs die konstrukeienskappe 'liggaamshouding' en 'gesigsuitdrukking' was ter sprake in die toets van die konstrukdimensie SEKSOBJEK. Die positiewe stereotipering van die sportvrou as ATLETIES is deur

gemiddeld 73% van die respondente ondersteun. Die konstrukeienskappe het dus geblyk geldig te wees in die bepaling van die respondente se persepsies oor stereotipering. Die enkele teenstrydighede tussen die diskoersanalise en die resultate van die vraelysondersoek is deur die invloed van geslag, vlak van deelname en sportsoort van die respondente gedeeltelik verklaar.

As die resultate van die diskoersanalise en die meningsopname met mekaar in verband gebring word, word die voorspellende waarde van die visuele grammatika as diagnostiese instrument vir negatiewe stereotipering van sportvroue bevestig. Die visuele grammatika van Kress en Van Leeuwen kan dus as betroubare diskoersanalitiese instrument beskou word in die uitwys van negatiewe stereotipering van sportvroue, deurdat 70% van die gevalle ooreengestem het met die response van die sportstudente. Die vraelysondersoek het aangetoon dat veral vektoranalise 'n besonder bruikbare grammatikale analise-instrument is vir die vasstel van die konstrukdimensies en dus vir die identifisering van die negatiewe (en positiewe) stereotipering van sportvroue. Ter aanvulling blyk **perspektief, aansig, voor- en agtergrondprominsie, figuurkomposisie** en **foto-uitleg** belangrike voorspellers van stereotipering te wees in die gevalle waar die sportvrou as HOMOSEKSUEEL, VERLOORDER en MODEL uitgebeeld word.

7.3 Beperkings en tekortkominge

In sommige vrae binne die vraelys, is die polariteit van die skale na die opstel van die vraelys ter wille van statistiese verwerking omgeruil ten einde die stereotipiese uitbeelding (op grond van die kritiese analise) sistematies na die 'positiewe' pool te verskuif. Vraag 1.2 van die vraelys kan as voorbeeld gebruik word om die omruiling te verduidelik (Bylaag A). Die vraag ondersoek die *vroulikheid* van die uitgebeelde sportvrou ('Haar houding straal vroulikheid uit'). Die foto is deur die navorser as HOMOSEKSUEEL gekategoriseer en dus as stereotipies *onvroulik*. Die waardes van die likertskaal moet dus omgeruil word sodat 'stem volkome saam' na die negatiewe verskuif kan word.

Die omruiling het die proses van dataverwerking bemoeilik en moet verkieslik verhoed word in toekomstige studies. Hierbenewens moes sommige vrae wat in die vraelys opgeneem is buite berekening gelaat word, aangesien dit later geblyk het dat wat ter sprake is nie relevant is tot die betrokke foto en die konstrukdimensie wat getoets is nie. In die geval van die konstrukdimensie HOMOSEKSUEEL is daar 'n 2.5% verskil tussen die totaal vir die konstrukeienskappe onder die konstrukdimensie in die oorsiggrafiek (Figuur 6.1) en die persentasie response per geslag (Figuur 6.11). Hierdie verskil kan toegeskryf word aan afronding van persentasiewaardes.

7.4 Aanbevelings en toepassing

Daar word aanbeveel in toekomstige navorsing dat die visuele grammatika van Kress en Van Leeuwen meer omvattend en uitgebreid toegepas word. In hierdie studie het die diskoersanalise hoofsaaklik op **vektoranalise** berus om die stereotipiese konstrukdimensies en eienskappe van visuele subjektiwiteit te identifiseer. Die ander grammatikale elemente insluitende **perspektief, aansig, voor- en agtergrondprominensie, figuurkomposisie** en **uitleg**, behoort in toekomstige studies ook krities oorweeg te word om sodoende 'n meer genuanseerde matriks vir kritiese evaluering van visuele uitbeeldings saam te stel. Die studie kan ook gerepliseer word onder professionele atlete as respondentegroep.

In 'n poging om die huidige situasie in terme van die uitbeelding van sportvroue in die media, spesifiek *SA Sports Illustrated*, te probeer verander, het die navorser ten slotte die volgende lesersbrief aan die redaksie van SASI gerig.

Posbus 73064
Lynnwoodrif
0040
Pretoria

2 Januarie 2010

Die Redakteur
SA Sports Illustrated

Hoewel ek groot waardering het vir tydskrifte wat hulle toespits op mediadekking van sport en sportpresteerders in Suid-Afrika, is ek opreg bekommerd oor die manier waarop sportvroue in u tydskrif voorgestel word, en die skadelike sosiale en sielkundige invloed wat dit op sportvroue het.

Ter inleiding iets oor my agtergrond: Ek het 'n BA-graad in joernalistiek asook 'n honneursgraad in Toegepaste Linguistiek, en is tans as voltydse sportorganiseerder en -afrigter verbonde aan 'n toonaangewende meisieskool in Pretoria. Daarbenewens is ek self 'n kompeterende 800 m-atleet. U kan dus aanvaar dat die mening wat ek in hierdie brief uitspreek op my professionele ervaring berus, en nie op ideologiese vooroordele of die soeke na sensasie nie.

Die hoofstandpunt wat ek inneem, is dat sowel ek as die atlete wat deur my afgerig word, op 'n daaglikse basis gekonfronteer met visuele materiaal (veral beeldmateriaal) wat teenstrydig is met hoe sportvroue hulleself voorstel of graag voorgestel wil wees. Sportvroue sien hulleself as *doelgerig, emosioneel standvastig, gedissiplineerd en gedetermineerd om sukses te behaal*, terwyl die teenoorgestelde indruk geskep word in die media, insluitend SASI.

Ek begryp dat bepaalde stereotipiese uitbeeldings van vroue (op grond van die kleredrag en liggaamshouding waarin die vroue 'poseer', die gesigsuitrukkings wat hulle op foto's vertoon, en die mate waarin hulle gespierd vertoon) in lyn is met hoe die (hoofsaaklik manlike) lesers van SASI sportvroue graag wil sien. Hierdie soort voorstellings is egter moreel en eties aanvegbaar, deurdat dit onder andere die sogenaamde 'skoonheidsmite' in die media versterk en sportvroue as fotomodelle, seksobjekte, verloorders en lesbiërs uitbeeld. Negatiewe gesondheids- en sielkundige probleme, insluitende eetversteurings en onderprestasie op die sportveld, is van die negatiewe gevolge wat stereotipering vir die sportvroue mag inhou.

Indien u nog nie oortuig is van die geldigheid van my standpunt nie, staaf ek dit graag op grond van deeglik nagevorste feite. Vir my meestersgraadverhandeling het ek met behulp van 'n ewekansige steekproef 13 volbladfoto's van sportvroue in SASI se fotoafdeling tussen Januarie 2002 en Januarie 2008 geïdentifiseer en ontleed met behulp van 'n Kritiese Diskoersanalise. Teoreties is my werk hoofsaaklik gebaseer op die werk van Gunther Kress en Theo van Leeuwen, eksperts op die gebied van multimodaliteit in die media. Hierbenewens is 'n vraelysondersoek onder 98 eerstejaar-universiteitstudente aan die Universiteit van Pretoria gedoen om die geldigheid van my eie analyses te bevestig of te weerlê. Die kritiese analise en die vraelys het veral gefokus op die sportvroue se liggaamshouding, liggaamsbou, kleredrag en gesigsuitdrukking.

Die navorsing het bevind dat sportvroue steeds nie as 'atleties' uitgebeeld word nie. Hierdeur word bedoel dat hulle vir ander eienskappe as vir hul sporttalent mediablootstelling en -erkenning verwerf. Volgens die studente wat aan die vraelysondersoek deelgeneem het, het liggaamsbou (77.4%) die grootste invloed gehad op negatiewe stereotipering. Daarnaas het kleredrag (75%), liggaamhouding (61%) en gesigsuitdrukking (60.5%), ook 'n beduidende invloed gehad op die stereotipiese kategorie waarin die foto die sportvrou geplaas het. Die sportstudente se oordeel het in 69% van die gevalle ooreengestem met my kategorisering op grond van die diskoersanalise.

As toonaangewende, tweetalige Suid-Afrikaanse tydskrif, wat oor 'n wye verskeidenheid sportsoorte verslag doen, het *SA Sports Illustrated* na my mening 'n belangrike etiese verantwoordelikheid met betrekking tot die uitbeelding van sportvroue in die media. Gegronde op my bevindinge en die skadelike gevolge wat genderrolstereotipering vir sportvroue inhou, beveel ek sterk aan dat sportfotograwe en die redaksie van *SASI* 'n teoreties gefundeerde matriks sal gebruik om die visuele subjektiwiteit in die uitbeeldings van sportvroue te identifiseer en te elimineer. Om hierdie doel te bereik, stel ek graag my model tot die beskikking van sportfotograwe en -joernaliste van die *SASI*. Deur 'n aantal basiese kriteria aan te lê ten opsigte van die gebruik van vektore, perspektief, voor- en agtergrondprominensie, figuurkomposisie en bladuitleg, kan negatiewe stereotipering verminder word, en kan *SASI* sy regmatige rol speel in die bevordering van sport as 'n professie in Suid-Afrika, eerder as om professionele sport te verlaag tot 'opium vir die massas'.

Saam met ander professionele sportvroue in Suid-Afrika sien ek daarna uit om 'n veranderde redaksionele beleid in die fotografiese uitbeelding van sportvroue en vrouesport in toekomstige uitgawes van *SA Sports Illustrated* weerspieël te sien!

Die uwe



Me. M. Brandt

Die brief is op 28 Februarie aan die Redakteur van *SA Sports Illustrated* gestuur.

VERWYSINGS

- ASC.** 2007. *Body image and participation in sports*. Beskikbaar:
www.activeaustralia.org/women/image.htm [besoek: 4 Maart 2007].
- Babbie, E. & Mouton, J.** 2003. *The practice of social research*. Oxford: Oxford University Press.
- Barthes, R.** 1977. *Image-music-text*. Opstelle saamgestel en vertaal deur Stephen Heath. Groot Brittanje: Fontana.
- Bell, P.** 2001. *Content analysis of visual images*. In: Van Leeuwen, T & Jewitt, C. *Handbook of visual analysis*. Londen: Sage, pp. 10-34.
- Boutilier, M. & SanGiovanni, L.** 1983. *The sporting woman*. Champaign, Illinois: Human Kinetics.
- Brandt, M. & Carstens, A.** 2005. The discourse of the male gaze. A critical analysis of the feature section 'The beauty of sport' in SA Sports Illustrated. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 23(3):233-243.
- Brown, J.D.** 2004. Research methods for applied linguistics: Scope, characteristics and standards. In: Davis, A. & Elder, C. 2004. *The Handbook of Applied Linguistics*. VSA: Blackwell, pp. 476-500.
- Caldas-Coulthard, C.R. & Coulthard, M.** 1996. *Text and practices: Readings in Critical Discourse Analysis*. Londen: Routledge.
- Cameron, D.** 2002. Performing gender identity. Young men's talk and the construction of heterosexual masculinity. In: Toolan 2002. *Critical Discourse Analysis. Critical concepts in linguistics*. Londen: Routledge. pp. 134-161.
- Carstens, A.** 2004. *Critical Discourse Analysis*. Klasaantekeninge. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Cavender, L.** 2003. *You've come a long way, baby: Language in sport. Can women compete?* Beskikbaar: www.gnovis.georgetown.edu [besoek: 13 Maart 2006].
- Centre for gender equality.** 2006. *Sport, media and stereotypes, women and men in sports and media*. Beskikbaar:
www.jafnretti.is/gogn/ymis/sms_summary_report.pdf [besoek: 20 Oktober 2006].

- Chilton, P.A.** 2005. Missing links in mainstream CDA: Modules, blends and the critical instinct. In: Wodak, R. & Chilton, P.A. *A New Agenda in (critical) Discourse Analysis: Theory, methodology and interdisciplinary*. Amsterdam: John Benjamins. pp. 19-52.
- Coakley, J.J.** 1994. *Sport in society. Issues and controversies*. St Louis: Mosy-Year.
- Coakley, J.J.** 1998. *Sport in society. Issues and controversies*. Singapoer: McGraw-Hill.
- Coakley, J.J.** 2003. *Sport in society. Issues and controversies*. New York: McGraw-Hill.
- Creedon, P.J.** 1994. *Women, media & sport. Challenging gender values*. Londen: Sage.
- Cross, J.L.** 2006. Icons as ideology. A media construction. In: Lassen, I., Strunck, J. & Vestergaard, T. *Mediating ideology in text and image. Ten critical studies*. Amsterdam: John Benjamins. pp. 173-193.
- Deaux, K. & Kite, M.** 1993. *Gender stereotypes in psychology of women: A handbook of issues & theories*. Londen: Greenwood.
- Duncan, M.C., Messner, M.A. & Williams, L.** 1991. *Coverage of women's sports in four daily newspapers*. Beskikbaar: www.aafla.org/9arr/ResearchReports/ResearchReport1_.htm [besoek 20 September 2006].
- Duncan, M.C. & Sayaovong, A.** 1990. Photographic images and gender in *Sports Illustrated for Kids*. *Play & Culture*, 3(2):91-116.
- Fairclough, N.** 1995. *Analysing discourse. Textual analysis for social research*. Londen: Routledge.
- Fairclough, N.** 2003. *Analysing discourse*. Londen: Routledge.
- Fairclough, N.** 2001. *The dialectics of discourse*. Beskikbaar: www.ling.lancs.ac.uk/profiles/Norman-Fairclough [besoek: 16 November 2009].
- Fairclough, N.** 2004. *Critical Discourse Analysis*. Beskikbaar: www.ling.lancs.ac.uk/staff/norman/paper5.doc [besoek: 18 Desember 2004].

- Fairclough, N. & Wodak, R.** 1997. Critical Discourse Analysis. In: *Discourse as structure and process. Discourse Studies: a multidisciplinary introduction*. Londen: Sage. pp. 258-284.
- Fei, V. L.** 2004. Systemic-Functional perspectives. In: O'Halloran, K.L. *Multimodal Discourse Analysis*. Londen: Continuum. pp. 220-276.
- Fink, J.S. & Kensicki, L.J.** 2002. *An imperceptible difference: Visual and contextual constructions of femininity in Sports Illustrated and Sports Illustrated Women*. Beskikbaar: www.leaonline.com [besoek: 24 Oktober 2006].
- Fowler, R.** 1996. *On critical linguistics*. In: Caldas-Coulthard, C.R. & Coulthard, M. *Text and Practices: Readings in Critical Discourse Analysis*. Londen: Routledge. pp. 84-104.
- Freedman, J. & Combs, G.** 1996. *Narrative therapy*. New York: W.W. Norton.
- Fried-Buchalter, S.** 1997. *Fear of success, fear of failure*. Beskikbaar: http://findarticles.com/p/articles/mi_m2294/is_n11-12_v37/ai_20391897 [besoek: 23 Oktober 2006].
- Global study.** 2006. *Beyond stereotypes: Rebuilding the foundation of beauty beliefs*. Beskikbaar: www.campaignforrealbeauty.com [besoek: 4 April 2007].
- Gouws, T. & Snyman, M.** 1995. *Om beter te kan sien. 'n Gids tot visuele geletterdheid*. Pretoria: J.P van der Walt.
- Halliday, M.A.K.** 1978. *Language as social semiotic*. Londen: Edward Arnold.
- Halliday, M.A.K.** 1985. *An introduction to Functional Grammar*. Londen: Edward Arnold.
- Hanson, L.** 2004. *Athletic participation and its effect on the eating behaviors of college women*. Beskikbaar: <http://etdindividuals.dlib.vt.edu:9090/archive/00000103/01/thesis.all.sections.pdf> [besoek: 10 Oktober 2006].
- Hargreave, J.** 1994. *Sporting females, critical issues in the history and sociology of women's sports*. Londen: Routledge.

- Hargreave, J.** 1997. Women's sport, development, and cultural diversity: The South African experience. *Women's International Forum* 20(2):191-209. VSA: Elsevier Science.
- Hart, C. & Lukes, D.** 2007. *Cognitive Linguistics in Critical Discourse Analysis. Analysis application and theory.* Newcastle: Cambridge Scholars Publishing. Besikbaar: www.c-s-p.org [besoek: 16 Desember 2008].
- Hodge, R. & Kress, G.** 1988. *Social Semiotics.* Cambridge: Blackwell.
- Houlihan, B.** 2003. *Sport and society.* Londen: Sage.
- Huckin, T.N.** 2004. *Social approaches to Critical Discourse Analysis.* Besikbaar: http://exchanges.state.gov/education/engteaching/pubs/BR/functionalsec3_6.htm [besoek: 4 Oktober 2004].
- Jarvis, M.** 2006. *Sports Psychology. A student's handbook.* Londen & New York: Routledge.
- Jaworski, A. & Coupland, N.** 1999. Perspectives on Discourse Analysis. *The Discourse reader.* Londen: Routledge.
- Korzilius, H.** 2000. *De kern van survey-onderzoek.* Assen: Van Gorcum.
- Kane, M. J.** 1996. *Media coverage of the post Title IX female athlete: A feminist analysis of sport, gender and power.* Besikbaar: www.law.duke.edu/journals/djglp/homepage/djgv3a3.htm [besoek: 4 November 2006].
- Kane, M. J.** 2005. *Tucker centre for research on girls and women in sport. Tucker Spring News.* Besikbaar: www.tuckercentre.com [besoek: Julie 2007].
- Kress, G.** 2003. *Literacy in the new media age. Literacy and multimodality.* New York: Routledge.
- Kress, G. & Van Leeuwen, T.** 1996. *Reading images: the grammar of visual design.* Londen: Routledge.
- Kress, G. & Van Leeuwen, T.** 2001. *Multimodal Discourse: The modes and media of contemporary communication.* Londen: Arnold.
- Leunes, A. & Nation, J.** 2002. *Sports Psychology.* VSA: Wadsworth.

- McGinnis, L., Chun, S. & McQuillan, J.** 2003. *A review of gendered consumption in sport and leisure. Academy of marketing science review.*
Beskikbaar: <http://www.amsreview.org> [besoek: 5 September 2004].
- McLoughlin, L.** 2000. *The language of magazines.* Londen: Routledge.
- Miller, S.H.** 1975. The content of news photos: Women's and men's roles. *Journalism Quarterly* 52(1), 70-75. New York: Macmillan.
- Murphy, S.** 1995. *Sport psychology interventions.* VSA: Human Kinetics.
- Naspers.** 2006. *Sirkulasiesyfers.* Beskikbaar:
<http://www.naspers.com/english/print.asp> [besoek 24 Oktober 2006].
- Oglesby, C.A.** 1978. *Women and sport: from myth to reality.* Philadelphia: Lea & Febiger.
- Philo, G.** 2007. Can Discourse Analysis successfully explain the content of media and journalism practice? *Journal for Journalism studies.* 8(2): 175-196. Londen: Francis & Taylor.
- Promotion Network News Online.** 1999. Beskikbaar:
www.promotionplus.org/Images/Forms/ArchiveNewsletters/99_summer.htm
[besoek: 4 Maart 2007].
- Reid, L.N. & Soley, L.C.** 1979. Sports Illustrated's coverage of women in sports. *Journalism Quarterly*, 56(4), 861-863. In: Duncan, M.C., Messner, M.C., Williams, L. Beskikbaar: www.la84foundation.org [besoek: 13 November 2009].
- Renkema, J.** 2004. *Introduction to discourse studies.* Amsterdam: John Benjamins.
- SA Sports Illustrated.** *Photobooth.* Feb. 2004, Maart 2004, Julie 2004, Okt. 2004, Nov. 2004, Des. 2005.
- SA Sports Illustrated.** *Leading Off.* Okt. 2006, Nov. 2006, Julie 2007, Nov. 2007, Jan. 2008.
- Schneider, A.J.** 2000. On the definition of women in the sport context. In: Tamburrini, C. *Values in sport: elitism, nationalism, gender equality and the scientific manufacturing of winners (Ethics in sport).* New York: E & FN Spon. pp. 123-126.


- Schnell, L.A.** 2006. *Women's sport foundation: (Dis)empowering images? Mediarepresentations of women in sport*. Beskikbaar: www.womenssportsfoundation.org [besoek: 20 September 2006].
- Shogan, D.** 1988. *Inequality in sport and the logic of gender*. In: Galasso, P.J. *Philosophy of sport and physical activity*. Toronto: Canadian Scholars Press.
- SRSA: Suid Afrikaanse Sport en rekreasie webblad.** 2006. Beskikbaar: www.srsa.gov.za [besoek: 20 September 2006].
- Song, Y.** 2005. The complementary relation between pragmatics and systemic functional grammar. *US-China Foreign Language*, 3 (11): 29-35.
- Sonesson, G.** 2006a. *An essay concerning images*. Beskikbaar: www.arthist.lu.se [besoek: 8 November 2006].
- Sonesson, G.** 2006b. *Post photography and beyond*. Beskikbaar: www.arthist.lu.se [besoek: 8 November 2006].
- Sturken, M. & Cartwright, L.** 2001. *Practices of looking. An introduction to visual culture*. New York: Oxford.
- Szabo, A.** 2001. *Men versus women in the sports media: Fair Play?* Beskikbaar: <http://science.ntu.ac.uk/sportpsyc/fairplay.htm> [besoek: 5 September 2005].
- Tannsjo, T. & Tamburrini, T.** 2000. *Values of sport. Elitism, Nationalism, Gender equality and the scientific manufacture of winners*. Londen: E & FN Spon.
- Titel IX.** 1972. Beskikbaar: www.justice.gov/crt/cor/coord/titleix.php [besoek: 16 November 2009].
- Titscher, S., Michael, M., Wodak, R. & Vetter, E.** 2000. *Methods of text and Discourse Analysis*. Londen: Sage.
- Toolan, M.** 1997. What is Critical Discourse Analysis and why are people saying such terrible things about it? In: Toolan, M. *Critical Discourse Analysis. Critical concepts in linguistics*. Londen: Routledge.
- Van Dijk, T.A.** 1993: *Discourse and society*. Londen: Sage.

- Van Dijk, T.A.** 1997a. The study of discourse. In: *Van Dijk, T. Discourse as structure and process. Discourse studies: a multidisciplinary introduction*. Londen: Sage. pp. 1-34.
- Van Dijk, T.A.** 1997b. Discourse and interaction in society. In: *Discourse as social interaction. Discourse Studies: a multidisciplinary introduction*. Londen: Sage. pp. 1-37.
- Van Dijk, T.A.** 2004: *Ideology and Discourse Analysis*. Beskikbaar: www.discourse-in-society.org [besoek: 12 April 2006].
- Van Dijk, T.A.** 2005. *Contextual knowledge management in discourse production. A CDA perspective*. In: *A new agenda in (Critical) Discourse Analysis*. Wodak, R & Chilton, P.A. (reds.). Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.
- Van Leeuwen, T.** 2001. *Semiotics and iconography*. In: Van Leeuwen, T & Jewitt, C. *Handbook of visual analysis*. Londen: Sage. pp. 92-118.
- Van Leeuwen, T.** 2005. *Three models of interdisciplinarity*. In: *A new agenda in Critical Discourse Analysis*. Wodak, R & Chilton, P.A. (reds.). Amsterdam: John Benjamins.
- Van Leeuwen, T.** 2005. *Introducing Social Semiotics*. Londen: Routledge.
- Van Leeuwen, T. & Jewitt, C.** 2001. *Handbook of visual analysis*. Londen: Sage.
- Van Zoonen, L.** 1994. *Feminist media studies*. Londen: Sage.
- Weiss, G. & Wodak, R.** 2003. *Critical Discourse Analysis. Theory and interdisciplinarity*. New York: Macmillan.
- Wenner, L.A.** 1998. *Media Sport*. Londen: Routledge.
- Wodak, R. & Meyer, M.** 2001. *Methods of Critical Discourse Analysis*. Londen: Sage.
- Wodak, R.** 2006. Images in/and news in a globalised world: Introductory thoughts. In: *Mediating ideology in text and image: Ten critical studies*. Nederland, VSA: John Benjamins.
- Widdowson, H.G.** 1996. Reply to Fairclough. Discourse and interpretation: conjectures and refutations. In: Toolan. *Critical Discourse Analysis. Critical concepts in linguistics*. Londen: Routledge.

Young, L. & Harrison, C. 2004. *Systemic functional linguistics and Critical Discourse Analysis. Studies in social change.* Londen & New York: Continuum.

Yurdaisik, A. 2005. *Visual semiotics and interpretation.* Besikbaar: www.chass.toronto.edu [besoek: 10 November 2006].

BYLAAG A: Voorbeeld van die vraelys



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Faculty of Humanities

Mandie Brandt
Email: mandiebrandt@yahoo.com

6 Oktober 2008

Geagte respondent

INGELIGTE TOESTEMMINGSBRIEF: DEELNAME AAN 'N VRAELYSONDERSOEK

Ek is tans geregistreer vir 'n Meestersgraad in Toegepaste Taalstudie en my navorsingstitel is 'n *Kritiese analise van die visuele diskoers oor gender in SA Sports Illustrated*. My navorsing fokus deels op studente wat aan sport deelneem se persepsies ten opsigte van die visuele representasie van sportvroue in dié bepaalde tydskrif.

In die vraelys is 13 foto's van sportvroue ingesluit. By elke foto word 'n aantal stellings gemaak oor hoe die bepaalde sportvrou in die tydskrif uitgebeeld word. U moet asseblief by elke vraag aandui in watter mate u met die stelling saamstem.

U word uitgenooi om 'n vraelys te voltooi wat betrekking het op hierdie ondersoek. Daar is geen risiko's verbonde aan die studie nie. Deelname is vrywillig en u mag op enige stadium van die studie onttrek, sonder enige negatiewe gevolge. Die inligting sal vernietig word, sou u besluit om u deelname aan die ondersoek te staak.

Alle data wat ingesamel word, word as konfidensieel beskou en is anoniem. Slegs die navorser (ondergetekende), die studieleier (Prof. Adelia Carstens), en die statistici wat betrokke is by die prosessering van die gekodeerde resultate, sal toegang verleen word tot die data. Volgens Internasionale riglyne sal die data vir 10 jaar geberg word, waarna dit permanent vernietig sal word.

Brandt

.....
Mandie Brandt (navorser)

.....
Respondent

Carstens

.....
Prof. Adelia Carstens (studieleier)

.....
Datum



VRAELYS: DIE REPRESENTASIE VAN SPORTSOORTE IN SA SPORTS ILLUSTRATED

Respondentnommer

V1 1

Beantwoord elke stelling deur 'n syfer van u keuse in die grys blokkie te omring. Onthou daar is geen "regte" of "verkeerde" antwoord nie. U persepsie is van belang.

1. Watter **een** van die volgende is u **primêre sportsoort**?

Tennis	1
Swem	2
Atletiek	3
Gimnastiek	4
Rugby	5
Krieket	6
Sokker	7
Ander (spesifiseer):	

V2 4

2. Wat is die **doel** van u **sportbeoefening**? (Kies **slegs een** antwoord)

Kompeterend deelneem	1
Rekreasie	2
Onderwys	3
Afrigting	4
Konsultasie	5
Ander (spesifiseer):	

V3 6

3. Hoe **oud** is u?

--

V4 8

4. Wat is u **geslag**?

Vroulik	1
Manlik	2

V5 10

FOTO 1



Stelling		Stem volkome saam	Stem gedeeltelik saam	Verskil gedeeltelik	Verskil algeheel
<i>Die sportvrou in geel word uitgebeeld as iemand wat die volgende eienskappe besit:</i>					
1.1	Sy lyk oormatig gespierd.	4	3	2	1
1.2	Haar houding straal vroulikheid uit.	4	3	2	1
1.3	Haar liggaamstaal is aggressief.	4	3	2	1
1.4	Sy word met 'n aktiewe houding uitgebeeld.	4	3	2	1
1.5	Haar liggaamstaal straal arrogansie uit.	4	3	2	1

V6		11
V7		12
V8		13
V9		14
V10		15

FOTO 2



Stelling		Stem volkome saam	Stem gedeeltelik saam	Verskil gedeeltelik	Verskil algeheel
<i>Die sportvrou word uitgebeeld as iemand wat die volgende eienskappe besit:</i>					
2.1	Sy vertoon 'n atletiese bou.	4	3	2	1
2.2	Sy word in sportiewe drag uitgebeeld.	4	3	2	1
2.3	Haar liggaamstaal is sportief .	4	3	2	1
2.4	Haar houding straal vroulikheid uit.	4	3	2	1
2.5	Haar gesigsuitdrukking lyk gedetermineerd .	4	3	2	1

V11		16
V12		17
V13		18
V14		19
V15		20


FOTO 3



Stelling		Stem volkome saam	Stem gedeeltelik saam	Verskil gedeeltelik	Verskil algeheel
Die sportvrou word uitgebeeld as iemand wat die volgende eienskappe besit:					
3.1	Sy vertoon 'n oorontwikkelde liggaamsbou.	4	3	2	1
3.2	Haar liggaamshouding is sportief.	4	3	2	1
3.3	Haar liggaamstaal is aggressief.	4	3	2	1
3.4	Haar liggaamshouding is aktief.	4	3	2	1
3.5	Haar houding straal vroulikheid uit.	4	3	2	1

V16		21
V17		22
V18		23
V19		24
V20		25

FOTO 4



Stelling		Stem volkome saam	Stem gedeeltelik saam	Verskil gedeeltelik	Verskil algeheel
<i>Die sportvrou word uitgebeeld as iemand wat die volgende eienskappe besit:</i>					
4.1	Haar bou lyk soos dié van 'n loopplankmodel.	4	3	2	1
4.2	Haar liggaamshouding is sportief.	4	3	2	1
4.3	Sy vertoon passief .	4	3	2	1
4.4	Haar houding straal vroulikheid uit.	4	3	2	1

V21		26
V22		27
V23		28
V24		29

FOTO 5



Stelling		Stem volkome saam	Stem gedeeltelik saam	Verskil gedeeltelik	Verskil algeheel
<i>Die sportvrou word uitgebeeld as iemand wat die volgende eienskappe besit:</i>					
5.1	Sy word in sportiewe drag uitgebeeld.	4	3	2	1
5.2	Haar kleredrag lyk uitlokkend.	4	3	2	1
5.3	Haar kleredrag lyk vroulik.	4	3	2	1
5.4	Sy word in modedrag uitgebeeld.	4	3	2	1

V25		30
V26		31
V27		32
V28		33

FOTO 6



Stelling		Stem volkome saam	Stem gedeeltelik saam	Verskil gedeeltelik	Verskil algeheel
Die sportvrou in swart word uitgebeeld as iemand wat die volgende eienskappe besit:					
6.1	Sy vertoon 'n oorontwikkelde liggaamsbou.	4	3	2	1
6.2	Haar kleredrag lyk vroulik.	4	3	2	1
6.3	Haar liggaamstaal is aggressief.	4	3	2	1
6.4	Sy word met 'n aktiewe houding uitgebeeld.	4	3	2	1
6.5	Haar houding straal vroulikheid uit.	4	3	2	1
6.6	Volgens haar gesigsuitdrukking is sy doelgerig.	4	3	2	1

V29		34
V30		35
V31		36
V32		37
V33		38
V34		39



FOTO 7



Stelling		Stem volkome saam	Stem gedeeltelik saam	Verskil gedeeltelik	Verskil algeheel
<i>Die sportvrou word uitgebeeld as iemand wat die volgende eienskappe besit:</i>					
7.1	Haar houding is sportief.	4	3	2	1
7.2	Sy vertoon passief.	4	3	2	1
7.3	Haar lyf vertoon manlik.	4	3	2	1
7.4	Volgens haar gesigsuitdrukking is sy doelgerig.	4	3	2	1

V35		40
V36		41
V37		42
V38		43

FOTO 8



Stelling		Stem volkome saam	Stem gedeeltelik saam	Verskil gedeeltelik	Verskil algeheel
<i>Die sportvrou word uitgebeeld as iemand wat die volgende eienskappe besit:</i>					
8.1	Haar liggaamstaal is dié van 'n loopplankmodel.	4	3	2	1
8.2	Haar liggaamstaal is aggressief.	4	3	2	1
8.3	Haar liggaamstaal is verleidelik.	4	3	2	1
8.4	Volgens haar liggaamstaal is sy doelgerig.	4	3	2	1

V39		44
V40		45
V41		46
V42		47

FOTO 9



Stelling		Stem volkome saam	Stem gedeeltelik saam	Verskil gedeeltelik	Verskil algeheel
<i>Die sportvrou word uitgebeeld as iemand wat die volgende eienskappe besit:</i>					
9.1	Sy het die bou van 'n loopplankmodel.	4	3	2	1
9.2	Sy word in sportiewe drag uitgebeeld.	4	3	2	1
9.3	Haar houding is die van 'n loopplankmodel.	4	3	2	1
9.4	Haar liggaamstaal is verleidelik.	4	3	2	1
9.5	Haar gesigsuitdrukking is verleidelik.	4	3	2	1

V43		48
V44		49
V45		50
V46		51
V47		52


FOTO 10



Stelling		Stem volkome saam	Stem gedeeltelik saam	Verskil gedeeltelik	Verskil algeheel
<i>Die sportvrou word uitgebeeld as iemand wat die volgende eienskappe besit:</i>					
10.1	Sy word in sportiewe drag uitgebeeld.	4	3	2	1
10.2	Haar kleredrag lyk uitlokkend.	4	3	2	1
10.3	Sy word in modedrag uitgebeeld.	4	3	2	1

V48		53
V49		54
V50		55

FOTO 11



Stelling	Stem volkome saam	Stem gedeeltelik saam	Verskil gedeeltelik	Verskil algeheel
Die sportvrou word uitgebeeld as iemand wat die volgende eienskappe besit:				
11.1 Sy word as anoreksies uitgebeeld.	4	3	2	1
11.2 Haar gesigsuitdrukking verraaai dat sy doelgerig is.	4	3	2	1
11.3 Haar houding straal vroulikheid uit.	4	3	2	1
11.4 Sy word met 'n aktiewe houding uitgebeeld.	4	3	2	1
11.5 Haar liggaamstaal is aggressief .	4	3	2	1

V51		56
V52		57
V53		58
V54		59
V55		60

FOTO 12



Stelling		Stem volkome saam	Stem gedeeltelik saam	Verskil gedeeltelik	Verskil algeheel
<i>Die sportvrou word uitgebeeld as iemand wat die volgende eienskappe besit:</i>					
12.1	Haar gesigsuitdrukking verrai dat sy doelgerig is.	4	3	2	1
12.2	Haar gesigsuitdrukking is verleidelik .	4	3	2	1
12.3	Haar liggaamstaal is verleidelik .	4	3	2	1
12.4	Haar houding straal vroulikheid uit.	4	3	2	1

V56		61
V57		62
V58		63
V59		64



FOTO 13



Stelling	Stem volkome saam	Stem gedeeltelik saam	Verskil gedeeltelik	Verskil algeheel
<i>Die sportvrou word uitgebeeld as iemand wat die volgende eienskappe besit:</i>				
13.1 Haar houding is sportief.	4	3	2	1
13.2 Haar gesigsuitdrukking is gedetermineerd.	4	3	2	1
13.3 Haar liggaamstaal is aggressief.	4	3	2	1

V60		65
V61		66
V62		67

Dankie vir u tyd en samewerking